# TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION: INQUIRY - SECTION 29 - 19 NOVEMBER 1996

## QUESTIONS AND ANSWERS
## BRIG WILLEM FREDERICK SCHOON

**ADV GOOSEN:**
**Thank you very much Mr Chairperson**, Brigadier sal u verkies as ek in Afrikaans praat.
**BRIG SCHOON:**
Asseblief.
**ADV GOOSEN:**
Okay, dit sal dan 'n bietjie makliker gaan, daar is 'n - dit gaan - daar is - dit sal vertolk word en oorgetaal word in Engels ook vir diegene wat dit nie verstaan nie. Sou u Afrikaans verkies?
**BRIG SCHOON:**
Asseblief.

**ADV GOOSEN:**
Goed, kan ek net begin u is op 7 Januarie 1980 verplaas na Veiligheidshoofkantoor Pretoria.
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
In watter posisie is u daar - is u daar - u taak opgeneem?
**BRIG SCHOON:**
Ek was by Hoofkantoor in 1980 aanvanklik het ek sekere dokumentasie vir Generaal Coetzee voorberei vir die Rabie Kommissie, dit was tot en met omtrent November 1980.
**ADV GOOSEN:**
Goed.
**BRIG SCHOON:**
Daarna is ek oorge - het ek die Vlakplaas opset oorgeneem wat vroeër deur Kolonel Viktor bedryf was en nadat hy verplaas is op 1 Desember 1980, het ek daar oorgeneem.
**ADV NTSEBEZA:**
Excuse me Brigadier if you could speak - if you could speak more into the microphone or just put it so, ja. Ja, thank you.
**ADV GOOSEN:**
So u was in bevel van C-seksie geplaas van begin Desember 1980 is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
En u het in bevel van C-seksie gebly tot 31 Oktober 1989 toe u op pensioen gegaan het.
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Is dit reg, op daardie stadium wie was as hoof van - van C-seksie, begin November - begin Desember 1980 wie was die bevelvoerende offisier by Vlakplaas gewees?
**BRIG SCHOON:**
Op daai stadium was dit Dirk Coetzee - Kaptein Dirk Coetzee.
**ADV GOOSEN:**
En ons weet dat in 1985 is - nee '83 was Dirk Coetzee weg geplaas van Vlakplaas is dit reg?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee ek dink hy is reeds aan die einde van '81.
**ADV GOOSEN:**
Goed ek vra om verskoning dis reg. Wie het oorgeneem by hom?
**BRIG SCHOON:**
Dit was Kaptein - nog 'n Kaptein Coetzee.
**ADV GOOSEN:**
Jan Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Jan Coetzee.
**ADV GOOSEN:**
Ja en kan u onthou wanneer het Kolonel Eugene de Kock daar aangekom?
**BRIG SCHOON:**
Dit was hier na die einde van 1984 toe dink ek.
**ADV GOOSEN:**
Goed, en hy was nog steeds die bevelvoerende offisier van die Vlakplaas eenheid toe u afgetree het einde van Oktober 1989?
**BRIG SCHOON:**
Dit is - Eugene de Kock?
**ADV GOOSEN:**
Ja dis reg.
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Ja en wie het oorgeneem by u as hoof van C-seksie toe - toe u nou afgetree het?
**BRIG SCHOON:**
As ek reg onthou was dit Brigadier Nick van Rensburg.
**ADV GOOSEN:**
Goed, so toe u by Veiligheidshoofkantoor aangekom het, was Vlakplaas reeds in bestaan gewees.
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Was u enigsins betrokke gewees by die totstandkoming van Vlakplaas?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek het niks met die aanvanklike opset te doen gehad nie, maar wel die latere, die aankoop van die perseel en verbeteringe wat daar aangebring is.
**ADV GOOSEN:**
Ja en dit is - dit is gedoen tesame met of onder die bevel van Generaal Johan Coetzee is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Ja, wie was u - begin Desember 1980 wie was u onmiddellike senior gewees?
**BRIG SCHOON:**

Ek dink die tweede in bevel op daai stadium by Veiligheidshoofkantoor was Brigadier Jan du Preez.

**ADV GOOSEN:**

Goed, en hy was - hy was u onmiddellike senior, u moes aan hom rapporteer is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja hy was die senior staf offisier.

**ADV GOOSEN:**

Goed, en hy - ek neem aan hy het nie daar gebly tot - tot u afgetree het nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee - nee hy het nie.

**ADV GOOSEN:**

Wie het oorgeneem by hom?

**BRIG SCHOON:**

U het my nou in 'n hoek, ek kan nou nie......[tussenbeide]

**ADV GOOSEN:**

Okay ons kan later weer daarby terugkom.

**BRIG SCHOON:**

As u - miskien kan u my geheue verfris dan sal ek weet.

**ADV GOOSEN:**

Goed okay ons sal daarby terugkom.

**BRIG SCHOON:**

Dankie.

**ADV GOOSEN:**

Hoe het die bevelstruktuur van die C-seksie - u was die bevelvoerder van C-seksie gewees, nasionaal is dit reg?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**

Nee - nee by hoofkantoor was ek die bevelvoerder van C-seksie.

**ADV GOOSEN:**

Hoofkantoor.

**BRIG SCHOON:**

By hoofkantoor.

**ADV GOOSEN:**

Goed, C - daar was ook die verdeling in seksies van die Veiligheidspolisie die het ook landswyd, dit was landswyd van toepassing, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Dit is korrek ja.

**ADV GOOSEN:**

Goed, die bevelvoerder van - of die hoof van die C-seksie byvoorbeeld in die Oos-Kaap sou daardie persoon aan u gerapporteer het of aan iemand anders?

**BRIG SCHOON:**

Nee hy sou deur die gewone kanale gerapporteer het.

**ADV GOOSEN:**

Goed, die - so die verdeling - die verdeling in 'n seksie, u was net die hoof van die seksie - C-seksie by hoofkantoor.

**BRIG SCHOON:**

Ja dit is korrek.

**ADV GOOSEN:**
U het niks te doen gehad met die bevelvoerders van C-seksie in byvoorbeeld die Oos-Kaap of in Kwa-Zulu Natal of die Vrystaat nie.

**BRIG SCHOON:**
Ja ek weet nie of hulle ook as C-seksies bekend gestaan het nie, nie so ver ek kan onthou nie, maar die bevelvoerder van elke afdeling was in bevel van daardie manne en hulle was direk aan hom aanspreeklik en die bevelvoerder op sy beurt was aanspreeklik aan hoofkantoor.

**ADV GOOSEN:**
Goed.

**BRIG SCHOON:**
Nie die individuele lede wat byvoorbeeld die soortgelyke taak verrig het as wat by C-seksie gebeur het nie.

Goed nou hoe het die - die rapportering hoe het dit gewerk, sou u op 'n daaglikse basis of weeklikse basis vergader met u onmiddellike senior en aan hom terugvoering gee oor die werksaamhede van C-seksie waarby u betrokke was.

**BRIG SCHOON:**
Ja ons het elke oggend het ons by die bevelvoerder wat op - aan die begin stadium Generaal Coetzee was in sy kantoor byeengekom, die groepshoofde en wat van belang was is aan hom gerapporteer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Dis nou elke oggend en dit sou in Generaal Johan Coetzee se kantoor gewees het.
**BRIG SCHOON:**
Aanvanklik ja op daai stadium...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Hy was op daardie stadium hoof van die Veiligheidspolisie.
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek en op 'n later stadium is daar 'n spesiale lokaal omskep waar die oggend vergaderings plaasgevind het.
**ADV GOOSEN:**
En waar was daardie lokaal gewees?
**BRIG SCHOON:**
Dit was ook daar by hoofkantoor op die 6de vloer.
**ADV GOOSEN:**
Okay, nou die groepshoofde dis nou die seksiehoofde, C-seksie, A,B,C en D is dit - is die, die persone wat daar vergader het.
**BRIG SCHOON:**
Ja dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Goed, is notules geneem van daardie vergaderings, so ver u weet?
**BRIG SCHOON:**
Nie so ver ek kan onthou nie, ek glo nie daar was notules geneem nie.
**ADV GOOSEN:**
En wat was die - wat was die primêre doel gewees van daardie vergaderings?
**BRIG SCHOON:**
Dit was om die bevelvoerende offisier op die hoogte te bring met gebeure dwarsdeur die land.
**ADV GOOSEN:**
En die rapportering sou gewees het nie net in verband met inligting wat versamel is, maar ook die - die resultate van operasies of optredes wat geneem is, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Indien daar belangrike operasies was ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja, soos byvoorbeeld 'n operasie buitekant die land, oorgrensoperasie byvoorbeeld 'n belangrike een, daar sou - u sou dan rapporteer in daardie vergadering om die hoof van die Veiligheidstak dan op hoogte te hou daarvan is dit reg.
**BRIG SCHOON:**
Normaalweg was daai rapportering direk aan die bevelvoerder gedoen op 'n - op so 'n spoedige wyse as moontlik.
**ADV GOOSEN:**
Ja op 'n een - een tot een basis.
**BRIG SCHOON:**
Ja en daar is nie gewag tot daar eers 'n vergadering is nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja maar die - maar die vergaderings het daagliks plaasgevind nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Dit het daagliks.

**ADV GOOSEN:**
So daar sou ook buite daardie vergaderings sou daar ook 'n rapportering wees direk aan byvoorbeeld was hy Brigadier Jan du Preez gewees of was hy...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Ja hy was brigadier.

**ADV GOOSEN:**
Destyds.

**BRIG SCHOON:**
Hy was destyds brigadier.

**ADV GOOSEN:**
Goed, so u sou buiten daardie daaglikse vergaderings sou u ook dan rapporteer aan hom oor die optrede wat geneem is byvoorbeeld.

**BRIG SCHOON:**
Ja, so u ook dan direk aan die hoof van die Veiligheidstak gerapporteer het oor sodanige operasies?

**BRIG SCHOON:**
Nee indien ek aan Brigadier Jan du Preez sou gerapporteer het dan was dit sy plig om verder boontoe in te lig.

**ADV GOOSEN:**
U aanvaar hy sou dit moes gedoen het.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
In elk geval, ja die rede vir die 1/1 rapportering sou dit gewees het as gevolg van in sekere gevalle die sensitiwiteit van die optrede wat geneem is of die operasies?

**BRIG SCHOON:**
Nee - nee - nee nie noodwendig nie Mnr die Voorsitter.

**ADV GOOSEN:**
Waarom dan nodig om buiten die daaglikse vergadering te rapporteer?

**BRIG SCHOON:**
Indien daar 'n belangrike insident of voorval plaasgevind het, dan was dit die hoof van die Veiligheidstak se plig om die Kommissaris en die Minister in te lig en hulle het nie daarvan gehou om eers te wag vir - tot die volgende dag nie.

**ADV GOOSEN:**
Goed, nee ek verstaan dit **... einde van Band 1, kant A ...** - u dan ook in daardie daaglikse vergadering formeel as 't ware sou rapporteer aan die ander seksiehoofde van daardie optrede.

**BRIG SCHOON:**
Indien dit hulle sou geraak het ja.

**ADV GOOSEN:**
Ja, as ons nou praat van 'n optrede wat - waar daar - waar die Kommissaris moontlik betrek sou word in die sin dat hy sou wou weet - u weet iemand sou miskien vir hom 'n vraag gevra het wat het nou hier aangegaan, in daardie gevalle ook sou u dan ook rapporteer aan nie net u onmiddellike hoof nie, maar ook in die daaglikse vergadering is dit reg?

SAHA

**BRIG SCHOON**:
As dit nodig was om die ander mense in te lig ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, wat sou bepaal of dit nou nodig was om die persone in te lig of nie?
**BRIG SCHOON**:
Kyk op 'n latere stadium toe die vergaderings meer formeel geraak het, is daar notule gehou, daar is 'n daaglikse oorsig geskryf van belangrike gebeure wat dan landswyd tot die - ander Veiligheidstakke se beskikking gestel is.
**ADV GOOSEN**:
Ek sien, wanneer sou dit gewees het, kan u onthou - toe dit nou meer formeel geraak het.
**BRIG SCHOON**:
Dit het - ek dink amper dit is deur Generaal Coetzee ingestel voordat hy daar weg is.
**ADV GOOSEN**:
Net voordat hy...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON**:
Ja ek dink dit kon hier by 1983 daar rond gewees het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Hy het aan einde van 1983 is hy toe oorgeplaas as Kommissaris van Polisie.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Toe hy nou oorgeplaas is, hy was toe nou daagliks betrek gewees toe hy as Kommissaris aangestel is nie, is dit reg? By daardie vergaderings nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee toe was hy glad nie daar betrek nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja, die vergaderings was van veiligheid - die Veiligheidstak.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Hoof van Veiligheid en die verskillende hoofde van die afdelings.
**BRIG SCHOON:**
Die afdelings en dan ook van die lessenaars en lateraan het daar ook van die ander departemente afgevaardigdes daar gekom.
**ADV GOOSEN:**
Goed.
**BRIG SCHOON:**
Byvoorbeeld Nasionale Intelligensie, Militêre Inligting.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Die Gevangenisdiens.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Die Spoorwegpolisie.
**ADV GOOSEN:**
Is dit op daardie stadium toe daardie ander departemente daarby aangesluit het, is dit op daardie stadium dat dit dan bekend gestaan - toe dit besluit is om dit te identifiseer as die - as die teiken kommitee, **target - ad hoc target committee?**
**BRIG SCHOON:**
U bedoel daai - die akroniem in die Afrikaans dink ek is TREWITS.
**ADV GOOSEN:**
So u was te Oshakati gewees toe
**ADV GOOSEN:**
Ja dit is nou op 'n latere stadium.
**BRIG SCHOON:**
Is dit daai - nee - nee dit was iets heeltemal apart van die vergaderings.
**ADV GOOSEN:**
Goed, wanneer is - wanneer is TREWITS toe dan opgestel kan u onthou?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ek - as ek moet raai sou ek sê om en by 1987 daar rond, dit kan...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
'87.
**BRIG SCHOON:**
Dit kan - dit kan miskien '88 ook wees.
**ADV GOOSEN:**
Die...vergaderings was[intervention]
**DR BORAINE:**
Sorry - sorry to break into that - I wonder if I could just ask a question. On page 14 of your submission - 23.1.2 you mention the Counter Revolutionary Intelligence Task Team was created.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Was their a name given to that task team or not? Have you got the reference, page 14 or your own submission.

**BRIG SCHOON**:

Yes.

**DR BORAINE**

23.1.2 - you mention a Counter Revolutionary Intelligence Task Team was created and comprised of the NIA.

**BRIG SCHOON**:

That is the one I am referring to as TREWITS.

**DR BORAINE**:

Okay, thank you very much - Goosen you may continue.

**ADV GOOSEN**:

**Thank you very much Mr Chairperson** - so en u sê daardie TREWITS is dan toe opgestel of in die - gebring in 1987 min of meer.

**BRIG SCHOON**:

Ek - ek raai.

**ADV GOOSEN**:

Okay goed, voor dit - voor dit was daar - was daar slegs 'n vergadering van die Veiligheidstak gewees op 'n daaglikse basis.

**BRIG SCHOON**:

Kommissaris die TREWITS het niks met die - hulle het niks te doen gehad met die daaglikse vergaderings by die Veiligheidstak nie.

**ADV GOOSEN**:

Goed - goed.

**BRIG SCHOON**:

Hulle het heeltemal los gestaan daarvan, en ek weet hulle het vergaderings gehou by die verskillende afdelings en hierdie was 'n uitvloeisel van die GBS stelsel.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

**BRIG SCHOON**:

Wat toe daar by ons gestig moes word.

**ADV GOOSEN**:

Ja nee - goed brigadier ons het 'n daaglikse vergadering van die Hoof van die Veiligheidspolisie en die verskillende seksiehoofde. U het aangedui dat daar op 'n stadium 'n lokaal geskep is waar daardie daaglikse vergaderings dan sou plaasvind.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
By Veiligheidshoofkantoor.
**BRIG SCHOON:**
Dis korrek.
**ADV GOOSEN:**
Op daardie stadium was dit nog steeds net die Veiligheidstak wat op 'n daaglikse basis dan...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Nee dit is omdat die vergaderings so lywig geraak het dat daar 'n spesiale lokaal moes kom.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
En dit nie meer in 'n enkele groot kantoor gehou kon word nie.
**ADV GOOSEN:**
Goed.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Die ander mense het toe reeds bygekom.
**ADV GOOSEN:**
Ander departemente is betrek by daardie daaglikse vergaderings is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
So ek neem dan aan dat daar die - sodra die ander departemente dan betrek is, die Veiligheid - die Hoof van Veiligheid en die seksiehoofde het dan nie op 'n daaglikse as die Veiligheidstak vergader nie of het hulle?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek - ek verstaan u nou nie mooi nie, bedoel u dat die oggend vergadering...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Was eintlik die Veiligheid se vergadering.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
En die ander mense van die ander departemente was genooi om te kom by sit net om inligting te kry, want hulle het gekla ons lig hulle nie in nie.
**ADV GOOSEN:**
Okay, was hulle op 'n daaglikse basis ingenooi of nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja hulle het...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Of was dit van tyd tot tyd?
**BRIG SCHOON:**
Nee hulle het - hulle het op 'n daaglikse basis die vergadering bygewoon.
**ADV GOOSEN:**
Is dit op daardie stadium wat dit geformaliseer is daar toe daar - daar dan besluit is om notules te hou en die lokaal is geskep en dies meer.
**BRIG SCHOON:**
Ja dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Goed, daardie notules, waar sal mens daai notules kan kry? Waar is hulle bygehou?
**BRIG SCHOON:**
By die nodale punt.
**ADV GOOSEN:**
Die nodale punt van?
**BRIG SCHOON:**
Van die Veiligheidstak.
**ADV GOOSEN:**
En wie was die nodale punt van die Veiligheidstak destyds?
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek weet wyle Generaal Joubert was...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:

Jaap Joubert?

**BRIG SCHOON**:

Jaap Joubert.

**ADV GOOSEN**:

Reg - ja daardie dokumentasie behoort by die destydse Veiligheidshoofkantoor te wees is dit reg.

**BRIG SCHOON**:

Ja dit is so.

**ADV GOOSEN**:

Goed en bo en behalwe daardie daaglikse vergadering was daar dan later van tyd hierdie struktuur TREWITS dan geskep. Of het TREWITS uitgevloei uit daardie daaglikse vergadering waarby die ander betrek is.

**BRIG SCHOON**:

Nee - nee meneer TREWITS het uitgevloei uit die GBS stelsel.

**ADV GOOSEN**:

Okay goed - okay.

**ADV NTSEBEZA**:

Can you just remind me what is the - what was the - by the way what was the GBS system?

**ADV GOOSEN**:

**The Joint Management Centres,** GBS vir Gesamentlike Bestuurstelsels die Afrikaanse **affiliation Mr Chair**.

Die - die uitreiking van bevele of opdragte wat gegee is soos byvoorbeeld die opdrag om Cosatu Huis om seker te maak dat daar 'n bomaanval op Cosatu Huis gedoen is, moes daardie opdragte of sodanige opdragte in skriftelike opdragte of slegs mondelings gegee?

**BRIG SCHOON:**
Nee dit was mondelings gegee.
**ADV GOOSEN:**
Ja, sou dit korrek wees om te sê dat in die meeste gevalle waar daar koevert??? deur die Veiligheidstak opgetree moes word of die C-seksie, dat die opdragte wat gegee is, is mondelings deurgegee.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En die rede daarvoor is sodat daar nie dokumentasie is wat kan lei tot die - die publiek maak van die rol wat die Veiligheidstak gespeel het.
**BRIG SCHOON:**
Ja die openbaarmaking wat...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Die openbaarmaking daarvan.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja en die rapportering van die resultate daarvan is ook mondelings deurgevoer is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
**Yes** - dis korrek ja.
**ADV GOOSEN:**
En dit was die - dit was die **modus operandi** gewees ten opsigte van daardie - daardie optredes wat gedoen is.
**BRIG SCHOON:**
Dit is so.
**ADV GOOSEN:**
So dit sou nie moontlik wees vir ons om - om skriftelike rekord te kan opspoor van die as 't ware die lys opdragte wat - wat gegee is wat gegaan het - of wat gehandel het met daardie tipe optredes nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
En so 'n lys of so dokumentasie bestaan nie, want dit is nie geskep in die eerste geval nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Goed, so ons sal dan moet staatmaak op die getuienis wat gegee is of verklarings wat gemaak is deur die operateurs en ook die bevelvoerders van daardie operateurs ten opsigte van daardie - vir daardie insidente, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ek neem aan dan ook Brigadier dat daar sou ook nie in 'n lys of 'n stel dokumentasie wees wat sou aandui watter optredes geneem is deur die Veiligheidstak of spesifiek die C-seksie gedurende 19 - van die periode 1980 tot byvoorbeeld '89 nie. Is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Daar sal bitter min dokumentasie wees.
**ADV GOOSEN**:
Ja, goed.
**DR BORAINE**:
Advocate Goosen are you going to pursue this particular point a little further because I have a question that I would like to put at this stage.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
[indistinct]
**DR BORAINE:**
I just want to try and be very clear in my own mind about this, you have already testified that you were given an instruction regarding Cosatu House, now if you had a daily meeting, where people were kept informed of what was happening in terms of Security.

Would you have reported even if it wasn't taken down, would you have reported it to that **Dagbestuur** or that daily meeting that you had concerning for example the blowing up of Cosatu House?
**BRIG SCHOON:**
No Mr Commissioner.
**DR BORAINE:**
You say there were certain matters which were never discussed even on a - so it was a very small group that were involved.
**BRIG SCHOON:**
That is correct sir.
**DR BORAINE:**
You may proceed.
**ADV GOOSEN:**
**Thank you**, so ek neem aan - dat - net om dit op te volg Brigadier dat daar in sekere gevalle ten opsigte van sekere optredes indien u onmiddellike senior nie betrokke as nie of nie betrek was nie by die aanvanklike opdrag om dit te doen, dan sou u onmiddellike senior ook nie noodwendig weet daarvan nie.
ARCHIVE FOR JUSTICE
**BRIG SCHOON:**
Nee sekere van die operasies is op die basis bedryf **the need to know.**
**ADV GOOSEN:**
Ja, goed. Dankie, ek wil nou net teruggaan in u loopbaan u is van '76 eerste Januarie '76 was u oorgeplaas na Oshakati toe in voormalige Suidwes Afrika, Namibië.
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
Na watter eenheid toe of wat was u spesifieke amp of posisie wat u destyds gehou het.
**BRIG SCHOON:**
Ek was die bevelvoerder van die Veiligheidstak op Oshakati.

**ADV GOOSEN:**
Ek sien, en voordat u - voordat u weg was van Veiligheidshoofkantoor Pretoria, wat was u posisie by Veiligheidshoofkantoor tussen '72 en '76?
**BRIG SCHOON:**
Toe was ek by die ondersoek afdeling gewees.
**ADV GOOSEN:**
Goed, Veiligheidsondersoek?
**BRIG SCHOON:**
Ja by hoofkantoor.
**ADV GOOSEN:**
En die werk wat u gedoen het destyds, wat het dit behels?
**BRIG SCHOON:**
Wel daar was byvoorbeeld in ek dink 1973 was daar die Mombare-saak die het ek gesamentlik met Majoor Roelf van Rensburg gehanteer, ons het die dossier deur die hof geneem.
**ADV GOOSEN:**
So dit was - hof gerigte ondersoeke wat geloods is deur u destyds.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Gebaseer op Veiligheidshoofkantoor.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Goed, en te Oshakati wat het u werk daar behels?
**BRIG SCHOON:**
Daar was ek die bevelvoerder van die veiligheidstak.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en u is oorgeplaas begin Januarie 1980 na hoofkantoor.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Wanneer was Koevoet op die been gebring, die eenheid Koevoet?
**BRIG SCHOON:**
Dit het - dit was terwyl ek nog op Oshakati was, ek dink dit het - hulle is in 1978 het hulle daar begin as ek reg onthou.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Dis of - ja ek dink dis '78.
**ADV GOOSEN:**
En terwyl u op Oshakati was, het u enigsins saam met die Koevoet-lede gewerk of die Koevoet-eenheid gewerk?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek het glad nie saam met hulle gewerk nie.
**ADV GOOSEN:**

SAHA JUSTICE

Geensins - geensins. Was daar op Oshakati self was daar 'n Koevoet-eenheid gebaseer daar - daar destyds?

**BRIG SCHOON**:

Dit is waar hulle hoofkantoor gebaseer was.

**ADV GOOSEN**:

Ja., so u was te Oshakati gewees toe die Koevoet-eenheid opgestel is, is dit reg?

**BRIG SCHOON**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

Was u enigsins betrek by die - by die opstel van daardie eenheid?

**BRIG SCHOON**:

Glad nie, geensins.

**ADV GOOSEN**:

Hoe het dit geskied?

**BRIG SCHOON**:

Ja dit is 'n projek dink ek wat gesamentlik deur die Kommissaris van Polisie en die Hoof van die Weermag geskep is om die terroriste aanslag daar die hoof te bied.

**ADV GOOSEN**:

En u - u werk destyds was ook die bekamping van terrorisme as Veiligheidspolisie.

**BRIG SCHOON**:

Ja die insameling van inligting hoofsaaklik.

**ADV GOOSEN**:

Ja - ja ek sou aanvaar dat die skepping van 'n spesiale eenheid soos Koevoet dat dit nodig sou wees dat daar samewerking is tussen die Koevoet-eenheid wat nou nuut geskep is en ook die Veiligheidspolisie wat ook besig is met die bekamping van terrorisme, insameling van inligting en dies meer.

**BRIG SCHOON**:
H'm...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN**:
Was daar sodanige skakeling en samewerking gewees?
**BRIG SCHOON**:
Mnr die Voorsitter die skakeling was wel daar en die samewerking het hoofsaaklik gekom dat Koevoet die manne wat by my gewerk het afgerokkel het om by hulle te gaan werk.
**ADV GOOSEN**:
Ek sien, so daar was van u lede - Veiligheidspolisielede wat toe as 't ware oorgeplaas is na - na Koevoet.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Is dit lede van - lede wat u gehad het daar by Oshakati ook?
**BRIG SCHOON**:
Ja onder andere Eugene de Kock was daar by my gewees.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
En Koevoet het hom gevra dat hy oorgeplaas word.
**ADV GOOSEN**:
Ek sien - ja hy was Veiliheidspolisielid te Oshakati gewees.
**BRIG SCHOON**:
Dit is korrek. te Koevoet.
**ADV GOOSEN**:
Wanneer het hy daar aangekom?
**BRIG SCHOON**:
Hy was voorheen - voordat hy op Oshakati na die Veiligheidstak gekom het, was hy op Ruacana gestasioneer. En ek dink dit was in - omtrent '77 of '76 of '77 wat hy by die Veiligheidstak geplaas is.
**ADV GOOSEN**:
Te Oshakati?
**BRIG SCHOON**:
Te Oshakati.
**ADV GOOSEN**:
En hy het onder u bevel gewerk daar?

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En hy is toe in 1987 min of meer is hy toe oor na Koevoet toe.
**BRIG SCHOON**:
Min of meer ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, ook gestasioneer te Oshakati?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En hy was - hy was nog steeds daar gewees toe u oorgeplaas is na Veiligheidshoofkantoor toe?
**BRIG SCHOON**:
Dit is korrek ja.
**ADV GOOSEN**:
Op daardie stadium het u hom leer ken as 'n - as 'n bekwame polisie - Veiligheidspolisielid toe hy onder u gewerk het te Oshakati?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En is dit korrek dat hy ook gou indruk gemaak is as 'n bekwame lid van - van Koevoet?
**BRIG SCHOON:**
Dit is so.
**ADV GOOSEN:**
En u het hom so geken is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
Die - het u terwyl u daar by Oshakati was - het u verstaan hoe die Koevoet-eenheid gewerk het? Wat se tipe werk hulle gedoen het en wat hulle metodes en optredes was.
**BRIG SCHOON:**
Ek het maar net 'n vae beeld gehad van wat hulle gedoen het eintlik.
**ADV GOOSEN:**
Ek sien, dit was 'n vegtende eenheid gewees?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Dit was 'n vegtende eenheid.
**ADV GOOSEN:**
Die eenheid was op talle geleenthede betrokke in skietgevegte gewees met opgeleide persone wat die land ingekom het, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Dit is so.
**ADV GOOSEN:**
Het u terwyl u daar was, en totdat u nou - tot u daar weg is, het u enige - op enige stadium gerugte gehoor dat Koevoet-lede persone gemartel het enigsins?
**BRIG SCHOON:**
Dit is moontlik ja.
**ADV GOOSEN:**
Dis moontlik.
**BRIG SCHOON:**
Dit is moontlik.
**ADV GOOSEN:**
Moontlik dat u dit gehoor het of moontlik dat hulle dit gedoen het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Nee dat hulle dit gedoen het, ek glo nie ek het dit gehoor nie.
**ADV GOOSEN**:
Ja, waarom sê u dis moontlik dat hulle dit gedoen het?
**BRIG SCHOON**:
Wel hulle was daar in 'n oorlog situasie betrek.
**ADV GOOSEN**:
Nogtans waarom sou dit - waarom sê u dis moontlik dat hulle persone gemartel het net omdat hulle in 'n oorlog situasie was?
**BRIG SCHOON**:
**ADV NTSEBEZA**:
Or is it your view that in a war situation anything goes including rules?
**BRIG SCHOON**:
I beg your pardon?
**ADV NTSEBEZA**:
Is it your view that in a war situation anything goes including rules, people are justified to deal with the enemy in any - in any manner - assassinations, tortures and stuff like that are justified in a war situation. Is that your attitude or is that the prevalent attitude at the time. In the same way as you have indicated that in some of the situations you see like for instance 20.3 you made the point in a few extreme situations, it included operations to assassinate certain individuals.

Was that the sort of mindset that characterised people in Oshakati in die - in the Koevoet operation.
**BRIG SCHOON**:
Mnr die Kommissaris ek weet dat die mense se opdrag was om - om dood te skiet en nie om te vang nie.
**MS GOBODO**:
Can I ask a question also among similar lines on page 5 in your reference to the killing of Marius you mention that you had approved a request by Dirk Coetzee to have Marius Schoon killed and you in fact proceeded and gave him a revolver although he didn't eventually kill him.

What I would like to know from you is based on what you say, on page 11 that in every such operations prior information was first obtained, checked and cross-checked before the operation was [indistinct]

Would you - could you tell us if - when you gave Dirk Coetzee the .38 revolver if you did in fact take the process, go through the process of investigating and cross-checking?

**BRIG SCHOON:**
Mnr die Kommissaris ek het my vergewis dat die gerugte of die inligting wat daar was korrek is. En dit was dat hy insorgente gehelp het om die land binne te kom, dat hy hulle voorsien het met die nodige toerusting selfs.
**MS GOBODO:**
How do you - I am really actually interested in - in the actual **modus operandi**, the - that enabled you to make those - that decision. How did you establish that in fact Dirk Coetzee was worthy of the type of response that you gave.
**BRIG SCHOON:**
Sy lêer is nagegaan en daar was dokumentasie in die lêer wat dit bevestig het.
**MS GOBODO:**
... [indistinct] sorry - sorry you mentioned that there was legal advise obtained regarding the legality of proposed actions - that is actions to kill people you perceived as terrorist or dangerous.

Are you able to tell us who these legal consultants were?
**BRIG SCHOON:**
Mnr die Kommissaris op 'n latere stadium was daar 'n komponent wat uit regsmanne bestaan het by Veiligheidshoofkantoor wat op 'n daaglikse basis daar gewerk het en hulle mening is ingewin voordat daar met hierdie oorgrens- operasies voortgegaan is.
**MS GOBODO:**
So you don't have names?
**BRIG SCHOON:**
Wel advokaat - mnr Barkhuizen is een van die mense wat nou nog daar is dink ek, ek weet nie of hy ooit genader was nie, maar daar was ander regsmense gewees.

Ek persoonlik het nooit met hulle gepraat nie.
**ADV GOOSEN:**
**Thank you**, brigadier ek wonder, kan ek net om terug te tree na die - toe u by Oshakati was, of daardie gedeelte van u loopbaan, u het vir Eugene de Kock goed leer ken as - ek verstaan wat se persoon hy was, hoe hy gewerk het en wat sy opleiding was en wat sy vermoëns was, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Is dit korrek dat u verantwoordelik was vir sy oorplasing na Vlakplaas-eenheid - einde 1984.
**BRIG SCHOON:**
Nee ek was nie verantwoordelik nie, ek was genader gewees en gevra of ek hom kan plaas, en ek het gesê ja.
**ADV GOOSEN:**
En u het besluit om hom te plaas, die plek waar u hom kon plaas was by die Vlakplaas-eenheid is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja dis reg ja.
**ADV GOOSEN:**
U het goed verstaan watter - watter werk hy gedoen het tot tyd en wyl hy oorgeplaas is na Vlakplaas is dit reg?

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, dat hy as 't ware meer 'n soldaat was as 'n gewone polisieman - in die werk wat hy verrig het as lid van - of bevelvoerder van 'n eenheid van Koevoet - is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Wel ek weet in Ovamboland het hy die werk van 'n soldaat verrig en my taak was om hom te rehabiliteer om weer in die gemeenskap in te kom. En hulle kon hom op geen ander plek plaas nie, en dit is waarom ek gevra was om - om hom onder my vlerk te neem.
**ADV GOOSEN**:
Het u hom gerehabiliteer?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie - ek glo nie.
**ADV GOOSEN**:
Hoe het u te werk gegaan om hom nou te probeer rehabiliteer?
**BRIG SCHOON**:
Wel ek het hom byvoorbeeld laat in bly oor naweke dat hy 'n gewone lewe kan lei, hy was byvoorbeeld al amper 40 jaar oud, nog nie getroud nie, en ek wou hom graag die kans gee dat hy 'n gesinslewe kon begin en dit sou hom darem weer op die smal spoor geplaas het.
**ADV GOOSEN**:
Was dit u beweeg rede gewees toe u hom laat plaas het as hoof van die Vlakplaas-eenheid.
**BRIG SCHOON**:
Daar was niemand anderste gewees nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Nee maar u weet - ek kan verstaan as u sê hier het u 'n knap goed opgeleide bekwame polisieman wat u wil gebruik as hoof van die eenheid te Vlakplaas en dit is die rede waarom u hom daar plaas, daar is niemand anders wat beter is as wat hy is, wat meer bekwaam is nie en dis die rede waarom u hom daar laat plaas.

En ek kan ook verstaan dat een van die redes - of 'n rede mag wees dat daar is geen ander plek waar u hierdie persoon kan - kan plaas nie, behalwe vir Vlakplaas.

**BRIG SCHOON**:
Ek dink dit was die beweegrede waarom hy daar geplaas is dat hy sou nie inpas op enige ander plek nie - nie op daai stadium nie.

**ADV GOOSEN**:
Ja, maar hy sou by Vlakplaas sou hy - sou hy inpas is dit reg?

**BRIG SCHOON**:
In 'n mate ja.

**ADV GOOSEN**:
Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Want daar was dit van hom verwag om aan oorgrensoperasies deel te neem wat...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN:**
Ja, want Vlakplaas was a 't ware ook 'n vegtende eenheid gewees nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**
In 'n sekere opsig ja.

**ADV GOOSEN:**
Ja, die lesse wat Eugene de Kock geleer het in Koevoet sou ook van toepassing gewees het in die werk wat hy sou verrig by Vlakplaas is dit korrek?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Ja, hy sou moes optree op 'n koeverte basis, oorgrens - ook binne binnelands in die opsporing en uitwissing of eliminering van opgeleide terrorriste nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**
Oorgrens ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
En ook binnelands?
**BRIG SCHOON**:
Nee - nee.
**ADV GOOSEN**:
Die Vlakplaas-eenheid was 'n eenheid wat gestig is om terroriste op te spoor.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Dit is ook so dat die bekamping van die terroriste plaag ook die eliminering van daardie terroriste sou insluit nie waar nie.
**BRIG SCHOON**:
Nie noodwendig in die binneland nie.
**ADV GOOSEN**:
Wat sou nou die verskil gewees het brigadier asseblief, wat is die verskil tussen die eliminering van 'n persoon buitelands en die opsporing van 'n opgeleide persoon binnelands maar geen eliminering nie. Waarom die verskil?
**BRIG SCHOON**:
Die persoon wat binnelands opgespoor word beskik oor inligting.
**ADV GOOSEN**:
Ja, ja hy beskik oor inligting oor ander persone.
**BRIG SCHOON**:
Oor ander persone.
**ADV GOOSEN**:
Goed, so hy kan dan in hegtenis geneem word of aangehou word en hy kan ondervra word en die inligting kan bekom word, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En sodra die inligting bekom is, is hy van geen nut nie is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Nie noodwendig nie mnr die Voorsitter.
**ADV GOOSEN**:
Ja daar is twee moontlikhede is dit reg, hy kan of saamwerk met die polisie of hy kan nie saamwerk nie.
**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN:**
En as hy nie saamwerk nie, bestaan die moontlikheid dat daardie persoon dan uit die weg geruim word, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Is dit nie so nie brigadier dat dit - dat dit wel gebeur het.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Waar persone nie saamgewerk het nie is hulle geëlimineer.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En waar persone dan wel saamgewerk het, is hulle moontlik gedraai en dan gebruik as Askari lede van die Vlakplaas-eenheid, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

In party gevalle moontlik sou daar 'n kriminele saak uitgemaak word teen daardie persoon is dit ook reg?

**BRIG SCHOON**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

En in daardie gevalle sou daar dan 'n noue samewerking gewees het ten opsigte van ondersoeke tussen die eenheid wat destyds onder die bevel van Herman du Plessis was - gewees het, is dit reg?

**BRIG SCHOON**:

Waar was hy gewees meneer?

**ADV GOOSEN**:

Hy was ook Veiligheidshoofkantoor en hy het gewerk in die eenheid wat - u was nie die leier van daardie eenheid nie voordat u Oshakati toe gegaan het, was u in die ondersoek-eenheid van die Veiligheidspolisie.

Herman du Plessis was op 'n stadium die bevelvoerder van die ondersoek-eenheid van die Veiligheidspolisie, terwyl u daar was.

**BRIG SCHOON**:

Ja ek onthou hom nou - ek onthou hom nou.

**ADV GOOSEN**:

U onthou hom goed - ja voorheen van Port Elizabeth.

**BRIG SCHOON**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

Veiligheidstak is dit reg - daar sou noodwendige samewerking gewees het tussen u en Herman du Plessis se eenheid, of verskoon tussen die Vlakplaas-eenheid en Herman du Plessis se eenheid is dit reg?

**BRIG SCHOON**:

Ja daar - daar sal noodwendig skakeling wees tussen die twee.

**ADV GOOSEN**:

Goed, maar in daardie - in die gevalle waar 'n persoon wat gevang is - 'n opgeleide persoon wat gevang is deur Vlakplaas-lede wat te Vlakplaas aangehou is, en ondervra is, en waar daardie persoon nie saamwerk nie, sou u met my saamstem dat in amper al daardie gevalle sou daardie persoon elimineer moes word.

**BRIG SCHOON**:

Nee meneer ek kan nie saamstem nie.

**DR BORAINE:**

Advocate Goosen I am sorry to interrupt you but we are well over tea break but I - do you want to complete - you're okay. Then I suggest that we take a 15 - 20 minute tea break and we return as soon after that as possible - thank you. ... **end of Tape 1, Side B**

Right the session is now resumed, and advocate Goosen would you continue the questioning please.

**ADV GOOSEN:**

**Thank you very much Mr Chairperson.** - brigadier ons is besig om te handel met wat sou gebeur as 'n opgeleide persoon wat ondervra is deur lede van Vlakplaas en daardie persoon sou nie sy samewerking wou gegee het nie.

En ek het u gevra of in daardie omstandighede dan was daar - dit - dat dit verstaan sou wees dat die persoon om die lewe gebring sou word of uit die weg geruim sou word.

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**

U het gesê nee dit is nie korrek nie, is dit reg>

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Maar dit is korrek dat dit wel in sekere gevalle so gebeur het nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
As dit - dit is moontlik dat dit kon gebeur het.
**ADV GOOSEN:**
Ja, u self sê dat - dat ten opsigte van Selby Mavuso en Peter Dlamini - ons kan weer later terugkom by die feite van daardie twee aangeleenthede, maar in daardie omstandighede was - het u 'n opdrag gegee Kaptein Dirk Coetzee - dat hy daardie twee persone moes neem na 'n plek toe en probeer om oorreed om saam te werk.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En hy het toe teruggekom na u toe en gesê nee hulle wil nie samewerking gee nie, ek het hulle vermoor, hulle is dood, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN:**
Dit is wat u aangedui het. Nou wat het u daaromtrent gedoen toe hy nou vir u gesê het ek het hierdie twee mense nou uit die weg geruim - wat het u daaromtrent gedoen?
**BRIG SCHOON:**
Mnr die Kommissaris, ek wil vra of u my miskien kan help hier ek wil net een puntjie weet is dit die twee wat aan die PAC behoort het en wat losgelaat is en toe lateraan vermoor is, ek weet nie - is dit die regte name daardie.
**ADV GOOSEN:**
Goed ek kan - ek kan vir u...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Sien ek het met opset nie die volledige storie gegee nie, want ek was nie seker wie hierdie twee mense is nie, maar ek koppel hulle aan 'n voorval wat wel plaasgevind het.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
En wat ek onder die Kommissie se aandag wil bring.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Goed, so u sê dis moontlik dat dit nie Selby Mavuso was nie, maar dit kan moontlik 'n ander persoon wees, maar u is nie totaal seker nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Goed.
**BRIG SCHOON:**
En ek het maar aanvaar dat dit - dat dit dalk die mense is - die twee - die PAC mense wat aangehou was.
**ADV GOOSEN:**
Goed, die Mavuso aangeleentheid het gegaan oor 'n persoon wat in hegtenis geneem is of ontvoer is en in hegtenis is nie die korrekte woord nie, maar geneem is gedurende 1981 tydens 'n oorgrensoperasie in Mosambiek.

Die persoon is geneem en daar is ander persone wat betrokke is, Luitenant Kolonel Boechner, en ander persone en die persone is toe - die persoon Selby Mavuso is toe aangehou te Britz en is toe vrygelaat op 'n stadium en is toe deur Dirk Coetzee na 'n plek naby Komatipoort, waar die persoon vermoor is.

Ja, is dit die geval waarvan u nou kennis dra?
**BRIG SCHOON:**
Ek vermoed so mnr die Kommissaris, word Peter Dlamini nie ook aan hom gekoppel nie, was hulle nie saam nie?
**ADV GOOSEN:**
Ja in die sin dat Peter Dlamini eintlik 'n lid was van Vlakplaas hy was 'n Askari gewees en die bewering is gemaak deur Dirk Coetzee dat toe u aangedui het dat Mavuso soos wat hy sê uit die weg geruim moes word, dat u ook vir hom gesê het destyds dat hy die geleentheid moes gebruik om ook vir Peter Dlamini wie 'n problematiese lid was van die Vlakplaas-eenheid ook dat hy uit die weg geruim moet word.

Die twee is gekoppel, hulle is terselfdertyd te Komatipoort uit die weg geruim, doodgemaak.
**BRIG SCHOON:**
Mnr die Kommissaris die voorval waarvan ek onthou en ek vermoed dit was twee PAC mense wat aangehou was wat vrygelaat is. En nie - wat niks met Vlakplaas te doen gehad het nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Goed, okay kom ons - kom ons handel dan net dan met die - met die feite soos wat u dit onthou. Twee persone wat aangehou is deur die Veiligheidspolisie so ver u kennis die twee persone was hulle formeel aangehou?
**BRIG SCHOON:**
Hulle was formeel aangehou.
**ADV GOOSEN:**
So hulle was regtens aangehou daar was 'n...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Hulle was kragtens Artikel 6 van die Wet op Terrorisme aangehou.
**ADV GOOSEN:**
Goed, ja en hulle is toe vrygelaat sê u?
**BRIG SCHOON:**
Ja die storie rondom hulle mnr die Kommissaris, ene Brigadier Gloy het my gevra - op daai stadium was 'n luitenant kolonel as ek reg onthou.
**ADV GOOSEN:**
Kan u net die naam weer sê.
**BRIG SCHOON:**
Gloy.
**ADV GOOSEN:**
Gloy.
**BRIG SCHOON:**
Gloy.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Het my gevra - en ek weet nie of dit in 1981 was nie, dit kon later gewees het. En ek kan ook nie sê of dit Dirk Coetzee was nie, dit onthou ek ook nou op hierdie stadium nie, as u sê dat dit nie die twee mense is nie.
**ADV GOOSEN:**
Nee ek sê nie dit is nie die twee mense nie, maar die feite soos wat ons dit het, is dat Selby Mavuso is ontvoer tydens die oorgrensoperasie te Matholo in Mosambiek 1981, hy is toe aangehou en hy is toe - hy is toe doodgemaak deur Dirk Coetzee.

Volgens hom op u instruksies en terselfdertyd is daardie persoon - is 'n ander persoon Peter Dlamini, ook doodgemaak op u instsruksies, volgens Dirk Coetzee te Komatipoort, ook '81.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Nee.
**ADV GOOSEN**:
En ek sê nie daardie persone is nie die persone waarna u verwys nie, ek sê kom ons handel nou net op die oomblik met die voorval soos wat u dit onthou.
**BRIG SCHOON**:
As ons net hierdie ene kan afhandel mnr die Kommissaris. Ek weet van so 'n opdrag glad nie, dat hy die twee mense moes gaan doodmaak nie.
**ADV GOOSEN**:
Goed, kan ons net vir die oomblik - kan ons net vir die oomblik die name uitlos.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En ons handel net met die feite soos wat u dit uiteensit in u paragraaf 4 op bls 3 van u verklaring waar u sê:

U praat van twee PAC opgeleide persone wat kragtens soos wat u nou gesê het, kragtens Artikel 6 in hegtenis was, aangehou was. Hulle is toe vrygelaat is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Nadat hulle vrygelaat is, het u dan opdrag gegee dat hulle - dat daar deur Dirk Coetzee probeer word dat - om hulle samewerking te kry, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ek het - ek het hulle verwar met die '81 storie, ek kan nou nie op hierdie stadium onthou wie daarby betrokke was nie, nou of dit nou Dirk Coetzee was en een van die ander mense wat na hom gekom het nie. Ek weet ook nie watter jaar dit was nie.

Maar die feite rondom hierdie saak is dat Gloy het my gevra om na sy kantoor toe te kom.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
En daar het hy in die teenwoordigheid van die ander persoon wat ek nou nie kan plaas nie, het hy gesê ons moet die mense vrylaat en hulle gaan doodmaak.

Toe het ek hom aangespreek en gesê jong, ek stem nie hiermee saam nie, kan hulle nie verder aangehou word onder Veiligheidswetgewing nie, die Minister kon op 'n jaar tot jaar grondslag 'n bevel uitreik waarvolgens hulle dan kon aangehou word. Toe sê hy nee die Minister wil hulle nie meer - wil nie meer toestemming gee nie.

En toe vra ek nou maar kan ons hulle dan nie oorhaal om vir ons te werk nie. Toe sê hy nee en hulle was verantwoordelik vir die aanhouding van mense. Dit was sy probleem en Coetzee het ingewillig om dit te doen en voordat hy gegaan het, het ek weer vir hom gesê Dirk, gaan kyk of jy die mense nie kan oorreed om vir ons te werk nie, laat hulle 'n kwotasie teken en laat hulle gaan.
**ADV GOOSEN**:
En toe hy nou terugkom en vir u sê dat hy die twee mense is nou doodgemaak, wat het u daaromtrent gedoen?
**BRIG SCHOON**:

Ek het niks daaromtrent gedoen nie, en ek weet dit was verkeerd.

**ADV GOOSEN:**
Wat sou verwag het van Dirk Coetzee as die persone nie saamgewerk het nie?

**BRIG SCHOON:**
Wel ek wou gehad het hy moes hulle net vrylaat.

**ADV GOOSEN:**
Waarom dan kon u nie net vir hom sê dat hy hulle nie net moes vrylaat nie sonder om weer te probeer om hulle te oorreed nie.

**BRIG SCHOON:**
Hulle was - dit was nie my taak om - om hulle vry te laat nie, dit het behels - berus by die aanhoudings seksie waar die...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN:**
Goed, maar brigadier hulle was vrygelaat nie waar nie?

**BRIG SCHOON:**
Nee hulle was nie, hulle was toe nog in hegtenis.

**ADV GOOSEN:**
Was hulle nog in hegtenis gewees toe hulle doodgemaak is?

**BRIG SCHOON:**
Nee hulle was vrygelaat daar - toe hulle doodgemaak is.

**ADV GOOSEN:**
Ja maar dis die punt, dis die punt. Die probleem volgens u sou nie - daar sou geen probleem gewees het om hulle te laat wegstap indien hulle kragtens Artikel 6 weer vrygelaat is nie. En hulle was vrygelaat nie waar nie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Hulle was vrygelaat, maar ek het daarmee niks te doen gehad nie.

**ADV GOOSEN:**
Ja maar nee dis presies die punt, u het niks daarmee te doen gehad nie, hulle was vrygelaat gewees, hulle is nou - hulle is nou nie meer onder u beheer nie, hulle is nou vrye persone wat van die Veiligheidspolisie kon - kon wegstap nie waar nie?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Waarom dan het u nie vir Kaptein Dirk Coetzee wie onder u bevel was, gesê wel sodra hulle regtens vrygelaat is, laat hulle loop.

**BRIG SCHOON:**
Ek weet nie of iemand anderste vir hom daarna verder opdragte gegee het nie.

**ADV GOOSEN:**
Die - die - is dit Luitenant Kolonel Gloy?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Waar was hy gestasioneer?

**BRIG SCHOON:**
By die Seksie-E.

**ADV GOOSEN:**
Seksie-E?

**BRIG SCHOON**:
Die mense wat met aanhoudings gehandel het.
**ADV GOOSEN**:
Was hy u senior gewees?
**BRIG SCHOON**:
Nee, maar sy bevelvoerder het ook in die kantoor gesit.
**ADV GOOSEN**:
Wie was sy bevelvoerder gewees?
**BRIG SCHOON**:
Op daai stadium Kolonel Broodryk.
**ADV GOOSEN**:
Kolonel Broodryk?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Was hy u senior gewees?
**BRIG SCHOON**:
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
So verstaan ek u reg brigadier u het verstaan dat Broodryk en Gloy wou hê dat hierdie twee persone vermoor moet word is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Gloy - Broodryk was by - het nie aan die gesprek deelgeneem nie.
**ADV GOOSEN:**
Nee - nee maar hy was by gewees toe Gloy gesê het luister hierdie man - nee hulle gaan nie weer aangehou word nie, die kwessie van samewerking is ook uit, hulle moet - hulle moet uit die weg geruim word.
**BRIG SCHOON:**
Hy was by ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
Is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
So u het dit verstaan? U senior was by gewees, hy was daar in die vertrek gewees toe daar gepraat is oor die eliminering van daardie twee persone, die doodmaak van daardie twee persone. En u het verstaan dat dit is wat hy wou hê, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En die persoon is toe inderdaad vrygelaat - die twee persone is toe inderdaad vrygelaat.
**BRIG SCHOON:**
Ek vermoed so ja.
**ADV GOOSEN:**
Nee maar u sê - u sê u vermoed so.
**BRIG SCHOON:**
Ja kyk ek - ek het met die vrylating niks te doen gehad nie.
Ja - nee ek verstaan dit was nie binne u - dit was nie binne u werk gewees om die vrylating te hanteer nie, maar volgens u verklaring wat u gesê het is die twee persone is vrygelaat en u het daarna opdrag gegee aan Dirk Coetzee om te probeer...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Nee - nee voor - voor dit - voordat hulle vrygelaat is het ek vir hom gesê dat na my mening is dit die pad wat ons moet loop.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Ja maar u het nou so pas 'n paar minute gelede gesê dat u het besef nee wag u weet u kan nie hierdie - u kan nie vir Gloy en Broek - is dit Broeksma - Broodryk oorreed nie, so u het nog - nogtans vir Dirk Coetzee gesê probeer weer eens om hierdie persone te werf.
**BRIG SCHOON**:
Ek - mnr die Kommissaris ek is nie seker dat dit Coetzee was nie, dit kon iemand anders gewees het.
**ADV GOOSEN**:
Goed wel - u het vir 'n persoon.
**BRIG SCHOON**:
Die persoon.
**ADV GOOSEN**:
Die persoon gesê probeer weer om hierdie persone te werf.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En die rede waarom u dit gedoen het was - het u saamgestem dat hierdie twee persone net uit die vuis doodgemaak moes word is dit reg.
**BRIG SCHOON**:
Ja - ja.
**ADV NTSEBEZA**:
Can I just try to understand what went on there, on your own evidence and on your own deposition, do I understand the position to be that these two persons were released from police custody, is that right - is that right?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV NTSEBEZA**:
And you then instructed Dirk Coetzee to try and persuade them to work for the SAP as informers, is that right?
**BRIG SCHOON**:
Ek is nie seker dat dit Coetzee was nie, dit kon iemand anderste gewees het, maar ek is nou heeltemal verward.
**ADV NTSEBEZA**:
Now I am trying to follow - I am trying to follow, if you look at your statement.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV NTSEBEZA**:
On you know paragraph 4.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV NTSEBEZA**:
Now you then say, obviously because he had failed to persuade them to work or after you had instructed him - after you had instructed Coetzee to persuade them, she took them to a safe house in Komatipoort.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Now did it occur to you that at that time - at that point taken them to a safe house, whatever you mean by that, was actually unlawful. They were not being taken in terms of the law, even such as the law where - where laws were at that stage.

He was not being taken in terms of Section 6 of the Terrorism Act of the Internal Security Act as it then was. Do you agree?

**BRIG SCHOON:**

Ek stem saam.

**ADV NTSEBEZA:**

So that the removal of this person to this so-called safe house was an illegal act, it was an unlawful act, it was not an act in terms of the law, do you agree?

**BRIG SCHOON:**

Ja - ja.

**ADV NTSEBEZA:**

It was actually an abduction. Would you agree?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV NTSEBEZA:**

Now - let's forget for the moment that you had ordered him to be abducted, the fact of the matter do you agree that when Coetzee took this person to a safe house, he was not officially in police custody and to your knowledge as head of C-unit, the person was being kept illegally at a place where officially he could not be accounted for. Do you agree?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV NTSEBEZA:**

It was a situation where a person could easily disappear and in relation to which the police could easily claim no knowledge, because official records showed him, to have been released from police custody. Is that right - is that right?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV NTSEBEZA:**

And it was therefore a situation that easily lender itself to a person being eliminated without any official trace, the police could easily claim that the person had been freed from police custody, we don't know what happened to him.

Is that right?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV NTSEBEZA:**

And therefore I think what advocate Glen Goosen is trying to get you to appreciate and to possibly get your concern is whether you are appreciate that you were actually party to an unlawful act of abduction. And that even though you were not the one who pulled the trigger, you were party to the deaths of those two persons.

Would you agree?

**BRIG SCHOON:**

Ek besef dit.

**ADV NTSEBEZA:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Advocate Goosen.

**ADV GOOSEN**:
Thank you very much.

**MS GOBODO**:
Can I ask just something.

**ADV GOOSEN**:
Yes.

**DR BORAINE**:
Could you - could you just go through the chair rather than through advocate Goosen - so I know exactly what's going on, then I can ask you...[intervention]

**MS GOBODO**:
Oh! sorry.

**DR BORAINE**:
Right Ms Gobodo.

**MS GOBODO**:
Ja thanks chairperson - I am glad that we do have a chair.

**DR BORAINE**:
Thank you - I am too.

**MS GOBODO**:
Just one little detail but I think it is important. We have heard yesterday that there is brigadier at the time Viktor who was involved with Vlakplaas and you yourself did make mention of Viktor's name. I am hoping that you will remember Viktor and I just wanted to know whether you - he was involved in this incidence of the arrangements around the Mavuso case.

You did say when you were giving your evidence, that the names of Mavuso and Dlamini don't mean a thing, but you do remember the facts. So are you able to enlighten us about Viktor's involvement at the time whether he was in fact one of the people working with you around this case.

**BRIG SCHOON**:
Nie so ver ek weet nie mnr die Kommissaris.

**MS GOBODO**:
When you - sorry chair - when you mentioned Viktor what was the context in which you mentioned him, why did you remember Viktor as one of the people who were involved with Vlakplaas?

**BRIG SCHOON**:
Hy was die voorganger - my voorganger op Vlakplaas, ek het by hom oorgeneem.

**DR BORAINE**:
Advocate Goosen.

**ADV GOOSEN**:
**Thank you very much Mr Chairperson,** brigadier waarom het u niks gedoen toe u ingelig is dat die twee persone doodgemaak is nie, waarom het u niks daaromtrent gedoen nie?

**BRIG SCHOON**:
Omdat ek myself mede-aandadig gevoel het aan hierdie ding.

**ADV GOOSEN**:

ARCHIVE FOR JUSTICE

Is dit omdat u aanvaar het dat die doodmaak van die twee persone, noodwendig sou voortvloei uit die feit dat daardie twee persone nie sou saamwerk nie.

**BRIG SCHOON**:

Ek verstaan u nou nie mooi nie meneer.

**ADV GOOSEN**:

Goed, u het gesê u het uself as mede-aandadig gevoel.

**BRIG SCHOON**:

Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
U mede-aandadigheid was dit as gevolg van die feit dat u besef het dat as hierdie twee persone nie saamwerk nie, dat die gevolg daarvan sou wees dat hulle doodgemaak sou word.

**BRIG SCHOON:**
Nie noodwendig dat hulle doodgemaak sou word nie.

**ADV GOOSEN:**
Waarom het u dan...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Maar toe - maar toe hulle nou doodgemaak is, moes ek daarmee saamleef en ek - op daai stadium het ek my - het ek ook skuldig gevoel aan hulle dood.

**ADV GOOSEN:**
Was u skuldig soos wat u destyds u gesê het u nou - u wou nie destyds gehad het dat hierdie persone doodgemaak moes word nie.

**BRIG SCHOON:**
Mnr die Kommissaris as ek die saak persoonlik - self sou gehanteer het, dan sou ek hulle nie doodgemaak het nie.

**ADV GOOSEN:**
Kan ek jou net mooi verstaan brigadier, Dirk Coetzee en Eugene de Kock is twee persone wat onder u direkte bevel ressorteer is dit reg?

**BRIG SCHOON:**
Dit was so.

**ADV GOOSEN:**
Die twee persone.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Was dit praktyk in die Veiligheidspolisie dat 'n ander bevelvoerder van 'n ander seksie van u manskappe opdragte kon gee selfs opdragte waarmee u nie saamstem het nie.

**BRIG SCHOON:**
Dit was moontlik veral as hulle in die afdelings werksaam was, waar hulle dan vir daardie tydperk wat hulle daar teenwoordig is, vir alle praktiese doeleindes afgedeel is aan daardie afdelingsbevelvoerder en onder sy toesig moes werk.

**ADV GOOSEN:**
Ja maar hier het ons 'n situasie waar die twee persone - hulle is aangehou deur lede van 'n ander seksie, u seksie het niks daarmee uit te waai nie, u het ook geen bevoegdheid ten opsigte van die vrylating van daardie persone nie, daai twee persone word gehanteer deur 'n ander seksie.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Een van u lede of dit nou Kaptein Dirk Coetzee was of Kolonel Eugene de Kock, dit maak nie eintlik saak nie, maar die bevelvoerder van die Vlakplaas-eenheid wat direk onder u ressorteer, hy word opdrag gegee dat hierdie persone doodgemaak moes word.

U stem nie daarmee saam nie.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Sê u dat daar was absoluut niks wat u kon doen om u self te distansieer van daardie opdrag nie, of nie net distansieer nie, maar ook om verdere optrede te loods ten opsigte van daardie opdrag waarmee u nie saamgestem het nie.

**BRIG SCHOON:**

Vandag sien ek dit anders mnr die Kommissaris en ek voel skuldig.

**ADV GOOSEN:**

Is dit nie so nie brigadier dat destyds - dat u aanvaar het dat as 'n persoon aangehou is en die aanhouding skep 'n probleem, hy kan nie verder aangehou word nie vir watter rede ook al, hy kan nie vrygelaat word nie, vir watter rede ook al, dat in daardie omstandighede, die persoon doodgemaak sou word en u dit aanvaar as 'n metode van optrede deur die Veiligheidslede en ook die seksie wat u - waar u in bevel was.

Is dit nie korrek nie?

**BRIG SCHOON:**

Nee - nee. Dit was geïsoleerde gevalle maar dit was nie die praktyk nie.

**ADV GOOSEN:**

In omstandighede waar sê nou 'n persoon is aangehou en die persoon is tydens aanhouding is hy aangerand. En erg aangerand, en daar is nie - daar is nie 'n basis om hom regtens, kragtens Artikel 6 of kragtens Artikel 29 van die Wet soos dit later was, dat dit nie moontlik is om hom regtens verder aan te hou nie.

Maar die persoon is baie erg aangerand, baie erg aangerand, hy is nie dood nie, maar hy is amper dood. Dat daardie probleem opgelos kon word deur die moord of die - of die doodmaak van daardie persoon.

ARCHIVE FOR JUSTICE

Sal u dit aanvaar?

**BRIG SCHOON:**

Dit is moontlik.

**ADV GOOSEN:**

Sou dit dan 'n geïsoleerde geval wees soos wat u dit nou aandui?

**BRIG SCHOON:**

Dit kon so wees ja.

**ADV GOOSEN:**

Dit kon so wees.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

En in daai - daardie omstandighede sou die - sou dit so wees dat die bevelvoerder van die Veiligheidstak waar daardie persoon nou aangehou was, en waar die probleem ontstaan het - sou moontlik vir u gekontak en gesê hier het ons nou 'n probleem. Dit is nou wat gebeur - kan u ons behulpsaam wees, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ek dra nie kennis van so 'n geval nie.

**ADV GOOSEN:**

U dra nie kennis daarvan nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**
Maar hier het ons 'n geval waar die Vlakplaas lede betrek is by die moord van twee lede, twee aangehoudendes waar daar 'n probleem was met hulle verdere aanhouding. En ook 'n probleem met hulle vrylating, nie waar nie?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou hoe het dit gekom dat die Vlakplaas lede daarby betrek was.
**BRIG SCHOON:**
Dit was op versoek van die aanhouding seksie.
**ADV GOOSEN:**
Was dit - was dit 'n ongewone ding dat daar so 'n aansoek gekom het?
**BRIG SCHOON:**
Dit was die uitsondering op die reël, dit is die enigste keer waarvan ek bewus is dat daar so 'n versoek was.
**ADV GOOSEN:**
En dit was soos - volgens u herinneringe 1981 daar rond geweess.
**BRIG SCHOON:**
Nee - nee - nee.
**ADV GOOSEN:**
Nie, o! verskoning - verskoning.
**BRIG SCHOON:**
Die omstandighede - ek weet nie watter jaar dit plaasgevind het nie.
**ADV GOOSEN:**
So u sê daar was net een sodanige geval.
**BRIG SCHOON:**
Dis die enigste geval wat ek kan onthou waar ek gevra was om behulpsaam te wees. En wie die persoon is wat uiteindelik die taak gaan verrig het, kan ek op hierdie stadium nie onthou nie.

Dit kon moontlik Kolonel Jack Cronje gewees het - as dit nie - as dit nie Coetzee was nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja, Jack Cronje was die hoof van die Veiligheidstak te Noord Transvaal is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Hy was op 'n stadium ook by Vlakplaas betrokke. Hier in die 83 - 19 - net voor - net voordat De Kock daar oorgeneem het - De Kock het juis by hom oorgeneem.
**ADV GOOSEN:**
H'm, so u sê daar was net daai een geval.
**BRIG SCHOON:**
Dit is...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Waar...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Dit is die enigste geval waarvan ek bewus is.
**ADV GOOSEN:**
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE:**
Mr Ntsebeza would like to put a question.
**ADV NTSEBEZA:**
Brigadier I just have problems in following your evidence as your not having appreciated it at the time. You not having appreciating it at the time that this person was going to be killed and that there was nothing you could do about it.

Now as I understand it, from your evidence, the talk of his being eliminated did take place, is that correct before they were killed?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV NTSEBEZA**:
And according to you, you indicated your displeasure that it was not the correct thing to do, but some of the people insisted that - that should be so, is that correct?
**BRIG SCHOON**:
Dit is reg.
**ADV NTSEBEZA**:
And then they were taken, these two people were taken to Komatipoort.
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie of dit Komatipoort was nie, maar hulle is in elk geval weggeneem na 'n plek toe en dit is waar hulle doodgemaak is, maar ek kan nie sê dit was Komatipoort nie, ek weet net hulle is weggeneem.
**ADV NTSEBEZA**:
Ja for purposes of this let's accept that this safe house you talking about too was at Komatipoort, is that correct?

Now what I would like to know when they were being removed after this sort of discussion that had taken place, one, they were not being kept at that place in terms of the law, because they had been released from the provisions of the law, is that right?

When they were being removed to that safe place, they were illegally being removed there.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV NTSEBEZA**:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

And before they were being removed there and before they were removed in your own evidence - to your own admission - there had been talk of them being eliminated if they don't co-operate, if they don't become part of Vlakplaas unit, to which you yourself had objected according to your evidence, is that right?
**BRIG SCHOON**:
Nee die aanvanklike besprekings het ek dit teengestaan dat hulle moet doodgemaak word. Ek het aange - ek het aanbeveel dat hulle liewerste gerehabiliteer moet word, dat hulle gedraai moet word om saam te werk en op daai stadium het ek geweet dat hulle wel doodgemaak gaan word.
**ADV NTSEBEZA**:
Yes.
**BRIG SCHOON**:
Maar die ander party, hulle was redelik adamant dat die mense doodgemaak moet word.
**ADV NTSEBEZA**:
Yes, ja what I am saying is that when they were taken to this other place, you reasonably expected that if those who take them to the safe house for the purpose of further persuading them to play ball with them, failed in doing so.

There was a likelihood, not just a possibility - there was a likelihood that they were going to be killed.
**BRIG SCHOON**:
Ja daar was wel so 'n moontlikheid, maar hulle kon...[intervention]
**ADV NTSEBEZA**:

Not just a possibility, it was a probability, because the people who are removing them from you - were those who were reasonably of the view that they must be eliminated.

On just your own evidence.

**BRIG SCHOON**:

Nee - nee die persone wat hulle verwyder het, was nie die persone wat daarop aangedring het dat hulle uitgewis moet word nie.

**ADV NTSEBEZA**:

But okay now but the people them to this place, when they took them away to you it was a probability that if those people failed to co-operate as advocate Goosen said, it was just not going to be possible for them to be released, because they were being illegally held and they had been - maybe they had been illegally abducted from elsewhere before they were brought into the country.

This thing would get into the newspapers if they were released, they would say all the things that had been done to them, and those were the sort of things that in that unit did not want to be revealed isn't it?

**BRIG SCHOON**:

Ja.

**ADV NTSEBEZA**:

They were not going to be possible to be released and therefore if they were not going to be released, isn't it so that the reason for them to be killed that whatever had happened to them, should never see the light of day.

And secondly because as the police knew exactly that if an inquiry was made you would easily claim that this people who were released from police custody from such and such a date.

Is that what made you feel confident that even if you don't report that, it will never be known.

**BRIG SCHOON**:

Nee - nee mnr die Kommissaris, ek wil dit rapporteer want ek wil graag boetedoening doen, my aandeel blootlê en indien dit moontlik is, om amnestie aansoek te doen. En dit is waarom ek graag die feite van die saak op die tafel wil lê.

**ADV NTSEBEZA**:

Yes no I understand the position now, but what I am trying to get at - this position was clear to you then, isn't it so that you were safe or secure in the knowledge that even if there was an inquiry, the police would be able to show that this person had been released from police custody.

Is that not what persuaded you not to talk or not to report the matter for investigation when you were told by Coetzee that he had killed these people.

**BRIG SCHOON**:

Wel ek glo nie ek kan nie ja of nee antwoord nie.

**ADV NTSEBEZA**:

Very strange - very strange that you are not able to do so, I am trying to suggest a bases otherwise we are going to come back to what advocate Goosen has been asking all along. Why is it that you did not take an action, this was a murder, it was a double murder and you have been charged - you know of a situation. And you were the one who was in charge, somebody comes an [indistinct] comes you and says I have murdered two persons, you just look the other way.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Can you then give a rational explanation why you didn't do so at the time, because you are trying to say now you feel guilty now. Why didn't you feel guilty at the time, it was something for you to have been able to feel guilty about, was it not - two murders. I see you don't choose to answer.

**BRIG SCHOON:**

Meneer - mnr die Kommissaris, dit is maar net menslik om vir jouself te probeer skerm.

**ADV NTSEBEZA:**

I see, you see maybe this is what advocate Goosen is going to go into, he mentioned a pattern whilst you were there did you hear of a person called Maponya - Japie Maponya?

**BRIG SCHOON:**

Die - ek het van Japie Maponya gehoor by die Harms Kommissie.

**ADV NTSEBEZA:**

But you were still in Vlakplaas at that time, were you not in 1985?

**BRIG SCHOON:**

Ek was by hoofkantoor in 1985.

**ADV NTSEBEZA:**

Oh! I see, now you see when we talk of patterns, there will be other instances that advocate Goosen will be talking to you about, exactly a similar situation had taken place in Japie Maponya's case. He was taken to a place not in terms of the law, he was not held in detention, he was actually abducted like in this particular case.

Now how do you persuade us that there wasn't a pattern in the way in which things were done from Vlakplaas.

**BRIG SCHOON:**

Dit is moontlik dat daar 'n patroon was- dat die gevalle op mekaar geslaan het, maar ek - ek het niks daarmee te doen gehad nie, ek was nie by nie.

**ADV NTSEBEZA:**

Now yes you see the problem is that for you to be responsible for a crime and a murder I am sure you know this, you don't have necessarily to have been there and this is I think what the Commission would like to get you to accept that you must accept some responsibility for the murder of these two persons - just from the circumstances which you have described in your own evidence.

Do you agree, you knew that they could be killed, and you were in a position where you could have prevented them from being killed and you did nothing. at it's fairest that's what you should be possible - should be possible for you to accept - do you accept that?

You knew they could have been killed.

**BRIG SCHOON:**

Ja ek...[intervention]

**ADV NTSEBEZA:**

Thank you.

**DR BORAINE:**

Could I just one - one follow up question, in your evidence you say that when Coetzee or someone like him returned and that he had killed these two men, you've told us you did nothing in terms of reporting him and so on.

But did you discuss this with anyone, for example Lieutenant colonel Gloy or Colonel Broodryk. I mean just think back now this is a very serious situation, it's not something that you wouldn't remember - it's a very serious situation.

This person comes to you and says listen these guys wouldn't co-operate so I just had to kill them **... end of Tape 2, Side A ...** you obviously didn't rebuke this person he wasn't dismissed. He wasn't accused, he wasn't brought on trial for murder but did you even discuss this with the people who originated the idea - who first said these guys must go. And you in your evidence say, you said no wait a minute let's at least try and turn them. And get their co-operation, but there was clearly a possibility - a likelihood if that didn't happen they would die in any case.

But there were at least two people who were directly involved in the first discussion - at least two. Now I find it difficult to understand that they weren't told about this or there were some report made to your immediate superior that look we tried to do this, but they failed, so I've now - it has been reported to me that they have been executed or killed.

Did you have any discussion at all with anyone?

**BRIG SCHOON**:
Nee daar - daar nie Kommissaris.

**DR BORAINE**:
You are under oath.

**BRIG SCHOON**:
I am under oath yes.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE:**
And let me repeat the question, you didn't discuss this matter with anyone at all - so only the person who killed these two men, and you were the only two knew about it. So the only two of you could have done anything about it.
**BRIG SCHOON:**
Nee na die beste van my wete Kommissaris het die man dit aan my kom rapporteer daarna - en ek glo hy het ook aan die aanhouding seksie so 'n verslag gaan maak.
**DR BORAINE:**
But he actually - you were his superior officer - he worked - he had to report to you.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**DR BORAINE:**
You were in charge and you never discussed this with - with Lieutenant colonel Gloy or anyone you just - it had happened and that's it.
**BRIG SCHOON:**
Na die beste van my wete het ek dit nie gedoen nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE:**
Thank you.
**ADV GOOSEN:**
**Thank you very much Mr Chairperson**, brigadier waarom sou die persoon ook aan die aanhouding seksie 'n verslag maak dat die persone nou doodgemaak is.
**BRIG SCHOON:**
Wel dit is...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Vir watter rede?
**BRIG SCHOON:**
Net om hom in te lig.
**ADV GOOSEN:**
Waarom is dit nodig om 'n persoon in te lig dat jy 'n moord gepleeg het.
**BRIG SCHOON:**
Wel as ek dit beveel het - dan is dit seker logies dat ek - dat die man vir my sal kom sê.
**ADV GOOSEN:**
Volgens daardie persoon is sy probleem weg, die persone is vrygelaat die rekords sou dan aandui die twee persone is aangehou - op 'n sekere datum is hulle weer vrygelaat en daar kan geen vinger gewys word na Veiligheidstak nie, want die twee persone is toe weer later vrygelaat en hulle is weg, ons weet nie waar hulle is nie, ons het hulle nie, dis mos 'n logiese antwoord nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou waarom dan nodig om daardie persoon dan in te lig, luister hulle is vrygelaat, maar na hulle vrylating het ons hulle doodgemaak en op so 'n so plek begrawe of dit en dat met hulle gedoen.

Skep dit nie 'n probleem - 'n Veiligheidsprobleem vir die persone wat betrokke was by die moord nie, of die moorde.
**BRIG SCHOON:**
Dit is so.
**ADV GOOSEN:**
Om daardie rede is dit onwaarskynlik dat die persone ook 'n verslag sou gedoen het aan die persone by die aanhouding seksie nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja ek is - dit is 'n moontlikheid.
**ADV GOOSEN:**
Want die Vlakplaas-eenheid lede in hierdie geval is gebruik om 'n probleem op te los en die probleem is opgelos, die moorde op die twee persone nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja en die **need to know** basis is dan ook so dat dit onnodig sou wees om te veel inligting oor te dra aan ander persone wat dit nie nodig het nie. En die persone in die aanhouding seksie hoef nie te weet dat die twee persone doodgemaak is nie, nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Wel dit was op hulle aandrang dat dit gedoen is.

**ADV GOOSEN**:

Ja, sou u verbaas wees as ek vir u sê dat dit - dat daar ook ander gevalle was waar 'n persoon aangehou is, en dan vrygelaat is - formeel vrygelaat is en daarna doodgemaak is deur Vlakplaas-lede sou dit u verbaas of nie?

**BRIG SCHOON**:

Dit is 'n moontlikheid.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Nee - nee sou dit u verbaas brigadier?
**BRIG SCHOON:**
Wel dit is moontlik.
**ADV GOOSEN:**
Dit verbaas u nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Maar u sê u dra nie kennis van sodanige ander gevalle nie is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek dra nie...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
U weet nie daarvan nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek dra nie persoon nie.
**ADV GOOSEN:**
U sien, want in 1981 was daar 'n persoon aangehou in die Oos-Kaap, die persoon is in hegtenis geneem op 'n stadium. Hy is formeel aangehou, hy is ondervra deur lede van die Veiligheidspolisie in die Oos-Kaap gestasioneer in Port Elizabeth, hy is aangehou te Jeffreysbaai. Die persoon se naam is Goniswe Kondile.

Hy is aangerand en as gevolg van die aanranding het hy ernstige kopbeserings aangedoen - opgedoen. Hy is vrygelaat - formeel vrygelaat en hy is deur onder andere lede van die Vlakplaas-eenheid onder u bevel vermoor.

Dra u enige kennis van daardie geval?
**BRIG SCHOON:**
Nee Kommissaris.
**ADV GOOSEN:**
Hoe is dit moontlik dat u as leier van C-seksie geen kennis dra van 'n optrede wat deur u lede in samewerking met die Veiligheidstak lede van Port Elizabeth uitgevoer is. Hoe werk dit dat u nie weet nie?
**BRIG SCHOON:**
As dit daarvandaan af uitgevoer is dan moes die mense soontoe gewees het of in aanvraag of hulle is daarheen gestuur en as hulle daar kom dan sou hulle onder bevel gewees het van daardie plaaslike takbevelvoerder.

En hy kon hulle dan taak sonder dat ek daarvan ooit sou geweet het.

**ADV GOOSEN:**
Goed, kom ons aanvaar dit nou net vir die oomblik - Nick van Rensburg was op 'n stadium die hoof van die Veiligheidstak te Port Elizabeth, vroeg tagtiger jare is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ek onthou so iets ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja - ja destyds op daardie stadium ook vroeg tagtiger jare was Herman du Plessis ook daar gewees - daar in Port Elizabeth gestasioneer. Is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja, u het mos baie nou saam met hierdie persone saamgewerk toe hulle ook verplaas is na Veiligheidshoofkantoor, u ken hulle, u ken hulle goed nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee - Van Rensburg ken ek glad nie.
**ADV GOOSEN:**
Glad nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek weet van hom, ek het hom gesien - nooit saam met hom gewerk nie.
**ADV GOOSEN:**
O! nooit ontmoet nie?
**BRIG SCHOON:**
Ontmoet.
**ADV GOOSEN:**
Ontmoet.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Goed, Herman du Plessis?
**BRIG SCHOON:**
Herman du Plessis het voordat ek afgetree het, het hy by hoofkantoor gewerk en terwyl hy op Port Elizabeth was, het ek hom soms gesien met konferensies.
**ADV GOOSEN:**
In elk geval Nick van Rensburg is die hoof van Veiligheidstak te Port Elizabeth en hy gee 'n opdrag - kom ons aanvaar dit werk so. Hy gee 'n opdrag vir Dirk Coetzee om af te kom Port Elizabeth toe en u dra geen kennis daarvan nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee ek sou miskien...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Sal dit so werk?
**BRIG SCHOON:**
Ek sou miskien kennis gedra het dat hy daarheen is, maar ek sou nie geweet het wat hy daar gaan maak het nie.
**ADV GOOSEN:**
En Dirk Coetzee tel hierdie aangehoudendes op, tesame met ander persone - en hy ry in 'n Staatsvoertuig na Komatipoort toe, en daar by Komatipoort vermoor hulle die

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

persoon, en hy ry dan terug in die Staatsvoertuig so 'n paar dae later en hy kom terug na - na Vlakplaas toe en in hierdie hele tydperk, wat hy nou weg is, dra u geen kennis en is daar geen kontrole om te weet wat Dirk Coetzee mee besig is nie, oor daardie tydperk.. Is dit wat u sê?

**BRIG SCHOON**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

Nou wat - wat was u posisie gewees as hoof van C-seksie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ek was oorhoofs in bevel van 'n paar seksies.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
CC-1, C-2, CC-3.
**ADV GOOSEN:**
Een van hulle was Vlakplaas, C-1.
**BRIG SCHOON:**
Vlakplaas was C-1.
**ADV GOOSEN:**
Ja, nou...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
En ek wil miskien net sê Kommissaris op daardie stadium was daar 'n kolonel Van Rensburg wat direk in bevel was van Coetzee toe hy daar was.
**ADV GOOSEN:**
Direk in bevel van?
**BRIG SCHOON:**
Van Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
En baie van die onderhandelings het deur hom geskied nie deur my nie.
**ADV GOOSEN:**
Ek sien, nie deur u nie. So wil u sê u het eintlik geen kennis gedra van wat die - wat die werklike werk van die lede van Vlakplaas was nie. Is dit wat u probeer sê?
**BRIG SCHOON:**
Dit is wat ek probeer sê.
**ADV GOOSEN:**
En u sal met my saamstem brigadier dat so 'n antwoord pas in by die verstaanbare wil om uself te beskerm, korrek?
**BRIG SCHOON:**
Nie...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Ek sal in Engels oorslaan as u - as u wil.
**BRIG SCHOON:**
Nee.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
U het voorheen - u het voorheen getuig dat dit is verstaanbaar dat u, uself wil beskerm, u sal met my saamstem dat die antwoord wat u nou net gegee het, pas baie mooi in by daardie verstaanbare wil om uself te beskerm.

**BRIG SCHOON:**
In dié opsig dat as ons nou praat van die werksaamhede van Vlakplaas se mense wat uitgeplaas word na 'n afdeling toe en ek het geen direkte beheer oor hulle nie, en om daardie rede het ons dan ook 'n omsendbrief uitgestuur wat die afdelingsbevelvoerders verplig om oor hierdie mense toesig te hou.

**ADV GOOSEN:**
Ja.

**BRIG SCHOON:**
Want dit kon nie vanuit hoofkantoor gedoen word nie.

**ADV GOOSEN:**
Is dit nie korrek brigadier dat u op 'n stadium bevel uitgereik het dat geen koeverte operasies mag plaasvind sonder u toestemming nie.

**BRIG SCHOON:**
Nee ek dra nie van so 'n bevel kennis nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Geensins.
**BRIG SCHOON**:
Nee.
**ADV GOOSEN**:
Onthou u kaptein Baker?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
'n Baker.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Onder u bevel gewees op 'n stadium C-seksie, hoofkantoor, onthou u dit?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
1988 het u nie 'n bevel uitgereik dat alle koeverte operasies wat plaasvind, dat geen koeverte operasies moet sonder u toestemming plaasvind nie.
**BRIG SCHOON**:
Dit is moontlik as u my geheue kan verfris dan sal ek bly wees.
**ADV GOOSEN**:
Wel ek sal graag hê u sal moet kyk na hierdie dokument asseblief. Onder links daar dokument is dit u handtekening wat daar verskyn?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Die tweede paragraaf daar, alle koeverte operasies, geen koeverte operasies sonder Brigadier Schoon se toestemming nie. 'n Bevel wat uitgereik is destyds na Eugene de Kock, korrek, u handtekening verskyn daar.
**BRIG SCHOON**:
Ja nee ek - ek het hierdie ding geparafeer.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Dit is 'n verslag wat gedoen is nadat van die spanne teruggekom het, ek het nie hierdie - die geskrewe deel is hulle verslag.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Maar dit is nie 'n verslag nie. Dit gaan oor bevele wat uitgereik is.
**BRIG SCHOON**:
Ja dit is - dit is bevele wat deur Kaptein Baker uitgereik is.
**ADV GOOSEN**:
Wat deur u geparafeer is.
**BRIG SCHOON**:
Dit is korrek.
**ADV GOOSEN**:
En dit sê dat daar geen koeverte operasies - geen koeverte operasies kan plaasvind sonder u toestemming nie, is dit reg.
**BRIG SCHOON**:
Ja dit is reg.
**ADV GOOSEN**:
Onthou u daardie bevel?
**BRIG SCHOON**:
Nee.
**ADV GOOSEN**:
Daardie bevel sou nie - dit sou nie - dit sou 'n verstaanbare bevel gewees het nie waar nie?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, want u wil nie hê dat koeverte operasies sommer net deur enige een van u persone onder u bevel uitgevoer word nie. U sou wou reël dat daardie operasies in 'n reëlmatige en op 'n korrekte basis uitgevoer word, nie waar nie?

Dat daar inderdaad toestemming is vir daardie operasies, nie so nie.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, nou ek neem aan - ek neem aan dat dit - dat daar wel 'n bevelstruktuur was in die Veiligheidspolisie, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, 'n lid van die Veiligheidspolisie kan nie net sommer optree uit sy eie wil nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Bevele word uitgereik, opdragte word gegee - daar word verwag dat 'n persoon verantwoording doen vir dit wat hy doen, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, en dit was ook die geval by C-seksie nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**
Dit was so ver ek weet.
**ADV GOOSEN:**
Ja en dis waarom u in bevel van C-seksie geplaas was en nie Dirk Coetzee nie, of nie iemand anders nie. U was in 'n posisie geplaas om bevel en opdragte of bevele uit te reik en opdragte te gee, korrek?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en daar sou van u verwag word om ten opsigte van die magte wat u gegee is, verantwoording te doen daarvoor nie waar nie?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
So u sou moes kon verantwoording doen vir die operasies, die optredes, die werk wat die lede van C-seksie gedoen het, is dit reg?
**ADV GOOSEN**:
Nie as hulle dit in een of - in 'n ander afdeling gaan doen het nie, onder bevel van daardie afdelingsbevelvoerder.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Dan sou ek nie oor hulle kon beheer uitoefen nie.
**ADV GOOSEN**:
So - goed okay so verstaan ek u - verstaan ek u reg, u is die hoof van C-seksie, onder C-seksie is C-1, Vlakplaas.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
So daar buitekant Pretoria, daar is die plaas - hele klomp lede wat daar is, hulle het hulle eie interne bevelstruktuur. En Nick van Rensburg van die Oos-Kaap wil iets - hy wil hê dat lede van Vlakplaas na die Oos-Kaap toe moet kom om - om sekere take daar te verrig.
Wat doen hy, skakel hy vir Dirk Coetzee, tel die telefoon op en hy sê Dirk asseblief dis Nick van Rensburg hier kom asseblief Port Elizabeth toe, ek het iets waarmee u my behulpsaam moet wees, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Dit kan so wees ja.
**ADV GOOSEN**:
Nee het dit so gewerk?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie.
**ADV GOOSEN**:
Nee - nee - nee.
**BRIG SCHOON**:
In die spesifieke geval weet ek nie.
**BRIG SCHOON**:
Nee-nee ek praat nou nie van 'n spesifieke geval nie, ek noem hierdie name net vir - dit kan Jack Cronje gewees het van Noord Transvaal wat vir Eugene de Kock gebel het by Vlakplaas. Dit maak nie saak wie die persone is in hierdie geval.
Het dit so gewerk, het 'n bevelvoerder van 'n Veiligheidstak sommer die telefoon opgetel en gesê asseblief lede van Vlakplaas ek wil hê u moet hiernatoe kom ek het werk vir u hier in hierdie afdeling, hierdie streek.
**BRIG SCHOON**:
Soms het dit wel so gebeur.
**ADV GOOSEN**:
Goed, was dit die - was dit in die uitsondering wat dit so gebeur het.

**BRIG SCHOON:**
Ek sou sê dit was die uitsondering en nie die reël nie.
**ADV GOOSEN:**
Goed, wat was die reël gewees dan?
**BRIG SCHOON:**
Die reël mnr die Kommissaris miskien moet ek vir u net hierdie Bylae B lees, dit handel oor die werksaamhede van hierdie groepe. Ek weet nie of u miskien net self daarna wil kyk nie, en of u wil hê ek moet...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Is u anhangsel B?
**BRIG SCHOON:**
anhangsel B.
**ADV GOOSEN:**
Dis uitgereik in 1981.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**DR BORAINE:**
Watter bladsy asseblief, ja goed ek het dit - u kan voortgaan.
**ADV GOOSEN:**
Kan ek u verwys daarna - of wil u gedeeltes van dit uitlees of kan ek net eers sekere aspekte [onduidelik] - jammer ek vra om verskoning hierdie ding was nie aan nie. Kan ek enkele gedeeltes hieruit met u opklaar.
**BRIG SCHOON:**
Sekerlik meneer.
**ADV GOOSEN:**
Goed, sal u asseblief kyk na dan paragraaf 4 daarvan - dit lees as volg:

> **Ten einde verwarring te voorkom, word die volgende riglyne neergelê.**
> **a. Die uitplasing en onttrekking van spanne sal deur 'n senior offisier van Groep C met die betrokke afdelingsbevelvoerder gereël word.**

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou wie was die afdelingsbevelvoerder van Groep C gewees?
**BRIG SCHOON:**
Ek was die bevel - die oorhoofse bevelvoerder.
**ADV GOOSEN:**
Afdelingsbevelvoerder van Groep C?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja goed, en so daaruit dan:

> **Sodra 'n span uitgeplaas is, moet die senior homself onverwyld by die afdelingsbevelvoerder se kantoor aanmeld.**
> Is dit reg?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Ja.

**Die span sal vir die duur van hulle verblyf in die afdeling onder die bevel in die beheer van die betrokke afdelingsbevelvoerder wees.**

Is dit reg?

**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN**:

**Die span moet uitsluitlik aangewend word om met die opsporing, arrestasie en identifikasie van terroriste behulpsaam te wees.**

Nou die afdelingsbevelvoerder wat daar - waarvan daar gepraat word is byvoorbeeld Nick van Rensburg in die Oos-Kaap of Jack Cronje in die Noord Transvaal of Jack Boegner in die Kwa-Zulu Natal is dit reg?

**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN**:
Ja, maar wie is die senior offisier van Groep C?

**BRIG SCHOON**:
Op daardie stadium was dit Kolonel Van Rensburg.

**ADV GOOSEN**:
Kolonel Van Rensburg.

**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN**:
Nou waarom dan was dit nodig dat - dat u die - die bevelvoerder was van Groep C ten opsigte spesifiek van C-eenheid?

**BRIG SCHOON**:
Ek was oorhoofs in bevel gewees.

**ADV GOOSEN**:
Ja.

**BRIG SCHOON**:
Want C-1 was nie die enigste plig wat aan my toegesê was nie. Benewens C-1 was daar baie ander take wat ek moes verrig.

**ADV GOOSEN**:
Ja, nou ten opsigte van die werksaamhede van C-1 wat was u - wat was u taak gewees?

**BRIG SCHOON**:
Wel ek was in bevel gewees, en ek het dit oorgelaat - ek het my magte gedelegeer aan Kolonel Van Rensburg.

**ADV GOOSEN:**
Goed u sien brigadier ek wil nie snaaks wees nie, maar dit is vir my baie snaaks dat as ons - as ons ondersoek instel na die werksaamhede van C-1, dan kom jy tot 'n punt waar jy of met 'n Dirk Coetzee handel of met 'n Eugene de Kock.

En hulle praat van opdragte wat verkry is deur u kantoor of vanaf u. Nou as ons kom en ons praat en u is die oorhoofse bevelvoerder van C-seksie, en as ons kom by u, dan praat u van 'n onderling, iemand tussen die twee en daar is die probleem.

Wil u aan die Kommissie sê dat die oplossing van tale sake waar Vlakplaas lede betrokke was sal geskied as ons met kolonel Van Rensburg praat en nie met u nie.

**BRIG SCHOON:**
Nee ek sal dit nie noodwendig sê nie, want ek was daar en ek moes kennis gedra het.

**ADV GOOSEN:**
Maar u sê u het nie kennis gedra nie.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
U moes kennis gedra het, maar u het nie.

**BRIG SCHOON:**
Ek het nie.

**ADV GOOSEN:**
So wat het u daar gedoen dan?

**BRIG SCHOON:**
Nee ek kon nie iets doen aan iets waarvan ek nie geweet het nie.

**ADV GOOSEN:**
Ek sal vir u - ek sal ook brigadier en ek wil - ek verseker u ek wil nie snaaks wees nie, maar ek wil ook vir u sê dat die openbaarmaking van feite wat Vlakplaas lede betrek by ongerymdhede by kriminele aktiwiteite, daardie openbaarmaking geskied slegs in daardie gevalle waar daar of 'n kriminele saak hangend is teen 'n persoon of waar op 'n vorige geleentheid 'n onthulling gemaak is deur een of ander lid van Vlakplaas. Maar nie in ander gevalle nie.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
En wat ek ook snaaks vind, is dat daar in talle gevalle eers na die tyd word daar aanvaar dat dit wat gesê is deur Dirk Coetzee in onthulling wat hy gemaak het, of dit wat gesê is deur Eugene de Kock in sy onlangse saak, inderdaad so gebeur het.

Hierdie is 'n geleentheid brigadier waar u en ander lede van die Veiligheidsmagte soos u, 'n geleentheid het waar u feite kan openbaar om hierdie Kommissie behulpsaam te wees. En dit het u ook gesê in u eerste paragraaf van die submissie wat u gemaak het.

Maar ons sien - ons sien nie daardie feite uitkom nie, hulle - dit is - ek vra u oor geleenthede. Ons weet dat Dirk Coetzee het onthullings gemaak ten opsigte van die doodmaak van Kondile - van die doodmaak van Mtimkulu.

Nou hy lieg of hy lieg nie. U weet of lede van Vlakplaas was betrokke of hulle was nie betrokke nie, en die persone wat ons daardie antwoorde kan gee is persone soos

u. Maar as ons vir u en ander soos u vra, dan wys julle of na 'n ondergeskikte of na iemand na bo en u was nie in die kring gewees nie.

As u inderdaad behulpsaam wil wees brigadier asseblief, dan het u hierdie geleentheid om hierdie Kommissie behulpsaam te wees. Gebruik dit asseblief...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Kommissaris - Kommissaris ek wil werklik behulpsaam wees, die dinge het baie jare terug gebeur - ek onthou dit nie en dit is maar al te maklik vir 'n ondergeskikte om te sê Willem Schoon het so gesê - hy het dit gesê - hy het dat gesê. En ek het al die jare het ek s- het ek stilgebly, ek het nooit daarop gereageer nie. En hulle het maar net aangegaan om alles aan my te wil toedig.

Die geval waarvan ek wel kennis het is die ene wat ek geopenbaar het hierso.

**ADV GOOSEN:**
Goed, kom ons draai dan na 'n ander aspek. Wat se motor het u bestuur tydens 1991 kan u onthou?

**BRIG SCHOON:**
'91 'n Audi.

**ADV GOOSEN:**
'81 verskoon tog.

**BRIG SCHOON:**
O! '81, ek dink dit was so - dit was 'n Cortina - Ford Cortina.

**ADV GOOSEN:**
Geel.

**BRIG SCHOON:**
Gele.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Ja, het hy 'n radio in gehad.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Waar is daardie radio bekom?

**BRIG SCHOON:**
Dit is 'n voertuig wat ek by nou Generaal Viktor oorgeneem het, my voorganger op Vlakplaas. En so ver ek weet is dit 'n radio wat hy laat insit het en hy het nog vir my gesê hy los maar die radio daar in.

**ADV GOOSEN:**
En wanneer het u daardie voertuig gekry, aangeskaf?

**BRIG SCHOON:**
Ek het hom oorgeneem by - destyds Kolonel Viktor.

**ADV GOOSEN:**
Wanneer?

**BRIG SCHOON:**
Toe hy - toe hy weg is na die - verplaas is in Desember.

**ADV GOOSEN:**

Ek sien - so volgens u dan as Dirk Coetzee sê dat die radio in daardie voertuig afkomstig was van die voertuig wat bestuur is deur 'n diamantsmokkelaar wat hy en ander persone doodgemaak is, is dit nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee dit is nuus vir my.

**ADV GOOSEN:**

Ja goed, u sê u het geen persoonlike kennis van die doodmaak van daardie diamantsmokkelaar nie.

**BRIG SCHOON:**

Glad nie.

**ADV GOOSEN:**

Ja - ja - u het getuig by die Harms Kommissie is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Die Harms Kommissie het - se bevinding was dat daar geen sodanige **hit squad** was, wat geoppereer het uit - vanaf Vlakplaas is dit reg, min of meer die bevinding?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

En ek neem aan u was bly gewees met daardie resultaat is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Wel ek sal nie sê ek was bly nie, hulle het my probeer druk om te openbaar dat daar oorgrensoptredes was en as u my getuienis gaan lees, gaan u sien dat ek het 'n paar keer op die punt gekom waar ek geweier het om die vrae te antwoord, ten einde nie die oorgrensoptredes te openbaar nie.

Want dit was mense wat gestuur was om mense te gaan doodskiet.

**ADV GOOSEN:**

En ten opsigte van ander gebeure wat daar - wat deur die Harms Kommissie ondersoek is, nie net oorgrensoptredes nie? Het u die binnelandse werksaamhede van die Vlakplaas-eenheid aan die Kommissie oorgedra?

**BRIG SCHOON:**

Ja as ek reg onthou.

**ADV GOOSEN:**

En dit het geensins ongerymdhede of ander - of kriminele aksies behels nie?

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**

Die twee PAC persone was hulle - waar was hulle in hegtenis geneem kan u onthou?

**BRIG SCHOON:**

Ek kan nie onthou waar nie.

**ADV GOOSEN:**

Binnelands of buitelands?

**BRIG SCHOON:**

Ek dink hulle was binnelands in hegtenis geneem.

**ADV GOOSEN:**

So daar was 'n geval waar persone binnelands aangehou is, dan weer vrygelaat en doodgemaak is, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

So in 'n geval waar daar 'n kriminele optrede was, wat nie gehandel het met 'n oorgrensoperasie nie, reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

U het - neem ek aan het dit nie openbaar aan die Harms Kommissie nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Ja, wat was u rede daarvoor?
**BRIG SCHOON:**
Die rede was dat ons - dat die Vlakplaas-operasies moes beskerm word, veral die optredes in die buiteland.
**ADV GOOSEN:**
En dit was inderdaad 'n doel gewees van - van die polisielede wat geroep is om te getuig by die Harms Kommissie?
**BRIG SCHOON:**
Ja, dit is die indruk wat ek gekry het.
**ADV GOOSEN:**
Was daar enige besprekings omtrent daardie doel gewees op enige stadium waarby u betrek was.
**BRIG SCHOON:**
Nie met my - nie met my saam nie, ek was toe alreeds met verlof - ten minste op pensioen.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Ja, maar net vir 'n kort rukkie nie waar nie?
**BRIG SCHOON:**
Ja dit was 'n paar maande al gewees.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en u sou darem 'n belangrike getuie gewees het nie waar nie - voor die Harms Kommissie.
**BRIG SCHOON:**
Wel ek weet nie of ek 'n belangrike getuie was nie, maar ek was 'n getuie.
**ADV GOOSEN:**
Wel u was die hoof van C-seksie gewees.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Oor die tydperk wanneer Dirk Coetzee daar was en die Harms Kommissie het gehandel onder andere met die bewerings wat gemaak is deur Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Sal u met my saamstem dat daar - daar eintlik in proses op dreef gebring is om Dirk Coetzee voor die Harms Kommissie - om sy geloofwaardigheid voor die Harms Kommissie te ondermyn sodat die Kommissie nie 'n bevinding uitbring wat teen Vlakplaas sou wees nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja as daar so 'n proses was, was ek nie deel daarvan nie. Maar ek weet almal het maar vir hulle eie - vir hulle velle geskerm.
**ADV GOOSEN:**
Maar u sê u het nie net vir u eie vel geskerm nie, maar ook vir die van Vlakplaas om dit te beskerm nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja wel eintlik die departement.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en 'n persoon soos Krappies Engelbrecht wat gewerk het op die polisiespan voor die Harms Kommissie, sou dit ook sy beweegredes gewees het.
**BRIG SCHOON:**
Daar is 'n moontlikheid.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
U aanvaar seker vandag dat die Harms Kommissie mislei is, nie waar nie.
**BRIG SCHOON**:
Dit is die indruk wat ek kry.
**ADV GOOSEN**:
Nee - nee dis nie die indruk nie, u aanvaar vandag dat die Harms Kommissie mislei is.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Is dit nie so dat u die mis - u ook deelneem - deelgeneem het in die misleiding van die Harms Kommissie nie.
**BRIG SCHOON**:
Dit mag so wees.
**ADV GOOSEN**:
Nee - nee was dit so of...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie kan u vir my 'n voorbeeld noem asseblief.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Wel het u die werksaamhede van die Vlakplaas-eenheid en die betrokkenheid van die Vlakplaas-eenheid en lede van die Vlakplaas-eenheid by onder andere moorde geopenbaar of nie?
**BRIG SCHOON:**
Op daai stadium was ek nie bewus van moorde nie, behalwe hierdie een geval. En dit het ek nie openbaar nie.
**ADV GOOSEN:**
Verstaan ek u reg brigadier dat u sê tydens 1990 voor die Harms Kommissie was u nie bewus van enige moord of enige ander ongerymdhede behalwe - behalwe die moord wat gepleeg is op die twee persone wat vrygelaat is na aanhouding. Is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
En - en dan die bewering dat Vlakplaas betrokke was by die moord op prokureur Mxenge.
**ADV GOOSEN:**
Mlungini.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Mxenge. - nee maar het - maar u het - het u - u het geweet dat daar 'n bewering was wat gemaak is deur Nofomela en Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Of Nofomela dat Vlakplaas lede betrokke was daarby.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Maar u het nie voor die Harms Kommissie gesê dit is inderdaad so nie, want u sê vandag u dra nie kennis van daardie geval nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ek het nie oor feite beskik om dit te sê nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja, so dit was maklik vir u en die ander lede om volgens u, korrekte getuienis af te lê wat - omdat julle nie geweet het nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
So niemand kon die - kon die Harms Kommissie mislei nie, u het nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ek het - ek het hom nie mislei in daai opsig nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja, nou waarom het u netnou gesê dis moontlik u het - of u is nie seker nie. U het of die Harms Kommissie mislei brigadier of u het dit nie mislei nie.
**BRIG SCHOON:**
Wel ek het probeer om hom nie te mislei nie.

**ADV GOOSEN:**
Nee maar - nie die kwessie van probeer nie, u sê u het geen kennis gedra van enige ongerymdhede nie. Derhalwe as dit die - u posisie was en u het daaroor gaan getuig voor die Harms Kommissie dan het u nie feitlik die Harms Kommissie mislei nie, nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja dan is dit nie moontlik dat jy kon nie. Waarom sê jy dus - u het probeer om die Kommissie nie te mislei nie, u het mos nie, feitlik u het nie, is dit korrek?
**BRIG SCHOON:**
Na die beste van my wete is dit korrek.
**ADV GOOSEN:**
U het mos die waarheid gepraat voor die Harms Kommissie, dis wat u sê is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En as u die waarheid gepraat het voor die Harms Kommissie dan het u die Harms Kommissie nie mislei nie, korrek?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Dan is dit nie moontlik dat jy die Harms Kommissie kon mislei nie, jy het mos die waarheid gepraat.
**BRIG SCHOON:**
Sover ek weet.
**ADV GOOSEN:**
Sover u weet.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Het u die waarheid gepraat.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Die aktiwiteite van Eugene de Kock wat deur - tydens die verhoor openbaar is, het dit u geskok?
**BRIG SCHOON:**
Dit het.
**ADV GOOSEN:**
Hoe het dit u geskok en waarom?
**BRIG SCHOON:**
Die grusame moorde wat hy gepleeg het soms vir eie gewin, daarmee kan ek nie saamleef nie.
**ADV GOOSEN:**
Soms vir eie gewin, maar in ander gevalle ook nie vir eie gewin nie, is dit reg?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, is u verbaas dat Eugene de Kock sulke grusame moorde gepleeg het?
**BRIG SCHOON**:
Wel dit was deel van sy opleiding gewees en dit was deel van sy lewe terwyl hy in die voormalige Suidwes Afrika was.
**ADV GOOSEN**:
Ja en dis ook deel van die rede waarom hy aangestel is as hoof van Vlakplaas nie waar nie.
**BRIG SCHOON**:
Tot 'n groot mate ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Oor sy ondervinding.
**ADV GOOSEN**:
U sê u was geskok, was u verbaas gewees?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Wel ek was verbaas en geskok.
**ADV GOOSEN:**
Maar as hy aangestel is omdat hy 'n ervare persoon is - in sodanige optredes an waarom sou u verbaas wees, as hy sodanige optredes gepleeg het.
**BRIG SCHOON:**
Oor die optredes wat hier binnelands plaasgevind het.
**ADV GOOSEN:**
So u is nie verbaas dat daar - dat hy opgetree het saam met Vlakplaas lede buitelands nie, in Botswana en Zimbabwe of in Mosambiek of in Swaziland of in Lesotho of - of op ander plekke.
**BRIG SCHOON:**
Sy optredes in daardie - in die buurstate was - het direk van die boonste gesag gekom.
**ADV GOOSEN:**
Alle optredes is dit so?
**BRIG SCHOON:**
Wel feitlik alle optredes, want...[tussenbeide]

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
En was u - soos wat u in u submissie uiteensit, **I was a conduit for those instructions,** was u 'n ...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Ek was die geleier daarvan.
**ADV GOOSEN:**
Die geleier daarvan **... end of Tape 2, Side B ...**
**DR BORAINE:**
I just want to say that by arrangement you have about five minutes for photographs and I'd be grateful if you could do this as quickly as possible, thank you very much. This session is now in resumption and I am going to ask advocate Goosen to continue, thank you.
**ADV GOOSEN:**
**Thank you very much Mr Chairperson**, brigadier net voor die etenspouse het ons gehandel met die kwessie van - of u verbaas was om te hoor hoe Kolonel Eugene de Kock opgetree het tydens sy termyn as bevelvoerder van die Vlakplaas-eenheid.
U het vroeër gesê dat u - u wou Kolonel De Kock rehabiliteer en daar was die - die enigste plek waar hy geplaas kon word was te Vlakplaas, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou in watter sin wou u vir Kolonel De Kock rehabiliteer en waarom?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris terwyl hy daar in Ovamboland was, het hy geestelik heeltemal agteruitgegaan. Hulle het die uitdrukking gebruik, ek ken nou - nou nie die behoorlike vertaling nie, maar bos befoeterd.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Daar is 'n kwaaier woord wat dit beskryf, hy het byvoorbeeld as hy in 'n kantien gesit het en iemand het net skeef na hom gekyk, dan het hy hom gaan aanrand en gesê hoekom kyk jy na my.
U weet hy was geestelik en - was hy heeltemal - 'n mens sal amper sê versteurd. As gevolg van die stres en die trauma wat hy ondervind het, gedurende die tydperk wat hy daar oorlog gemaak het. Want hulle het feitlik elke dag het hulle mense doodgeskiet en onder daai omstandighede kan 'n mens verwag gaan 'n man se geestelike toestand nie lank hou nie.
**ADV GOOSEN:**
Nou die einde van 1984, en vanaf daardie tydperk verder aan in die tagtiger jare sal u met my saamstem was die aanslag wat geloods is deur opgeleide, militêre opgeleide persone teen die Regering - die situasie het al hoe slegter geword, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
So in 1985 was daar baie gevalle gewees waar persone wat opgelei is, teruggekeer het na die land toe en waar daar terreur dade gepleeg is, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

En die situasie het vererger in '86 in, en '87 in en dies meer is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Dit is moontlik, ek het nie die statistiek van dit nie, maar ek weet dit was - dit was redelik ernstig.

**ADV GOOSEN:**

Ja nee-nee ons aanvaar - ja. En daar kon verwag word dat die werk van die Vlakplaas-eenheid al hoe meer sou word as gevolg van hierdie feite is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja Vlakplaas se lede is ook gedurig deur aangevul met mense wat toegevoeg is.

**ADV GOOSEN:**

Dit is reg ja - dit is versterk.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Ja, nou hoe sou - hoe sou Kolonel de Kock se rehabilitasie dan gebeur waar daar 'n toenemende situasie is met betrekking tot die veiligheid van die Republiek en hy is betrokke met daai opsporingswerk.

**BRIG SCHOON:**

Kommissaris sy werksaamhede hier was glad nie vergelykbaar met die werksaamhede in die voormalige Suidwes Afrika nie. Daar is net nie 'n vergelyking tussen die twee nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**

Ja - ja volgens u was - hier was 'n persoon wat daagliks betrokke was by skietvoorvalle wat die dood - wat tot die dood gelei het van ander persone in destyds Suidwes Afrika.

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Hy word geplaas in 'n eenheid wat direk werk met opgeleide terroriste soos u hulle beskryf en ook direk betrokke is by die opsporing van daardie persone, reg.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
In 'n mate is die persone teen wie Eugene de Kock sou werk, dieselfde tipe persone teen wie hy gewerk het in destyds Suidwes Afrika, korrek?
**BRIG SCHOON**:
Wel dit is ook opgeleide mense ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Maar hierdie is wat gerehabiliteer is.
**ADV GOOSEN**:
Ja nee dit is die persone

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Nee wel hy was hier nie so baie blootgestel aan werklike oorlog nie. Want daar in Suidwes het die mense in oorlogsformasie - die troepe het in oorlogsformasie opgetree.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

**BRIG SCHOON**:

Hier het hulle as enkelinge opgetree sabotasie gepleeg, mense kon doodskiet, nie in dieselfde mate as wat dit in die voormalige Suidwes geskied het nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Ja - nee dit mag so wees, maar as ons net vir 'n oomblik kan stilbly by oorgrensoperasies, waarby Kolonel De Kock betrokke sou wees as bevelvoerder van die Vlakplaas-eenheid. Dit sou behels dat hy buitelands optree, koevert optree, reg?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Gewapen?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Teikens geïdentifiseer.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
En teikens elimineer.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Dis reg, aanvalle loods teen geïdentifiseerde teikens buitelands.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Daardie operasies sou min of meer op dieselfde basis plaasvind as gewapende optrede teen persone in Suidwes Afrika nie waar nie, gewapende persone wat opgelei is, teikens wat geïdentifiseer is. Is dit korrek?

**BRIG SCHOON:**
Nee ek glo nie die situasie is presies dieselfde nie, Suidwes het - was die mense in die bos.

**BRIG SCHOON:**
Ja, hier het hulle in huise gebly in die buurstate en nie in die bos rond beweeg nie.

**ADV GOOSEN:**
Ja nee dit is - dit is so, maar daar sou van hom verwag word in die uitvoering van opdragte wat verkry is van hoër gesag wat deur u gekom het ook , om met geweld op te tree teen geïdentifiseerde teikens buitelands.

**BRIG SCHOON**:
Ja - ja.
**ADV GOOSEN**:
So in die uitvoering van 'n spesifieke opdrag, sou daar nie veel verskil wees tussen wat van hom verwag word in die uitvoering van daardie opdrag as wat van hom verwag sou word in Suidwes Afrika, korrek?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie die toestand was hier heeltemal anderste...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN**:
Ja-nee ek verstaan dit daar in Noord Namibië waar u - waar Koevoet-lede teen 'n groep opgeleide persone sou optree of hulle opspoor en dan in 'n skietgeveg met hulle betrokke raak dat dit sou verskil. Ek - ek aanvaar dit, maar die punt van die saak is dat in die uitvoering van 'n spesifieke opdrag sê nou maar byvoorbeeld om in Swaziland toe - of Swaziland toe te gaan of Bophuthatswana toe te gaan en daar om 'n geïdentifiseerde teiken te elimineer dat daar van hom verwag sou word dat hy daardie taak sou moes uitvoer in min of meer dieselfde wyse wat hy sy werksaamhede te Koevoet sou uitgevoer het, met geweld. 'n Persoon te elimineer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Met geweld ja.
**ADV GOOSEN**:
Nou om 'n man wat soos wat u sê miskien versteurd was as gevolg van sy ondervindings in die Koevoet-eenheid om hom in so 'n situasie te plaas, hoe sou dit sy rehabilitasie bewerkstellig?
**BRIG SCHOON**:
Ek dink baie sleg, nou dat ek daaroor dink.
**ADV GOOSEN**:
Natuurlik - ja natuurlik so is dit nie korrek nie brigadier dat die idee van rehabilitasie is 'n idee wat u nou opper as die rede waarom Kolonel De Kock verplaas is na die Vlakplaas-eenheid en dat dit nie 'n rede was destyds nie.
**BRIG SCHOON**:
Nee ek - ek het dit gesien dat hy verplaas is van Suidwes af het ek verneem dat hy en sy bevelvoerder daar het struwelinge gehad en dit is die rede waarom hy daarvandaan verplaas is.
**ADV GOOSEN**:
Ja - ja dit is die rede waarom hy verplaas is. En die rede was - het niks te doen gehad met die oogmerk om hom te rehabiliteer nie.
**BRIG SCHOON**:
Nee - nee glad - geensins.
**ADV GOOSEN**:
Ja - ja nou hoe sou sy plasing te Vlakplaas sy rehabilitasie bewerkstellig of sou dit nie?
**BRIG SCHOON**:
Wel dit sou kon, want hier was hy darem weer saam met ander mense in 'n - in 'n samelewing waar dinge redelik normaal verloop het. In vergelyking met dit daar bo in Suidwes Afrika.
Ja relatief normaal, maar hy sou nog verwag word om buitelands op te tree met geweld teen geïdentifiseerde teikens en daardie teikens te elimineer.
**BRIG SCHOON**:
Ja, maar dit was darem nou nie elke dag nie.
**DR BORAINE**:
Advocate Goosen I don't want to interrupt, but could you get to the point that you are looking for and move on, I think there are quite a lot of other things we want to reach. I am not sure what more you want to establish here.
**ADV GOOSEN**:
**Thank you Mr Chairperson I will in a moment**, sien brigadier u het geopper dat die rede waarom Eugene de Kock daar geplaas is, is omdat u wou gehad het dat hy gerehabiliteer moet word en ek wil aan u stel dat dit geensins 'n rede was nie en dat u daardie rede nou opper.
**BRIG SCHOON**:
Nee Kommissaris dit is nie so nie, De Kock was daar geplaas en ek moes noodgedwonge daarmee tevrede wees, ek het hom nie daar geplaas nie, hy is daarheen verplaas deur die bevelvoerende offisier in medewerking met sy senior staf offisier. En ek het dit my plig geag toe hy daar aangekom het om te kyk of ek hom nie sy toestand nie kan verbeter nie.

**ADV GOOSEN:**
Goed, kan u dit dan verduidelik watter stappe het u gedoen om hom te probeer rehabiliteer asseblief.

**BRIG SCHOON:**
In die eerste plek het ek hom aangesê om nie saam met die spanne uit te gaan vir 'n hele maand nie, dat hy elke naweek moes in bly dat hy 'n bietjie kon verkeer saam met vroulike - met die vroulike geslag en ek het gehoop hy sou 'n vrou kry, wat hy wel gekry het.

**ADV GOOSEN:**
Was dit 'n instruksie aan hom gewees?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee die instruksie was dat hy moet naweke moet hy tuisbly.
**ADV GOOSEN:**
Goed, het u - het u dit opgevolg om te sien dat hy daar - dat hy gehoor gee aan daardie begeerte van u.
**BRIG SCHOON:**
Hy het dit nagekom.
**ADV GOOSEN:**
Hy het.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Hoe het u te werk gegaan om seker te maak dat hy wel gehoor gee daaraan.
**BRIG SCHOON:**
Wel ek het hom Vrydag gesien byvoorbeeld en dan het hy Maandag weer kantoor toe gekom.
**ADV GOOSEN:**
Ja, is dit dan so dat u het probeer om baie nouer as 't ware saam te werk met hom om seker te maak dat hy nie betrokke raak by operasies wat sy geestestoestand sou affekteer nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee - nee behalwe dit Kommissaris, hy het wel betrokke geraak by operasies.
**ADV GOOSEN:**
Nee.
**BRIG SCHOON:**
Maar nie elke dag nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja - nee dit is so, - dit is u - u sien ek wil - ek wil aan u stel brigadier dat die werklike rede waarom Eugene de Kock geplaas is by Vlakplaas is as gevolg van die ondervinding wat hy opgedoen het tydens sy werk by Koevoet en dat hier was 'n persoon wat seker kon maak dat die werksaamhede van Vlakplaas effektief is.
**BRIG SCHOON:**
Ek glo dat dit wel een van die redes was.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en dat sy plasing in ag geneem het dat hy baie effektief was met die eliminering van vyande geïdentifiseerde vyande van die Staat. Is dit korrek?
**BRIG SCHOON:**
Ja..
**ADV GOOSEN:**
Ja, dit het niks te doen gehad met sy rehabilitasie nie, u wou 'n effektiewe persoon in bevel plaas van 'n eenheid wie se primêre taak die eliminering van vyande van die Staat was is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek het hom nie daar geplaas nie, hy is daar geplaas deur die bevelvoerende offisier.
**ADV GOOSEN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Goed, u het hom nie daar geplaas nie, maar u was nie ongelukkig met sy plasing nie.

**BRIG SCHOON**:

Ek was nie ongelukkig met sy plasing nie - maar ek het hom nie spesifiek daar geplaas nie.

**ADV GOOSEN**:

Ja goed - goed. Ons weet nou dat Eugene de Kock tale moorde gepleeg het as lid van Vlakplaas.

**BRIG SCHOON**:

Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
En u het gesê u is verbaas, is dit so - is dit reg - is u verbaas?
**BRIG SCHOON:**
Oor die wyse waarop dit gedoen is.
**ADV GOOSEN:**
Ja, op die wyse waarop dit gedoen is.
**BRIG SCHOON:**
Op die wyse waarop dit gedoen is.
**ADV GOOSEN:**
So die rehabilitasie aspek die het geensins gewerk nie.
**BRIG SCHOON:**
Dit wil so lyk.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Behalwe dat hy wel 'n vrou gekry het.
**ADV GOOSEN:**
Dit het ook nie gehelp nie - nou u sê in u verklaring dat u dra nie persoonlike kennis van die moord op Griffiths Mxenge nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Reg, aanvaar u van wat u nou weet dat Dirk Coetzee wel betrokke was by daardie moord.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En u aanvaar dat lede van die Vlakplaas-eenheid betrokke was.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Aanvaar u dat dit in opdrag van lede van die Veiligheidspolisie gekom het en gebeur het.
**BRIG SCHOON:**
Ek het so 'n vermoede?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
U het 'n vermoede.
**BRIG SCHOON:**
Ja en ek mag my vermoede dalk staaf deur vir die Kommissie te sê dat op 'n latere datum na die moord het Brigadier Jan du Preez aan my 'n koevert gegee met geld om aan Dirk Coetzee te oorhandig.
**ADV GOOSEN:**
Hoe lank na die moord?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek kan nie presies sê nie, dit kon tien dae gewees het - veertien dae, maar dit was nie baie lank daarna nie.
**ADV GOOSEN:**
Ek sien, en het u geweet dat die koevert aan u gegee is vir oorhandiging aan Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Hy het dit vir my gegee en gesê ek moet dit vir Coetzee gee dit is vir die mense wat betrokke was by daardie storie.
**ADV GOOSEN:**
So hy het vir u gesê dit gaan oor die moord op Griffiths Mxenge.
**BRIG SCHOON:**
Ja wel nie in soveel woorde nie, hy het net gesê dit is vir die manne wat fisies betrokke was - die swart lede - dit was vir hulle.
**ADV GOOSEN:**
As 'n beloning vir goeie werk wat verrig is.
**BRIG SCHOON:**
**BRIG SCHOON:**
Ek sou so sê - ja heel moontlik as 'n beloning en miskien meer om hulle gesindheid te behou.
**ADV GOOSEN:**
En dit het nou plaasgevind omtrent so tien dae of 'n kort rukkie na die moord, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
So 'n kort rukkie na die moord het u dan kennis gedra dat van u lede, veiligheidslede gestasioneer te Vlakplaas betrokke was by die moord op Griffiths Mxenge.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ja - ja.
**ADV GOOSEN**:
Het u dit vir die Harms Kommissie gesê?
**BRIG SCHOON**:
Nee.
**ADV GOOSEN**:
Waarom nie?
**BRIG SCHOON**:
Ek glo nie ek was gevra nie.
**ADV GOOSEN**:
U het geweet dat die Harms Kommissie het die Mxenge geval ondersoek is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Dit was darem die rede - een van die redes vir die Harms Kommissie om uit te vind of daar wel enige waarheid is in die bewerings wat gemaak is deur [indistinct] Nofomela en ook Dirk Coetzee is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Nou waarom het u dan nie daardie inligting aan die Harms Kommissie openbaar nie?
**BRIG SCHOON**:
Miskien deels omdat ek die mense wou beskerm.
**ADV GOOSEN**:
Waarom sou u die mense wou beskerm het?
**BRIG SCHOON**:
Dis voormalige kamerade.
**ADV GOOSEN**:
Ek sien, so u was dan deel van die misleiding van die Harms Kommisssie want u het oor inligting beskik wat u nie aan die Harms Kommissie openbaar het nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Wel ek het oor die inligting beskik Kommissaris.
**ADV GOOSEN**:
En u het dit nie aan die Harms Kommissie oorgedra nie.
**BRIG SCHOON**:
Ek het nie.
**ADV GOOSEN**:
Die uiteinde van die Harms Kommissie was dat Dirk Coetzee as 'n leuenaar uitgemaak is, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Tot 'n baie groot mate ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, en u het daarmee akkoord gegaan, want u wou persone beskerm is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Het u doelbewus daardie inligting nie aan die Harms Kommissie oorgedra nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee - nie doelbewus nie.
**ADV GOOSEN:**
Nie doelbewus nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
U het net dit nie geopenbaar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek het dit verswyg.
**ADV GOOSEN:**
Doelbewus.
**BRIG SCHOON:**
Dit kan wees, ek kan nie meer onthou - ja dit moet seker doelbewus gewees het.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en het u ook doelbewus in u verklaring wat u vanoggend in die rekord ingelees het, hierdie Kommissie probeer mislei.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Nou waarom dan het u gesê onder eed:

> **I have no personal knowledge regarding the correctness of this allegation, in this allegation that Dirk Coetzee was involved in the murder of Griffiths Mxenge.**
>
> U het mos inligting oor die korrektheid van daardie bewering nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**
Want ek was van plan om hierdie inligting aan die Kommissie bekend te maak.
**ADV GOOSEN:**
Wanneer.
**BRIG SCHOON:**
Toe ek daai verklaring opgestel het.
**ADV GOOSEN:**
Maar u het nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek het dit met my prokureur bespreek en hy het gesê ons laat dit so.
**ADV GOOSEN:**
Nou waarom sou u prokureur dit vir u sê dat u moet sê:

> **I have no personal knowledge regarding the correctness of this allegation.**
>
> Het u vir u prokureur gesê...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Dit is die omstandighede rondom die moord en ek die beplanning daarvan.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**

Daarvan het ek geen kennis nie.

**ADV GOOSEN:**

Maar u sê hierso - dit gaan oor die moord op Griffiths Mxenge en u sê:

> **I am aware of allegations that Captain Dirk Coetzee and other Vlakplaas operatives were responsible for this murder. I have no personal knowledge regarding the correctness of this allegation.**

Maar dis mos feitlik nie korrek nie, u het inligting - u het geweet dat geld is aan u oorhandig deur Jan du Preez om aan Kaptein Dirk Coetzee oor te handig as betaling - beloning vir die moord op die Griffiths Mxenge. So u het inligting.

**BRIG SCHOON:**

Dit is toe ek dit eers agtergekom het.

**ADV GOOSEN:**

Nee maar u het dit agtergekom brigadier asseblief lank voordat u hierdie verklaring vandag opgestel het, of vandag hier in die rekord ingelees.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Wat ek daar wil sê Kommissaris is dat ek nie deel was van die beplanning en die uitvoering van daardie moord nie en dat die eerste kennis wat ek gekry het was daarna.

**ADV GOOSEN:**
Ja, die saak wat ondersoek word soos ook uiteengesit in die kennisgewing ingevolge Artikel 29 van ons wet hier is dat ons die moord op Griffiths Mxenge ondersoek. U aanvaar dit?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Dis een van die redes waarom ons u gevra het om vandag hiernatoe te kom, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Dit is 'n ondersoek waarmee ons besig is en ons wil inligting hê oor daardie aangeleentheid, is dit reg?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En u het dit verstaan voordat u hiernatoe gekom het, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou waarom dan het u nie in u verklaring gesê ek was nie betrokke by die beplanning daarvan nie, maar op 'n sekere datum het Jan du Preez my 'n koevert gegee waarin geld was wat ek aan Kaptein Dirk Coetzee moes oorhandig as beloning vir sy betrokkenheid en die betrokkenheid van die swart lede by die moord op Griffiths Mxenge nie.
Waarom het u dit nie in u verklaring hier gesê vandag nie?
**BRIG SCHOON:**
Ek was van plan om dit hier te kom voorlê.
**ADV GOOSEN:**
Maar u het dit nie gesê nie - u het dit deurgelees en nou eers as ek nou vrae aan u vra, dan eers kom dit uit dat daar sprake is van 'n koevert met geld daarin, waarom het u dit nie openbaar toe u begin het nie?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris dan is dit 'n fout van my kant af, maar ek was van die begin af van plan om hierdie inligting aan die Kommissie oor te dra.
**ADV GOOSEN:**
Nou toe hierdie koevert aan u gegee is, wat het u gedoen daaromtrent, wat was u reaksie gewees?
**BRIG SCHOON:**
Ek het dit vir Coetzee gaan gee.
**ADV GOOSEN:**
En u het aanvaar toe u dit oorhandig het, dat dit gegaan het oor beloning vir moord op Griffiths Mxenge is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
So u het uself vereenselwig met die moord van Griffiths Mxenge, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Maar u moes.
**BRIG SCHOON:**
Ek het my nie daarmee vereenselwig nie.
**ADV GOOSEN:**
Het u - het u die feit dat Jan du Preez vir u hierdie koevert gegee het aan enige iemand gerapporteer?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Waarom nie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Nee ek het dit nie nodig geag nie.
**ADV GOOSEN**:
Waarom is dit nie nodig nie, daar is 'n moord wat gepleeg is, van u lede is betrokke daarby, en dis nie nodig om dit te openbaar nie of aan iemand te rapporteer nie, waarom nie?
**BRIG SCHOON**:
Nee ek is u 'n antwoord skuldig.
**ADV GOOSEN**:
Is dit nie so nie brigadier dat u, uself vereenselwig het met die moord op Griffiths Mxenge nie.
**BRIG SCHOON**:
Ek het my nie daarmee vereenselwig nie Kommissaris, ek het nie kan gesien om teen meerdere te gaan kla nie, want hy sou die wêreld vir my baie moeilik gemaak het.
**ADV GOOSEN**:
Ja, is dit nie so nie dat deur die oorhandiging van geld, dat u na die feit van die moord, 'n samesweerder geword het nie.
**BRIG SCHOON**:
Dit kan so wees.
**ADV GOOSEN**:
En dat as gevolg daarvan u ook aangekla kon word vir die rol wat u gespeel het, die feit dat u geweet het dat dit wel deur lede van die Vlakplaas-eenheid gepleeg is. Is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
So u het al hierdie inligting brigadier en u weet die Harms Kommissie is besig om hierdie saak te ondersoek en u maak geen melding van daardie feit - die feite wat tot u kennis is aan die Harms Kommissie nie.

Waarom nie?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie.
**ADV GOOSEN**:
**DR BORAINE**:
Commissioner Ntsebeza?
**ADV NTSEBEZA**:
Ja thank you Mr Chair - you know brigadier I - I would like to just make a comment on your - on your evidence especially in view of the questions that have just been put to you by advocate Goosen.

And the comment is linked to some of the things that were mentioned to you by Dr Boraine at the beginning of the inquiry. Namely that in this type of inquiry, which is an investigative inquiry, you give evidence under oath. And in the course thereof, it may well be that some of the replies that you are going to give are incriminating or self incriminating, but that the law that has brought into - in the Truth and Reconciliation Commission, provides for people to do exactly that and I think we would get to the end of this inquiry sooner if you always had that in mind, namely that you shouldn't feel inhibited to say things up front which you know that you know.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

And which you may have an idea we have knowledge of as I think the questions that have come from the panel have indicated thus far. The mere fact that some of the things you are going to say, are things that you are going to have to own up for the first time, at this inquiry, must not come after I would suggest after a long period of questioning that goes on for 30 minutes to established what is [indistinct] obvious, is within your knowledge.

And I say so also in the light of your remarks which you made in your submission namely that you are - you have sought the advice of your lawyers, as to whether or not you should apply for amnesty. And whilst I am not your lawyer, speaking for myself just on the evidence you have given thus far, you will need to apply for amnesty, but then that's a matter of individual choice.

And I would therefore go on to say I think it would make our task and your task easier if you went on and discarded any inhibitions that you may have about owning up. I don't know whether you - you understand what I am saying.

**DR BORAINE**:

Do you want to reply to that brigadier.

**BRIG SCHOON**:

Baie dankie vir die wenk Kommissaris, ek is van plan om dit wel te doen. En ek probeer nie om die Kommissie willens en wetens te mislei nie, dit wat ek wel weet, gaan ek aan u openbaar. En dit is die rede waarom ek vandag hierheen gekom het, ek het sonder 'n regsverteenwoordiger gekom. Ek is bereid om dit - die kennis waaroor ek beskik aan die Kommissie te openbaar.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE**:

Thank you, advocate Goosen.

**ADV GOOSEN**:

**Thank you very much Mr Chairperson,** brigadier u volstaan dat u - u het nie vooraf kennis gehad van die plan om vir Griffiths Mxenge te vermoor gehad nie. Is dit reg?

**BRIG SCHOON**:

Absoluut niks.

**ADV GOOSEN**:

Na Kaptein Dirk Coetzee teruggekeer het vanaf Durban en na die operasie voltooi is, het hy enigsins aan u gesê ten opsigte van die operasie?

**BRIG SCHOON**:

Nee.

**ADV GOOSEN**:

Toe - toe Jan du Preez vir u die koevert gee met geld daarin het u hom gevra - of uitgevra ten opsigte van die operasie enigsins?

**BRIG SCHOON**:

Ek het hom glad nie uitgevra nie.

**ADV GOOSEN**:

Sou dit wees omdat u nie - dit nie nodig geag het dat u so - u hoef enige kennis te dra oor hierdie operasie nie.

**BRIG SCHOON**:

Ek het toe reeds daar in die wandelgange was dit ope kennis dat dit wel plaasgevind het.

**ADV GOOSEN**:

Goed, nou weer eens dan, dan by die - terug te kom by die Harms Kommissie dan, as u sê dit was ope kennis gewees dan wil dit vir my voorkom dat daar doelbewus gewerk is om die Harms Kommissie te mislei ten opsigte van die geloofwaardigheid van Kaptein Dirk Coetzee, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ek glo dit is so.

**ADV GOOSEN:**

Ja, nou hier is 'n geval waar daar binnelands opgetree is teen 'n teiken en die persoon is vermoor deur lede van Vlakplaas. U het voorheen getuig u het ook kennis ten opsigte van die twee aangehoudendes wat toe ook later ook vermoor is.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Is daar enige ander geval soos die waarvan u kennis dra wat nie in u verklaring uiteengesit is nie.

**BRIG SCHOON:**

Nie waaraan ek op die oomblik kan dink nie.

**ADV GOOSEN:**

Dra u enige kennis van die verdwyning van Sipele Mtimkulu in die Oos-Kaap 1982?

**BRIG SCHOON:**

Glad nie.

**ADV GOOSEN:**

Weet u of enige van u Vlakplaas lede betrokke was by daardie voorval?

**BRIG SCHOON:**

Ek weet dit nie.

**ADV GOOSEN:**

Weet u of daar enige beloning gegee is aan die Vlakplaas lede wat wel betrokke was by daardie aangeleentheid?

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**

Ek wil nou net kom by die - die gepoogde moord op Joyce Dipale, in Gabarone, Bophuthatswana, u sê in u verklaring u het 'n vae herinnering dat so 'n voorval wel plaasgevind het maar u dra nie kennis van die detail daarvan nie.

**BRIG SCHOON:**

Ek kan nie die gebeure onthou of plaas nie.

**ADV GOOSEN:**

Nou by die identifisering van 'n teiken, soos Joyce Dipale buitelands in Bophuthatswana wie sou betrokke gewees het by daardie identifikasie? Die besluitneming om so 'n operasie te loods?

**BRIG SCHOON:**

Kommissaris ek het 'n vae herinnering van die voorval, maar wat presies daar gebeur het - wat daartoe aanleiding gegee het, weet ek glad nie, behalwe as u miskien my geheue kan verfris.

**ADV GOOSEN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

As u sê hy het 'n vae herinnering, sluit dit in dat u weet dat Vlakplaas lede wel betrokke was by die gepoogde moord.

**BRIG SCHOON:**

Nee nie noodwendig nie.

**ADV GOOSEN:**

Nie, en wat is u herinnering?

**BRIG SCHOON:**

Ek herinner my daaraan dat daar wel 'n operasie was, wat teen haar gemik was. Nou help my reg as ek verkeerd is asseblief, ek het verstaan dat sy 'n opgeleide persoon is.

**ADV GOOSEN:**

Nie noodwendig nie is 'n persoon - 'n persoon geïdentifiseer deur Veiligheidspolisie en daar is teen haar opgetree in Gabarone, hoe - hoe het julle te werk gegaan om te verifieer dat 'n persoon wel opgelei is, watter stappe is gedoen?

**BRIG SCHOON:**

Dit is deur middel van uitkenning gedoen.

**ADV GOOSEN:**

En wie het daai uitkenning gedoen?

**BRIG SCHOON:**

Dit is deur voormalige vryheidsvegters.

**ADV GOOSEN:**

Ja, en is dit die enigste basis waarop daar besluit geneem is?

**BRIG SCHOON:**

Nee dit is nie op daai basis besluite - waar besluite geneem is nie, maar dit was die basis waarop die verskillende persone geïdentifiseer is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**

Ja.

**BRIG SCHOON:**

Ons het 'n foto-album aangehou waar foto's van al die mense in - in was en dan is die foto-album aan die man getoon en hy het dan gesê oh! hy ken vir so en so - opgelei in daai en daai kamp, ensovoorts.

**ADV GOOSEN:**

Ja, en op sterkte van daardie uitkenning dan is daar dan 'n besluit geneem om op te tree teen die geïdentifiseerde teiken.

**BRIG SCHOON:**

Nee daar moes seker bykomende inligting gewees het van handelinge wat deur die persoon begaan is, of hulpverlening.

**ADV GOOSEN:**

Ja **... einde van Band 2, Kant A ...** ... in die verklaring:

**I myself was not involved in any way whatsoever**

... met hierdie - hierdie operasie, wat bedoel u daarby?

**BRIG SCHOON:**

Dan wil ek sê dat ek was nie betrokke - fisies betrokke by so 'n operasie nie.

**ADV GOOSEN:**

Goed, ek kan dit verstaan - u het nie - u het nie na Gabarone toe gegaan nie en opgetree nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**

Sou u - sou u die opdrag moes oordra aan - in hierdie geval Kaptein Dirk Coetzee om op te tree.

**BRIG SCHOON:**

Ja as daar sulke inligting - as daar inligting was dat die persoon 'n gevaar inhou vir die veiligheid van die Republiek van Suid-Afrika.

**ADV GOOSEN:**

Kan ons aanvaar dat - begin tagtiger jare toe u daar oorgeneem het as hoof van C-seksie, dat as daar 'n oorgrensoperasie geloods is dat dit slegs gedoen sou word as daar 'n opdrag om dit te doen uitgereik was, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ek glo so.

**ADV GOOSEN:**

Was dit nie die staande opdrag ten opsigte van oorgrensoperasies nie.

**BRIG SCHOON:**

Wel daar was persone wat op eie inisiatief opgetree het sonder om vooraf by hoofkantoor magtiging te vra.

**ADV GOOSEN:**

Ja, en dit sou die uitsondering wees nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**

Dit sou die uitsondering wees.

**ADV GOOSEN:**

En daar sou in daardie gevalle sou daar rapportering wees ten opsigte daarvan na die - na die aanval?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**

Nee - nie noodwendig nie, as 'n man onwettig oor die grens gegaan het en 'n operasie gaan uitvoer het, dan sou hy nie altyd gerapporteer het nie.

**ADV GOOSEN:**

Ja en as dit teen 'n ANC of 'n PAC teiken was.

**BRIG SCHOON:**

Dan in alle waarskynlikheid ja.

**ADV GOOSEN:**

Ja, so as ons aanvaar dat Joyce Dipale uitgeken is as 'n teiken op die basis van die uitkenning wat u nou net so pas beskryf het - dan sou daar 'n opdrag gewees het alvorens Dirk Coetzee hierdie operasie geloods het, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja indien hy - dit wel deur hom uitgevoer is.

**ADV GOOSEN:**

Ja, u sê u kan nie - u kan nie u herinner of u sê u kan herinner dat daar so 'n insident was, wanneer sou u te hore gekom van daardie insident gehoor het?

**BRIG SCHOON:**

Kommissaris dit lui net 'n klokkie by my dat daar so iets was - waar en hoe ek dit te wete gekom het, kan ek nie onthou nie.

**ADV GOOSEN:**

Ja, is dit moontlik dat u die opdrag sou gegee het?

**BRIG SCHOON:**
Baie moontlik ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE:**
Commissioner Ntsebeza.
**ADV NTSEBEZA:**
Thank you Mr Chairman. Now just in the light of that recent reply, and taking into account what I said to you earlier, if there was evidence that in fact you ordered members of Vlakplaas including Joe Mamosela to go to Botswana to eliminate the occupancy of an ANC house in Gabarone. And that, that house was attacked by the members of Vlakplaas - a woman was shot and injured in the operation and that, that is the incidents that you are associated with.

Now I take into account that you say, it rings a bell something that happened a long time ago. Is that something that could have happened [a] you give an order for a cross border - or for whatever reasons for having been satisfied that it is a place where so-called terrorist are being trained. And where a attack is going to be launched.

But what I am trying to get to you to understand, does it trigger a bell that those were the sort of circumstances this particular incidents - have been relating too, where you ordered members of Vlakplaas including Mamosela to go to Gabarone and attack a house. And that this facts are the facts surrounding the circumstance around Joyce Dipale?
**BRIG SCHOON:**
Ja dit kon so gewees het Kommissaris. En indien my geheue miskien verfris kan word, kan ek miskien meer saamstem, want dit klink asof dit 'n geval is hierdie waar ek vooraf magtiging sou gevra het om die operasie te - goed te keur.
**DR BORAINE:**
Advocate do you want to go - advocate Goosen?
**ADV GOOSEN:**
**Thank you very much Mr Chairperson**, brigadier dan kan ek u geheue wel verfris, die aanval het plaasgevind op 25 November 1991 in Gabarone Botswana.
**DR BORAINE:**
'91?
**ADV GOOSEN:**
'81 verskoning - '81. Persone betrokke was Kaptein Jan - Jan Coetzee, Joe Mamosela, Rudi Crous, Koos Vermeulen, Phil van Dyk, Almond Nofomela en Dawid Ntsilanka.

En u het opdrag gegee daarvoor?

**BRIG SCHOON:**
Ek glo dit is so - dit was so.
**ADV GOOSEN:**
Kan u onthou dat u dan vir kaptein Dirk Coetzee gestuur het na Zeerust toe om daar met die Veiligheidspolisie te Zeerust te skakel asook Jan Coetzee van Krugersdorp om 'n operasie te loods in Botswana in om 'n huis aan te val en die persone in daardie huis te elimineer.
**BRIG SCHOON:**
Dit kon so gewees het Kommissaris.
**ADV GOOSEN:**
So u aanvaar dan dat die weergawe wat gegee word deur Kaptein Dirk Coetzee wel korrek is ten opsigte van hierdie aangeleentheid.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Nou u het gesê u sou magtiging gekry het van wie - wie sou u magtiging gegee het vir daardie...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Of van - of die bevelvoerende offisier self of sy stafoffisier.
**ADV GOOSEN:**
Bevelvoerende offisier van waar?
**BRIG SCHOON:**
Van Veiligheidshoofkantoor.
**ADV GOOSEN:**
Veiligheidshoofkantoor.
**BRIG SCHOON:**
En op daai stadium sou dit Generaal Coetzee gewees het.
**ADV GOOSEN:**
Generaal Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
U sou nie opgetree het sonder sy magtiging nie is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Nee, of die magtiging van Brigadier Jan du Preez.
**ADV GOOSEN:**
Ja, sou dit die geval wees ten opsigte van elke oorgrensoperasie waar u opdrag gegee het, sou u daardie opdrag slegs gegee het as u dit uitgeklaar het met die Hoof van Veiligheid, u hoër gesag, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
So ons kan dan aanvaar dat in hierdie spesifieke geval sou u voor die tyd vir Generaal Johan Coetzee ingelig het oor die teiken.
**BRIG SCHOON:**
Of vir hom of vir Brigadier Du Preez.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Of vir Brigadier Du Preez, een van die twee.
**BRIG SCHOON**:
Een van die twee.
**ADV GOOSEN**:
1982 wie was die Hoof van Veiligheid gewees?
**BRIG SCHOON**:
Generaal Coetzee.
**ADV GOOSEN**:
Ja, en dra u enige kennis of die Departement Buitelandse Sake vooraf verwittig sou word van die feit dat daar 'n oorgrensoperasie geloods gaan word.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee.

**ADV GOOSEN:**
U dra nie kennis daarvan nie.

**BRIG SCHOON:**
Nee, maar ek glo ook nie dat hulle wel ingelig was nie, behalwe in sekere groter operasies was hulle wel vooraf ingelig.

**ADV GOOSEN:**
Ja goed, so hierdie - hierdie operasies was koeverte operasies.

**BRIG SCHOON:**
Dis koeverte operasies en Buitelandse Sake was glad nie daarin geken nie.

**ADV GOOSEN:**
Goed, nou as ons net praat van die tipe operasies wat geloods is, oorgrensoperasies, daar was operasies wat gemik was op die eliminering van teikens, die doodmaak van spesifieke persone, assassinasies.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Okay, daar was ook operasies wat geloods was om 'n persoon te ontvoer is dit reg?

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Kan u onthou van gevalle waar ontvoering die oogmerk was van oorgrensoperasies?

**BRIG SCHOON:**
As ek nou vinnig moet dink daar was die geval van Msebe uit Swaziland uit. Dan was daar ene Sedebe.

**ADV GOOSEN:**
**Make a note** - ja kan u onthou wanneer dit plaasgevind het?

**BRIG SCHOON:**
Dit was in die vroeë tagtiger jare.

**ADV GOOSEN:**
Ja enige ander?

**BRIG SCHOON:**
Nee ek onthou nie nou op die oomblik nie.

**ADV GOOSEN:**
Die ontvoering van Joe Pillay.

**BRIG SCHOON**:
Joe Pillay die word hier aangespreek.
**ADV GOOSEN**:
Ja, daar was 'n opspraakwekkende saak ook gewees - die saak van Ebrahim.
**BRIG SCHOON**:
Ebrahim.
**ADV GOOSEN**:
Ebrahim - Ismail Ebrahim.
**BRIG SCHOON**:
Ismail Ebrahim.
**ADV GOOSEN**:
Hy is ontvoer deur Vlakplaas lede is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Nee.
**ADV GOOSEN**:
Deur wie is hy ontvoer?
**BRIG SCHOON**:
Hy is deur Nasionale Intelligensie ontvoer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Het u vooraf kennis gehad van daardie ontvoering?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Op sterkte waarvan sê u dat hy ontvoer is deur Nasionale Intelligensie.
**BRIG SCHOON:**
Van hulle lede het hom kom oorhandig aan Brigadier Jack Cronje.
**ADV GOOSEN:**
Ek sien en was u by gewees?
**BRIG SCHOON:**
Ek was by.
**ADV GOOSEN:**
Toe hy oorhandig was.
**BRIG SCHOON:**
Ja ek dink amper hy was reeds daar - dit was op 'n Sondag - ek dink op 'n - ek dink die 16de Desember ek weet nie watter jaar nie, maar ek weet dit was die 16de Desember.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Ek sien.
**BRIG SCHOON:**
1988 kon ge...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
En was die Vlakplaas - Vlakplaas lede enigsins betrokke by sy ontvoering gewees?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Het u die ontvoering van Joe Pillay goedgekeur?
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Hoe het dit gekom dat hy ontvoer is?
**BRIG SCHOON:**
Dirk Coetzee-hulle was getaak om inligting in Swaziland in te win en toe het ek lateraan verneem dat hy die mense wat hy getaak het op hulle eie daar gelos het en iewers anders heen gegaan het en hulle het toe op hulle eie besluit om vir Pillay te gaan ontvoer wat hulle toe wel in die nag gedoen het. En hy het 'n groot kabaal opgeskop, die hele wêreld wakker geraas. Hulle het die kar se nommer geneem en toe het hulle nou gejaag grenspos toe waar hulle hom aan iemand anderste oorhandig het.

En toe is hulle terug, aanvanklik het hulle gesê dat een van die lede het sy aanstelstellingsertifikaat verloor, en die gaan hulle nou soek. Maar lateraan het ek verneem dat hulle glo op pad was om 'n bank te gaan beroof in Manzini. En dit is toe waar die polisie hulle voertuig opgemerk het, hulle wou arresteer, hulle het probeer wegjaag en toe is daar op hulle geskiet en hulle is gearresteer.
**ADV GOOSEN:**
Ja, so die ontvoering van Joe Pillay dit was op - as 't ware eie inisiatief - is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Dit was eie inisiatief gewees.
**ADV GOOSEN:**
Wat was die rede om vir Dirk Coetzee Swaziland toe te stuur aanvanklik?
**BRIG SCHOON:**
Om inligting in te samel oor die bewegings van ANC-lede in Swaziland.
**ADV GOOSEN:**
Waarom Dirk Coetzee?
**BRIG SCHOON:**
Wel dit was deel van sy werk geweess om mense op te spoor en inligting in te samel.
**ADV GOOSEN:**
Ja, is dit nie so nie dat die opdrag wat gegee is aan Dirk Coetzee was om soveel ANC teikens aan te val in Swaziland in so kort tydperk as moontlik op daardie stadium.
**BRIG SCHOON:**
Nee - nee meneer.
**ADV GOOSEN:**
Was enige - op enige stadium was sodanige opdrag aan Dirk Coetzee gegee?
**BRIG SCHOON:**

Ek glo nie Dirk Coetzee het die vermoë gehad om dit te doen nie.

**ADV GOOSEN:**

Vermoë om wat te doen?

**BRIG SCHOON:**

Om teikens aan te val nie, op daai stadium was die mannekrag maar baie skraps. Hy het byvoorbeeld van onwettige Mosambiek se immigrante in Swaziland gebruik gemaak om hom daar behulpsaam te wees, wat hy as bronne geregistreer het.

**ADV GOOSEN:**

Indien die ontvoering van Joe Pillay onopgemerk voortgegaan het, en hy sou na Vlakplaas toe gebring word of Veiligheidshoofkantoor, wat sou u gedoen het ten opsigte daarvan?

**BRIG SCHOON:**

Wel hy is toe wel gebring en hy is aangehou en hy is ondervra. En hy het oor feitlik geen inligting beskik nie. Met ander woorde dan sou hy weer teruggeneem gewees het.

**ADV GOOSEN:**

Net teruggeneem.

**BRIG SCHOON:**

ja.

**ADV GOOSEN:**

En vrygelaat word.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Sou dit nie 'n probleem geskep het vir die openbaarmaking van die operasies van die Vlakplaas-eenheid nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**

Dit kon wel so gewees het.

**ADV GOOSEN:**

So dis moontlik dan dat - om daardie probleem te vermy dat hy moontlik doodgemaak kon word.

**BRIG SCHOON:**

Ek wil nie daarop spekuleer nie Kommissaris.

**ADV GOOSEN:**

Maar indien die ontvoering nie opgemerk was nie, sou - sou dit die - sou daar samesprekings gewees het tussen die dan destydse Kommissaris of die dan Hoof van die Veiligheidspolisie en die Swazi Regering gewees het, Johan Coetzee.

**BRIG SCHOON:**

Dit is te betwyfel.

**ADV GOOSEN:**

Indien dit nie opgemerk was nie sou die polisie noodwendig nie hulle betrokkenheid openbaar nie, is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ons spekuleer nou Kommissaris.

**ADV GOOSEN:**

Ja u sien want dit wil vir my voorkom in hierdie spesifieke geval is dit 'n operasie wat skeefgeloop het.

**BRIG SCHOON:**
In die...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
En as gevolg van die skeefloop van die operasie sê u dat dit nie gemagtig was nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee Coetzee het self erken dat dit - die mense was nie aangesê om iemand te ontvoer nie. En hy...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Wel wat hy wel sê is in die beplanning van die operasie was u, Brigadier Jan du Preez en Kolonel Frans van Eden betrokke.
**BRIG SCHOON:**
Nee, ek weet nie daarvan nie.
**ADV GOOSEN:**
As gevolg van hierdie mislukte ontvoering was enige stappe geneem teen Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
nee.
**ADV GOOSEN:**
Geensins nie.
**BRIG SCHOON:**
Geensins, behalwe ek dink die - Generaal Coetzee het dit as een van die redes beskou waarom hy verplaas moet word.
**ADV GOOSEN:**
En waarheen is hy verplaas?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek weet nie hy is iewers na Hoofkantoor, maar waarheen presies weet ek nie.
**ADV GOOSEN:**
As gevolg daarvan wie het oorgeneem by hom?
**BRIG SCHOON:**
By hom het oorgeneem Jan Coetzee.
**ADV GOOSEN:**
Die verplasing, was dit nie 'n tug maatreël nie?

**BRIG SCHOON**:
'n Mens kan dit miskien so sien.
**ADV GOOSEN**:
So daar is inderdaad teen hom opgetree op 'n manier?
**BRIG SCHOON**:
Ja ek dink so ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, goed die - ek wil nou kom by die gepoogde moord op Marius Schoon, u sê in u verklaring dat die Kaptein Dirk Coetzee het u genader en gesê daar is - dit is moontlik vir hom om die doodmaak van Marius Schoon te reël en u het ingestem daarmee.
**BRIG SCHOON**:
Dit is soos ek dit onthou Kommissaris.
**ADV GOOSEN**:
Ja, nou in hierdie geval was dit Dirk Coetzee gewees wat die teiken geïdentifiseer het?
**BRIG SCHOON**:
Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Was dit die gewone patroon of nie?
**BRIG SCHOON:**
Wel die mense op die grond in die veld, hulle was per slot van sake die mense wat die inligting ingewin het en voorgelê het. En dit kan wees dat sy bronne in Botswana ja dat hulle oor die inligting beskik het.
**ADV GOOSEN:**
Nou het u as gevolg van die inligting wat Dirk Coetzee aan u oorgedra het, en sy teiken en identifikasie, het u daardie operasie uitgeklaar met Veiligheidshoofkantoor, met Generaal Johan Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Nee ek het nie.
**ADV GOOSEN:**
Nou waarom nie?
**BRIG SCHOON:**
Wel in die eerste plek het ek nie baie vertroue gehad dat hierdie ding sou realiseer nie.
**ADV GOOSEN:**
Waarom nie?
**BRIG SCHOON:**
Die mense is onkundig.
**ADV GOOSEN:**
So u het - verstaan ek u reg brigadier u aanvaar dat die inligting **bona fide** is.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En dit beweeg u om vir Kaptein Dirk Coetzee opdrag te gee en u verskaf ook 'n rewolwer, 'n vuurwapen aan hom om hierdie operasie uit te voer.
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
So u beskou dit as 'n legitieme optrede is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En ook iets wat benodig word deur die Veiligheidstak is dit reg - u beskou dit as hier is 'n teiken - inligting is bekom en daar is genoeg inligting hier om ons te beweeg tot 'n besluit dat hierdie persoon uitgehaal moet word - vermoor moet word.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Maar waarom dan nie hierdie teiken met Johan Coetzee bespreek nie?
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Wel ek het nie die nodigheid daarin gesien nie.

**ADV GOOSEN:**

Maar hoe dan nou brigadier - u het vroeër - vroeër getuig dat alle oorgrensoperasies eers uitgevoer is met behoorlike magtiging wat gekry is van hoër gesag. Hier het u 'n besluit geneem sonder om te verwys na hoër gesag, waarom?

**BRIG SCHOON:**

Soos ek netnou gesê Kommissaris, ek het my bedenkinge gehad oor die sukses wat hier behaal sou word en ek het dit op myself geneem om vir Coetzee die opdrag te gee.

**ADV GOOSEN:**

Maar as - as Marius Schoon 'n legitieme teiken was van die Veiligheidsmagte, waarom het u dan nie seker gemaak dat die operasie suksesvol sou wees nie.

**BRIG SCHOON:**

Al wat ek seker gemaak het is wat - is dat dit wel geregverdig was om iemand te stuur.

**ADV GOOSEN:**

Ja maar as dit nou geregverdig was dan sou dit 'n saak wees waar Generaal Johan Coetzee ook sou dink dat dit nou regverdig - 'n regverdige teiken is en die nodige stappe dan sou gedoen word om seker te maak dat hierdie teiken wel doodgemaak sou word - sou wees deur die Veiligheidspolisie.

Hier het u mos nou 'n gulde geleentheid om die aanslag teen die Republiek te bekamp nie waar nie.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Goed, nou waarom dan opdrag gee vir 'n persoon wanneer jy bedenkinge het of daardie persoon daardie opdrag sal kan uitvoer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Wel hy het na my toe gekom en ek het aan sy versoek voldoen en gesê gaan aan.
**ADV GOOSEN:**
Ja gaan aan, maar ek verstaan nog nie waarom het u dit nie geopper met Generaal Johan Coetzee nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek het dit nie nodig geag  nie Kommissaris.
**BRIG SCHOON:**
Het u dit nie nodig geag nie omdat u geweet het dat die optrede sou faal, of omdat dit nie nodig was om dit uit te klaar met Generaal Coetzee nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja eintlik was dit nodig, maar ek het dit nie op daai stadium so ingesien nie.
**ADV GOOSEN:**
Nou toe - toe Dirk Coetzee nou terugkom en sê dit het nou inderdaad gefaal, wat het u daaromtrent gedoen?
**BRIG SCHOON:**
Niks.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Niks nie.
**BRIG SCHOON:**
Niks nie.
**ADV GOOSEN:**
Maar hier het u 'n geïdentifiseerde teiken en dis regverdigbaar om daardie teiken uit te wis en u doen niks nie, waarom?
**BRIG SCHOON:**
Wel die dinge het klaar skeefgeloop ek kon niks verder doen nie Kommissaris.
**ADV GOOSEN:**
Maar dis moontlik dat u 'n verdere operasie kon loods nie waar nie?
**BRIG SCHOON:**
Wel daar was nie 'n geskikte persoon om dit te gaan doen nie.
**ADV GOOSEN:**
So wil u sê dat in 1981, op daardie stadium was daar eintlik 'n probleem met die Vlakplaas-eenheid in die sin dat daar was nie persone wat oorgrensoperasies effektief kon uitvoer nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ek glo nie daar was persone wat dit kon doen nie.
**ADV GOOSEN:**
So dan was daar 'n leemte in die arsenaal wat die Veiligheidstak gehad het, was dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja kyk die Vlakplaas is op daai stadium was hy nog maar in sy kinderskoene gewees en sy optredes was maar baie beperk..
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Die moontlikhede van optree.
**ADV GOOSEN:**
Het u die feit dat daar sodanige leemte was met Generaal Coetzee geopper?
**BRIG SCHOON:**
Nee, maar die leemte is mettertyd aangevul - uit die weg geruim deur mense wat daar geplaas is. Dit was die gedagte van Vlakplaas om 'n heenkome te vind vir die mense wat nie aangekla word nie, wat as terroriste gearresteer word.
**ADV GOOSEN:**
Ja om - om wat te doen Brigadier?
**BRIG SCHOON:**
Om hulle daar te huisves en daarvandaan uit te neem en aan te wend.
**ADV GOOSEN:**
Maar - nee u sien brigadier ek verstaan nie mooi nie. Marius Schoon is geïdentifiseer as 'n legitieme teiken.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
U beskik oor die inligting, vir solank dat u nie optree nie, is daar 'n - skep dit 'n probleem vir die Republiek nie waar nie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Goed.
**BRIG SCHOON:**
En dit is miskien waarom iemand anderste toe lateraan probeer het om dieselfde te doen, waarvan ek nie weet nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Het u die - het u die inligting - het u enigsins deelgeneem in die identifisering van Marius Schoon as 'n legitieme teiken aan ander persone in die Veiligheidspolisie of Veiligheidsmagte?

**BRIG SCHOON**:
Nee.

**ADV GOOSEN**:
Weet u waar hulle daardie inligting sou bekom het?

**BRIG SCHOON**:
Heel moontlik uit sy lêer - van bronne.

**ADV GOOSEN**:
Hoe het u geweet - hoe het u mettertyd gehoor of op watter stadium het u gehoor dat daar wel 'n bomaanval op die Schoon familie geloods is, wanneer het u daarvan gehoor?

**BRIG SCHOON**:
Kommissaris ek kan nie vir u sê nie - dit is dinge wat 10 - 15 jaar gelede plaasgevind het.

**ADV GOOSEN**:
Sien ook daardie aanval het gefaal is dit reg - die bomaanval het as gevolg gehad dat Marius Schoon se vrou en dogter gedood is.

**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN**:
Wanneer het dit plaasgevind, kan u onthou?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ek kan nie onthou nie Kommissaris.

**ADV GOOSEN**:
**Okay give me the date**, okay ons sal nou die datum vir u gee. Maar dit was 'n rukkie na hierdie gefaalde operasie wat geloods is deur Dirk Coetzee.

**BRIG SCHOON**:
Ja.

**ADV GOOSEN**:
En tussen die - en vanaf die tyd toe daardie operasie gefaal het, tot tyd en wyl daar nou 'n verdere operasie geloods is, was geen stappe gedoen om die - om seker te maak dat mnr Schoon se bedrywighede bekamp word nie, is dit reg?

**BRIG SCHOON**:
Ja ons het nie die vermoë gehad om dit te doen nie.

**ADV GOOSEN**:
Maar u het wel die vermoë gehad om in 1981 persone te ontvoer uit Swaziland, en ook ander operasies te loods nie waar nie?

**BRIG SCHOON**:
Ja die persone in Swaziland was bronne wat daar woonagtig was Kommissaris, hulle was nie beskikbaar vir optrede in Botswana nie.

**ADV GOOSEN**:
Nee dit mag so wees - dit mag so wees, maar daar is lede van die Vlakplaas-eenheid het deelgeneem aan daardie operasies in Swaziland en in Lesotho.

**BRIG SCHOON**:

Ja.
**ADV GOOSEN:**
En in Mosambiek is dit korrek?
**BRIG SCHOON:**
Ek glo nie in Mosambiek nie, ek twyfel.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en daar is ook verskeie operasies wat geloods is in 1982 en '83 is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Binnelands en ook buitelands.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja, so op watter basis sê u dat julle nie oor die vermoë beskik het in 1981 om vir Marius Schoon dood te maak in Botswana nie.
**BRIG SCHOON:**
Wel soos ek dit gehad het, het Coetzee net die een bron gehad wat geweet het waar die plek is en wat die omstandighede daar is, en ek dink amper die bron was Mamasela gewees as ek dit nie mis het nie en toe hy nou uitgeloop is daar, kon hy nie weer teruggaan nie.
**ADV GOOSEN:**
Maar u aanvaar dat u het wel 'n opdrag gegee aan - aan Kaptein Dirk Coetzee.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
So u het aanvaar dat - dat daar die moontlikheid sou wees dat hierdie persoon vermoor sou word.
**BRIG SCHOON:**
Die moontlikheid was daar.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Die opdrag was gegee.
**ADV GOOSEN:**
Trouens dit was die oogmerk van die operasie nie waar nie.
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
As u my net 'n oomblik kan gun - ja die datum van die tweede aanval op die Schoon familie was in '84 gewees, is die bomaanval. U was op daardie stadium het - op daardie stadium '84 het u - het julle vermoë beskik om sodanige operasies in Botswana uit te voer.
**BRIG SCHOON:**
U bedoel soos die ene wat in '81 misluk het?
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Ek glo so.
**ADV GOOSEN:**
Wanneer het julle oor daardie vermoë beskik na '81 - na hierdie gefaalde operasie?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink dit het in hoofsaak begin nadat Brigadier Jack Cronje daar gekom het en toe lateraan De Kock.
**ADV GOOSEN:**
En dit sou ook een van die - moontlik een van die redes gewees het waarom Eugene wel daar na Vlakplaas geplaas is om die vermoëns van die Vlakplaas-eenheid te versterk?
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ja ek dink die hoofrede was natuurlik die uitval wat hy gehad het daar en dan dat - ek glo hulle het nie geweet waar om hom te plaas nie.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

**BRIG SCHOON**:

En toe het hulle hom daar geplaas.

**ADV GOOSEN**:

U maak melding in u verklaring bls 6 van - dat u - u herinner u dat daar wel die gepoogde ontvoering was van 'n ANC persoon in Swaziland...[intervention]

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE:**
I am sorry to interrupt you but if you going to leave the conspiracy to murder Marius Schoon I have a question and I think also Commissioner Ntsebeza. I just want to ask you brigadier the - to make sure I understand in 9.1 on page 9 you recall that Captain Coetzee approached you - concerning the assassination. There was no other reason they were going to kill him and you on the basis of information which you had, decided that, that was in order and in fact gave him the revolver, which was going to be the murder weapon.

But now you have described this as Marius Schoon being a legitimate target and yet you say in your submission:

> **The South African Police had no legal remedy to address this specific situation.**

So you knew that this was an illegal act and that this was nothing more than murder, is that correct?

**BRIG SCHOON:**
Dit is so Kommissaris.

**DR BORAINE:**
So that on the one hand you were conducting a legitimate campaign against terrorism directed towards the South African state but in fact were engaging if you like in terrorist yourself.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**DR BORAINE:**
Ja, thank you very much. Commissioner Ntsebeza.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA:**
No I just wanted to know whether Marius Schoon or is related to you or is it just a coincidence in names?

**BRIG SCHOON:**
Ek glo hy moet baie ver langs familie wees, ek ken hom nie persoonlik nie.

**DR BORAINE:**
Right.

**ADV NTSEBEZA:**
Could I just ask something else in the meantime through your Chair.

**DR BORAINE:**
Ja go ahead - go ahead.

**ADV NTSEBEZA:**
Ja [indistinct] you mentioned Mombaris - the case of Mombaris, I think it was in the context of when you were testifying about your - whilst you were in South West Africa. When did that case come - was it 1973?

**BRIG SCHOON:**
Ek dink dis of in '72 of '73.

**ADV NTSEBEZA:**
Oh! I see, is this the case - who was the main State witness against Mombaris was it a person who became an Askari afterwards - a person called Moshe - [indistinct] Moshe.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV NTSEBEZA**:
And Moshe became an Askari in Vlakplaas subsequent to that?
**BRIG SCHOON**:
Ja - ja.
**ADV NTSEBEZA**:
And he - in 1985 do you know that Moshe was involved in a killing in Transkei - the killing of a student leader there called Batanwa Nondo. Are you aware of that incident? In September 1985?
**BRIG SCHOON**:
Nee.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:
Were you at Vlakplaas still in 1985?
**BRIG SCHOON**:
Nee ek was by Hoofkantoor.
**ADV NTSEBEZA**:
Oh! I see, all right - thank you.
**DR BORAINE**:
Advocate Goosen.
**ADV GOOSEN**:
**Thank you very much Mr Chairperson**, brigadier u sê dat u kan 'n voorval van die gepoogde ontvoering van 'n ANC lid in Swaziland wie bekend gestaan het as General, u kan dit onthou is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En u sê dat u - u was geensins betrokke daarby nie?
**BRIG SCHOON**:
Ek kan nie onthou dat ek betrokke was nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Okay, wat ek net mooi verstaan sê u, u kan nie onthou of u betrokke was nie of u onthou dat u was nie betrokke nie.
**BRIG SCHOON**:
Ek kan nie onthou dat ek enige opdrag gegee het nie - as u my geheue kan verfris Kommissaris dan sal ek bly wees.
**ADV GOOSEN**:
Goed, want u sê in u verklaring:

**I know, however, that I was not in any way involved therein.**

Is dit net wat u...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON**:
Fisies - ek was nie fisies...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN**:
U was nie fisies betrokke nie?
**BRIG SCHOON**:
nee.
**ADV GOOSEN**:
Dis moontlik dat u 'n opdrag kon gegee het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja dit is moontlik.
**ADV GOOSEN:**
Goed, u sien want Kaptein Coetzee beweer dat u spesifiek vir hom die opdrag gegee het om hierdie persoon in Swaziland te probeer ontvoer, hom terug te bring Suid-Afrika toe.
**BRIG SCHOON:**
Dit kan so wees.
**ADV GOOSEN:**
En dat dit in Desember 1981 plaasgevind het - nou wat - wat sou die rede gewees het vir die ontvoering van die persoon uit Swaziland uit, om daardie persoon nou terug te bring Vlakplaas toe.
**BRIG SCHOON:**
Ek dink die rede sou wees dat hy oor inligting beskik het oor bedrywighede in Swaziland wat vir ons van belang was.
**ADV GOOSEN:**
En hy sou aangehou word en by - en hy sou ondervra word om daardie inligting te bekom is dit reg?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Heel waarskynlik ja.
**ADV GOOSEN:**
En kan ons aanvaar dat by hierdie aangeleenthede waar 'n mens praat van die ontvoering van 'n persoon dat die moontlikheid van die doodmaak van daardie persoon ook teenwoordig was.
**BRIG SCHOON:**
Nie noodwendig nie Kommissaris, want ek dink die twee gevalle wat ek genoem het, Sidebe en Misibe - daardie mense is nie doodgemaak nie.
**ADV GOOSEN:**
Wat het met hulle gebeur?
**BRIG SCHOON:**
Ek weet die intelligensie mense het vir Misibe ondervra en hy is daarna vrygelaat ek dink hy is toe as 'n bron gewerf en hy het in Soweto geoppereer.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Wat toe later van hom geword het weet ek nie en Sidebe - die - hy is toe later aan as ek reg onthou het ek gehoor dat hy deur Nasionale Intelligensie aangewend word.
**ADV GOOSEN:**
Nou hoe sou - net om daarby stil te staan vir die oomblik - hoe sou die skakeling plaasgevind het met Nasionale Intelligensie Diens?
**BRIG SCHOON:**
Nee nie Nasionale Intelligensie nie - die Veiligheidstak se intelligensie afdeling.
**ADV GOOSEN:**
O! ek sien, ek vra om verskoning.
**BRIG SCHOON:**
Generaal Stadler.
**ADV GOOSEN:**
O! ek vra om verskoning - maar hoe sou daardie skakeling dan plaasgevind het. Op watter manier?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Sou dit wees nadat die persoon ontvoer was teruggebring was en ondervra was.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee ek dink die persoon was - die skakeling het plaasgevind voor dit en as ek reg onthou was ons betrokke by die voorval waar - voordat die man uitgehaal is uit Swaziland uit, het ons by Oshoek bymekaar gekom as ek reg onthou en daar gewag totdat hulle hom uitgebring het.
**ADV GOOSEN:**
Goed en wat se geval is dit waarvan u nou praat?
**BRIG SCHOON:**
Van Msibe se geval.
**ADV GOOSEN:**
Msibe?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
En nadat hy - nadat hy ontvoer was - was - onder wie se beheer was hy dan gewees? Onder u beheer - C-seksie se beheer of...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Ek dink amper Generaal Stadler-hulle het hom oorgeneem **... einde van Band 3, kant B ...** ... het Boechner ook later iets met hom te doen gehad, hy het hom hanteer as 'n bron.
**ADV GOOSEN:**
Ja, op hierdie stadium sal dit korrek wees om - korrek wees om te sê dat die ontvoering van persone en - het gepaard gegaan met die werwing van daardie persone as - as bronne vir die Veiligheidstak is dit reg?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Sommige van hulle ja.
**ADV GOOSEN:**
Maar diegene wat nou hulle samewerking gegee het.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Die persone is ontvoer, hulle is nie kragtens enige Wet in aanhouding geplaas nie, hulle is ondervra en...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Nee Sidebe was in aanhouding geplaas.
**ADV GOOSEN:**
Ja, en nadat hy - wanneer het hy - kan u onthou wanneer hy sy samewerking gegee het eers voor of nadat hy in aanhouding was.

**BRIG SCHOON**:
As ek onthou het hy sy samewerking reg aan die begin gegee.
**ADV GOOSEN**:
JA en hy is toe formeel vrygelaat.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En dan gewerk as 'n bron.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En ek aanvaar dat die aanhouding en vrylating van persone afgehang het van - of daardie persone dan saamgewerk het met die polisie al dan nie.
**BRIG SCHOON**:
In 'n baie groot mate ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, en as die persoon nie saamgewerk het nie, wat sou dan met daardie persoon gebeur?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON**:
Ek kan nie op hierdie oomblik aan enige geval dink nie - oor byvoorbeeld die Ebrahim geval was die man aangehou en aangekla.
**ADV GOOSEN**:
Ja en hy het natuurlik nie sy samewerking gegee nie.
**BRIG SCHOON**:
Nee hy sou ook nooit nie.
**ADV GOOSEN**:
Ja, en in hoeveel gevalle waar persone nou ontvoer is uit Swaziland of Lesotho waar hulle nie samewerking gegee het nie, in hoeveel gevalle was daardie persone dan aangekla, kan u onthou?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie van enige geval nie.
**ADV GOOSEN**:
Ja, so die aankla van 'n persoon was nie iets wat normaalweg plaasgevind het nie, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Van 'n persoon wat ontvoer is?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Ja, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Ja ek weet nie of daar so baie ontvoer is nie.
**ADV GOOSEN**:
Wel ons weet - ons weet dat daar gepoog is om 'n aantal te ontvoer.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
En ons weet dat daar in ten minste een geval wel 'n ontvoering was, die Joe Pillay.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Was ontvoer en hy is teruggebring. Was daar enige gevalle waar 'n persoon ontvoer was en dan gewerf was as 'n bron of as 'n Askari lid?
**BRIG SCHOON**:
Die Sidebe geval en ook Msebi se geval.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Goed en daar is nog twee gevalle waar ons weet die persone was wel - wel ontvoer, wat sou gebeur het as die persoon nie sy samewerking sou gegee het nie, byvoorbeeld gesê het nee ek is nie bereid om 'n bron te wees nie, ek is nie bereid om saam te werk nie.

**BRIG SCHOON:**
Dan glo ek sou hy seker aangekla gewees het soos in die Ebrahim geval.

**ADV GOOSEN:**
Het - en as - sou die aankla van die persoon sou dit nie die effek gehad het dat die feit dat die polisie besig was om persone te ontvoer uit buurstate dat dit in die openbaar sou uitkom nie.

**BRIG SCHOON:**
Dit mag so wees.

**ADV GOOSEN:**
Dit het inderdaad in die Ebrahim geval gebeur.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Eers later.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

**ADV GOOSEN:**
Waar daar pogings getref is om 'n persoon te werf as 'n - as Askari of 'n persoon of as 'n bron - en waar die persoon nie samewerking gegee het nie, wat - wat het met daardie persone gebeur?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ek dra nie kennis van sulke gevalle nie.

**ADV GOOSEN:**
Ons weet dat u ...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Ek kan nie onthou nie.

**ADV GOOSEN:**
Voorheen gesê het dat daar ten minste twee lede was - volgens u weergawe die twee PAC lede wie dan geen samewerking gegee het nie, en hulle is toe doodgemaak.

**BRIG SCHOON:**
Maar hulle was nie ontvoer nie.

**ADV GOOSEN**:
Ja maar dis persone wat - waar daar 'n poging was om hulle te werf, hulle het nie saamgewerk nie, hulle is toe doodgemaak.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Is dit reg - dit kon ook met persone wat - dit kon ook so gebeur het met persone wat ontvoer was, is dit reg?
**BRIG SCHOON**:
Dit is so.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**DR BORAINE**:
Advocate Goosen I am sorry to interrupt you but I am looking at the watch, we are due to take a short break and I'd like to be guided as to how much longer you think we are going to need so that we can plan accordingly.
**ADV GOOSEN**:
Thank you Mr Chairperson - Mr Chairperson I'd intended to carry on until at least 4:30 - I would certainly want to finish by 5:00 at the latest.
**DR BORAINE**:
So I think we will have to complete work today by 5 o'clock and we can take a decision then as to whether we will need to recall the witness. I think therefore in fairness to Brigadier Schoon that we should have a break, our 15 minutes and we will break now until about quarter too or just after quarter to four and we will not proceed longer than 5:00, thank you.
ARCHIVE FOR JUSTICE
**MEETING ADJOURNS FOR A SHORT BREAK**
**ON RESUMPTION**
**DR BORAINE**:
Right we are ready to resume in the final session of today. We will review the situation at half past four but I hand over now again to advocate Goosen.
**ADV GOOSEN**:
**Thank you very much Mr Chairperson**, brigadier ek wil net u net - kortliks net verwys na paragraaf 18 - verskoning 17 op bls 9 van u submissie. Dit gaan oor die moord op Isaac Ace Moema. Ek wil net aandui dat die datum November 1991 - dit is ons fout daai, die datum is inderdaad 1981 net om billikheidshalwe gaan ek nie ingaan op daardie kwessie nie. U het nie 'n geleentheid gehad om daaroor na te dink nie. U het aanvaar dat omdat dit '91 was, was dit buite die tydperk toe u by C-seksie was.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ons kan dit miskien op 'n ander wyse op 'n latere stadium met u opper indien u enige kennis dra oor daai aangeleentheid - daar is 'n bewering gemaak deur Kaptein Coetzee dat hy en ek dink Koos Vermeulen die aangeleentheid met u geopper het op 'n stadium. Hy was 'n problematiese lid van Vlakplaas en daar is volgens hulle weergawe aan u - deur u aangedui dat hulle moet maak met hom soos wat hulle wil en hulle het hom toe later vermoor.

Maar ek gaan nie daarop ingaan nie, aangesien daar 'n fout was, wat in - in ons kennisgewing opgetree het ten opsigte van die datum.

**BRIG SCHOON**:

As u miskien 'n bietjie meer detail kan gee dan kan ek dalk nou antwoord. Ek het nie geweet nie.

**ADV GOOSEN**:

Okay goed, net baie kortliks.

**BRIG SCHOON**:

Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Die persoon Ace Moema was 'n Askari, hy het by Vlakplaas aangesluit in 1981 - daar was aanduidings dat hy nie - jy weet dat hy nie gelukkig was by Vlakplaas nie. Hy wou nie daar wees nie en daar is deur Koos Vermeulen en Coetzee die probleem is met u geopper daar was 'n sekuriteitsprobleem met hom gewees. Met Isaac Moema, die moontlikheid dat hy moontlik die bestaan van Vlakplaas en ook die aktiwiteite daar sou verklap. Moontlik weer teruggaan na die ANC en daar is toe deur u blykbaar aangedui dat daar - dat Vermeulen en Coetzee moet dan doen wat hulle bes dink onder die omstandighede en hy is toe vermoor.

Ek weet nie of dit u enigsins - u daaroor kan herinner nie, as gevolg van daardie feite nie.

**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek kan die voorval nie plaas nie. Maar weer hier, dit is moontlik dat ek dit kon gesê het.

Ja - goed.

**BRIG SCHOON:**
En ek glo nie om die saak uit te stel gaan my - gaan dit baie verder bring nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Nee - nee ek verstaan.
**BRIG SCHOON:**
Tensy ek met die manne self kan praat en dat hulle vir my kan sê dit en dit was die feite gewees.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Glo ek nie sal ek baie verder kan kom as nou om net te sê dit is - dit is 'n moontlikheid.
**ADV GOOSEN:**
Dit is 'n moontlikheid u kan dit nie - u kan u nie daaroor herinner op hierdie stadium nie.
**ADV GOOSEN:**
Goed, nee ek aanvaar dit baie dankie. Ek wil net kortliks handel met twee ander gevalle wat plaasgevind het in 1985 en dit is die verdwyning van die drie persone te Port Elizabeth in Mei 1985, ek is nou op bls 8 - paragraaf 12 van u submissie.

Die sogenaamde PEBCO 3. U sê daar u dra nie persoonlike kennis van hierdie geval nie.
**BRIG SCHOON:**
Ek dra absoluut geen kennis nie.
**ADV GOOSEN:**
Geen kennis gehad nie.
**BRIG SCHOON:**
Geen kennis nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja - geensins.
**BRIG SCHOON:**
Geensins.
**ADV GOOSEN:**
Okay, u - net om u te sê daar is in 'n amnestie aansoek wat geloods is onder andere deur Roelof Venter het hy amnestie aangevra vir - vir sy betrokkenheid by hierdie voorval waar hy betrokke was saam met ander Vlakplaas lede.
**BRIG SCHOON:**
Ek het dit in die media...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Met die ontvoering by die Port Elizabeth lughawe en ander persone van die Oos-Kaap dan - was dan betrokke in die moord op daardie drie persone. U dra geen kennis daarvan nie.
**BRIG SCHOON:**
Absoluut geen nie en ek weet ook nie die man Venter was nooit by Vlakplaas nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja-nee hy was - hy was betrokke gewees, hy was by die Noord Transvaal Eenheid dink ek - as ek my herinner.
**BRIG SCHOON:**
Op daai stadium.
**ADV GOOSEN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek dink so.

**BRIG SCHOON:**

Ek weet nie.

**ADV GOOSEN:**

Of hy was - u wou gesê het hy was by?

**BRIG SCHOON:**

Hy was by C-2.

**ADV GOOSEN:**

C-2.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Die mense wat die uitkennings gedoen het.
**ADV GOOSEN:**
Dis reg.
**BRIG SCHOON:**
Hulle het na die afdelings gereis en dan het hulle die manne wat gearresteer is het hulle gaan sit by hom met die foto-album vir die identifikasie.
**ADV GOOSEN:**
Dis korrek - ja nee dit is...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Dit was sy taak gewees.
**ADV GOOSEN:**
Ja daar was ander - blykbaar ander Vlakplaas lede wat betrokke was, Joe Mamosela onder andere.
**BRIG SCHOON:**
Dit is so, maar ek dra absoluut geen kennis van die voorval nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja - goed net ook dan die verdere - die ander aspek brigadier, en dit gaan oor die - die moord - moorde op die Cradock 4.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Dis Matthew Goniwe, Sicelo Mhlawuli, Ford Calata en Sparrow Mkhonto.
**BRIG SCHOON:**
Ja presies dieselfde hier, ek weet van dit absoluut niks.
**ADV GOOSEN:**
Goed, nou net 'n breë vraag daaromtrent, die inligting is dat - dat beide Port Elizabeth - Oos-Kaap, Port Elizabeth en Vlakplaas lede betrokke is by die - die moorde van hierdie sewe persone in 1985.

Proses gewys gesien, blyk dit dat daar - dat die Vlakplaas lede ingeroep is of hulp is gevra van die Vlakplaas lede vanaf die bevelvoerende offisier - offisiere in die Oos-Kaap streek destyds - sou dit - sou dit 'n normale optrede wees waar 'n bevelvoerder direk vir die Vlakplaas lede kan inroep om sekere take te verrig in daardie streek.
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ongelukkig is dit so dat die opdragte is naderhand - het hulle by dit verbygegaan en hulle het direk beginne skakel met die mense op Vlakplaas op baie geleenthede.
**ADV GOOSEN:**
Ja - ja.
**BRIG SCHOON:**
En hulle het onderling reëlings getref waarvan ek niks geweet het nie of selfs my tweede in bevel ook nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja en brigadier dit sou - sou dit korrek wees om te sê dat daardie as 't ware direkte skakeling het ook die effek gehad dat minder persone sou - sou geweet het van sekere

optredes en derhalwe dat dit makliker sou gewees het om - vir die Veiligheidspolisie ook hoofkantoor om betrokkenheid as 't ware by sodanige optredes te kan verskuil.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

So daardie werkswyse soos die optredes van Vlakplaas al hoe verder uitgebrei het in die land, daardie werkswyse het ook die addisionele effek gehad dat dit makliker was om die betrokkene te verskuins.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Goed, ek gaan nie juis in enige detail ingaan oor die Japie Maponya saak nie, u handel daar, u sê daar dat in sy getuienis het Eugene aangedui dat hy na die moord daardie aspek met u geopper het.

**BRIG SCHOON:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

U sê dit is nie korrek nie, u dra nie kennis daarvan nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee.

**ADV GOOSEN:**

Net om net kortliks aanduiding te gee brigadier, die Japie Maponya geval het gegaan oor 'n persoon wat aangehou is en waar daar dan 'n probleem ontstaan het as gevolg van die feit dat hy is deur Vlakplaas lede ondervra te Vlakplaas en die probleem was dat om hom vry te laat sou die effek gehad het dat die betrokkenheid van die Vlakplaas lede openbaar sou wees.

As gevolg daarvan het generaal - nou Generaal Le Roux, destyds Kolonel Le Roux van Krugersdorp, om hulp gevra om hierdie probleem op te los. En dit is dan - daar is toe besluit dat Japie Maponya om die lewe gebring sou wees. U dra geen kennis daarvan nie, u was nie betrokke daarby nie.

**BRIG SCHOON:**

Nee hy het my nie - hy het my nie genader nie.

**ADV GOOSEN:**

Nee goed, u is op rekord ten opsigte van die ander aspekte, die bomontploffings, Community House en ook KHANYA Huis. Kan ek u net dit vra ten opsigte daarvan. Is dit korrek dat Waal du Toit by die C-seksie, die tegniese seksie was en betrokke sou gewees het by sodanige operasies soos 'n bomaanval?

**BRIG SCHOON:**

Dit kan wees, want hy was...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN:**

In die voorbereiding van daardie plofstof.

**BRIG SCHOON:**

Ja dit sou baie moontlik gewees het.

**ADV GOOSEN:**

En ook persone soos Martiens Ras.

**BRIG SCHOON:**

Martiens Ras weet ek nie, hy was nie - hy was moontlik 'n plofstof man, maar hy was nie by die tegniese afdeling nie.

**ADV GOOSEN**:

Okay.

**BRIG SCHOON**:

Hy was by Vlakplaas.

**ADV GOOSEN**:

Hy was by Vlakplaas gewees, okay. Generaal - ag verskoning brigadier - die voorval wat bekend staan as **Operation Zero-Zero Hour** wat nie hier in mee gehandel word nie, maar dit is die voorval waar in 1985 Julie daar verskeie handgranaat ontploffings plaasgevind het in Duduza en Kwatema en Vosloosrus as gevolg waarvan agt persone dood is en verskeie ander is erg beseer.

Die verskaffing van daardie handgranate wat onmiddellik sou ontplof as die - as dit...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON**:

Die ontsteker getrek word?

**ADV GOOSEN**:

Ja dis reg, dit is volgens Generaal Johan van der Merwe was 'n operasie wat geloods is ook op sy opdrag. Dra u enige kennis van daardie...[tussenbeide]

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ek dra kennis daarvan Kommissaris.
**ADV GOOSEN:**
En was u enigsins betrokke gewees by die deurvoer van daardie instruksies of weet u hoe daardie operasie plaasgevind het.
**BRIG SCHOON:**
Ek dink dit was deur middel van Brigadier Jack Cronje wat dit gedoen was met samewerking met bronne op die Oos-Rand.
**ADV GOOSEN:**
Ja en net kortliks wat was u - wat was u betrokkenheid gewees by daardie operasie?
**BRIG SCHOON:**
As ek reg onthou het ek gereël vir die - die maak van die handgranate - die - die ontstekers kleiner te maak.
**ADV GOOSEN:**
Goed, en in die maak daarvan - wie was betrokke daarby?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink ons het dit by SPES MAGTE laat doen.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Is Suid-Afrikaanse - die Weermag - SPES MAGTE.
**BRIG SCHOON:**
By die Weermag, SPES MAGTE.
**ADV GOOSEN:**
Weet u wie - wie die persone was wat...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Ek het 'n idee dit was met Generaal Joubert.
**ADV GOOSEN:**
Dis Joep Joubert?
**BRIG SCHOON:**
Joep Joubert.
**ADV GOOSEN:**
Ja, het hy kennis gedra van wat die rede vir die maak van daardie aanstekers was.
**BRIG SCHOON:**
Nee ek glo nie ons het vir hom gesê waarvoor dit benodig word nie.
**ADV GOOSEN:**
Okay.
**BRIG SCHOON:**
Ons het net gesê - ek het gesê - gevra of hulle oor die vermoë beskik om hierdie goed te maak dat dit bietjie gouer ontplof, toe het hy gesê hulle kan dit doen en hulle het toe vir ons 'n klompie van die ontstekers voorberei.
**ADV GOOSEN:**
En u was persoonlik betrokke daarby.
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV GOOSEN:**
Aan wie - aan wie het u daardie handgranate dan oorhandig?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink dit was aan die tegniese afdeling gegee, die plofstof mense vir bewaring en hulle het dit uitgedeel soos dit benodig was.
**ADV GOOSEN:**
Dra u enige kennis van hoeveel handgranate is so voorberei?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek kan nie onthou nie.
**ADV GOOSEN:**
Was dit net vir die een operasie - een tydperk of oor 'n lang tydperk of 'n hele klomp.
**BRIG SCHOON:**
Ek dink daar is 'n klein hoeveelheid en as ek nou sê 'n klein hoeveelheid, ek wil my nie graag by 'n syfer bepaal nie maar dit kon 'n dosyn of twee gewees het.
**ADV GOOSEN:**
Ja - ja en in die bespreking van daardie - daardie voorval, wie was direk betrokke daar met die beplanning daarvan?
**BRIG SCHOON:**
Wel ek dink dit was Generaal Van der...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Volgens u kennis.
**BRIG SCHOON**:
Dit was - ek het 'n idee dit was Generaal Van der Merwe en Cronje en ek kon betrokke gewees het.
**ADV GOOSEN**:
Goed, by daardie voorval was daar ook 'n myn wat gebruik is.
**BRIG SCHOON**:
Ja - 'n klein kleefmyn.
**ADV GOOSEN**:
Klein kleefmyn, was daardie kleefmyn ook voorberei deur 'n SPES MAGTE persoon?
**BRIG SCHOON**:
Nee ek glo nie dit was SPES MAGTE nie.
**ADV GOOSEN**:
Nie.
**BRIG SCHOON**:
Ek dink amper dit was tussen Cronje en die plofstof...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN**:
Die tegniese - Waal du Toit en daardie persone.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ja, was - dra u enige kennis van sogenaamde Swart Hand Handgranate - **black hand grenades.**
**BRIG SCHOON**:
Nee, kan u vir my net 'n bietjie verder inlig.
**ADV GOOSEN**:
Handgranate wat ook gedokter is as 't ware wat dan swart geverf is - sodat Veiligheidsmag lede wat hierdie handgranate teëkom, dan weet dat hierdie handgranate gedokter is, dra u enige kennis daarvan?
**BRIG SCHOON**:
Nee - maar dit kon moontlik wees dat - dat dit 'n voorsorgmaatreël is wat getref is.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Ek sou dink dat dit wel gedoen sou gewees het.
**ADV GOOSEN**:
Ja, na - na die - na die operasie wat die - hierdie **Zero-Zero Hour** operasie, was daar enige opvolgwerk wat verrig is deur u?
**BRIG SCHOON**:
Hoe bedoel u opvolgwerk?
**ADV GOOSEN**:
H'm of enige - was daar enige iets waar die lede wat betrokke was of beloning ontvang het of enige iets van die aard?
**BRIG SCHOON**:
Nee ek is nie bewus van so iets nie.
**ADV GOOSEN**:

Die opdrag het dit - was die opdrag - het dit gekom van hoër gesag as Generaal Van der Merwe of het die beplanning ontstaan by Generaal Van der Merwe.

**BRIG SCHOON**:

Nee ek het verneem dat die opdrag van hoër gesag gekom het.

**ADV GOOSEN**:

Nou as ons praat van hoër...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON**:

Of dit kon gewees het dat Generaal Van der Merwe die beplanning voorgelê het vir goedkeuring en dat die opdrag toe gegee is, ek is nie seker nie.

**ADV GOOSEN**:

Nou om so 'n operasie te loods, van waar af sou goedkeuring bekom moes word?

**BRIG SCHOON**:

Ek sou dink dat dit van die Staats Veiligheidsraad se kant moes kom. Dat daar darem 'n mate van politieke goedkeuring aan gegee word.

**ADV GOOSEN**:

Ja - ja. Goed, brigadier ek wil handel met die Vlakplaas-eenheid en die stigting daarvan. U het nou 'n eedsverklaring wat opgestel is in 1990 deur Generaal Johan Coetzee voorgelê, kan ek u net dit vra om watter rede is daardie - daardie eedsverklaring opgestel en aan wie is dit voorgelê.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Hierdie eedsverklaring as ek reg onthou Kommissaris was deur Generaal Coetzee voorberei om by die Harms Kommissie ingehandig te word. En ek het verneem dat as gevolg van die lywigheid daarvan die Kommissie die ding opsy gesit het en nie laat deel uitmaak van hulle oorkonde nie.
**ADV GOOSEN:**
Ja goed u sê in paragraaf 19.3 dat u is bewus dat soortgelyke operasies of basisse opgestel is te Oos London en Durban, maar u kan nie die detail daarvan onthou nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
Kan u - as ons net praat van die Durban - Durban basis, kan u onthou wanneer dit opgestel is?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek kan dit nie onthou nie, maar dit is in die - in ek dink die latere tagtiger jare.
**ADV GOOSEN:**
Ja, kan u onthou wie die bevelvoerder van daardie basisse gewees het?
**BRIG SCHOON:**
Ek het een aand daar oornag en toe was dit Andy Taylor gewees, Kolonel Andy Taylor.
**ADV GOOSEN:**
Ja - ja en kan u onthou waar dit was?
**BRIG SCHOON:**
Dit was daar by - die omgewing van Catoridge.
SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
**ADV GOOSEN:**
Ja, 'n plaas naby [onduidelik]
**BRIG SCHOON:**
Ja ek sal nie sê dis 'n plaas nie, dis net - dis miskien 'n groot plot.
**ADV GOOSEN:**
Ja, so 'n plasie.
**BRIG SCHOON:**
Of 'n klein plasie ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja naby Camperdown is dit reg?
**BRIG SCHOON:**
Ja - ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja en wat was die beweeg rede gewees vir die opstel van daardie - daardie basis.
**BRIG SCHOON:**
Dit was ook om van hulle Askari's te huisves, want hulle het toestemming gekry om ook met hulle eie operasie daar te begin, mense wat hulle aangewend het as getuies en wat nie vervolg is nie, die het hulle daar gehuisves en aangewend.
**ADV GOOSEN:**
En daar is - verskoning en vanaf daardie basis sou soortgelyke operasies geloods word as die wat geloods is vanaf Vlakplaas?
**BRIG SCHOON:**

Ek glo so.

**ADV GOOSEN:**

En dit sou dan insluit ook oorgrensoperasies in Swaziland in, Lesotho in moontlik asook ander tipe operasies.

**BRIG SCHOON:**

Daai moontlikheid is daar.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Soos byvoorbeeld ook operasies soos wat die Vlakplaas lede betrokke by was soos byvoorbeeld bomontploffings by 'n perseel soos COSATU Huis of die vervaardiging van of gebruik van gedokterde handgranate of ontvoerings of wat ook al, soortgelyke tipe operasies sou...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Dit kon gebeur het.
**ADV GOOSEN:**
Ja, aan wie sou Kolonel Taylor verantwoording moes doen vir daardie basis?
**BRIG SCHOON:**
Aan sy bevelvoerende offisier.
**ADV GOOSEN:**
En dit sou die bevelvoerder wees van die Veiligheidstak in Durban?
**BRIG SCHOON:**
In Durban.
**ADV GOOSEN:**
Was daar enigsins 'n rapporteringslyn of 'n verantwoordinglyn na u toe gewees as hoof van C-seksie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Nee ek sal vir u sê hoekom nie dat die bevelvoerder daar was Brigadier van der Hoven en hy was my senior gewees en hy het dit benede sy waardigheid geag om met 'n junior te kommunikeer, daarom het hy liewer net met die bevelvoerder of sy tweede in bevel met hulle gekommunikeer.
**ADV GOOSEN:**
Goed, en ten opsigte van operasies wat uitgevoer is deur die lede wat gestasioneer is by daardie plaas te Camperdown, dra u enige kennis van daardie operasies?
**BRIG SCHOON:**
Glad nie, hulle was glad nie onder my beheer nie, hulle het onafhanklik gefunksioneer.
**ADV GOOSEN:**
Goed, kan u onthou wanneer die Oos London basis op die been gebring is?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink amper die Oos London basis is op die been gebring nog voor die Durban ene.
**ADV GOOSEN:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Want hulle is eintlik die mense wat gekla het dat hulle wil hul - die mense wat hulle hanteer het, wil hulle self hou en aanwend en daardie toestemming is toe deur hoofkantoor gegee.
**ADV GOOSEN:**
Ja, sou dit - sou dit net om u in die prentjie te plaas brigadier, die aanduiding is dat die - die plaas waarop die Durban Askari's gehuisves was en waar daardie basis - dit is aangeskaf deur Kolonel Taylor in 1989. Maar die - dit wil voorkom dat daar moontlik voordat daardie plaas dan opgestel is, reeds met sekere operasies begin is in daardie gebied.

Sou dit korrek wees om te sê dat gedurende 1987 - laat '87 dat dit op daardie stadium was toe die basis te Oos London of naby Oos London dan gestig is.
**BRIG SCHOON:**
Ek dink dit is so.
**ADV GOOSEN:**
Wie was die bevelvoerder gewees van die Oos London basis kan u onthou?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek onthou dit nie, ek was nooit daar gewees nie, ek weet nie...[tussenbeide]
**ADV GOOSEN:**
Was u enigsins betrokke gewees by die oprigting van daardie basis?
**BRIG SCHOON:**
Nee glad nie.
**ADV GOOSEN:**
Weet u was betrokke gewees by die opset - by die oprig van daardie basis?
**BRIG SCHOON:**
Ek dra geen kennis van [onduidelik]
**ADV GOOSEN:**
Op daardie stadium was Generaal Johan Coetzee gestasioneer in Oos London en hy het vir die Departement Buitelandse Sake gewerk dra u kennis daarvan?

**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Weet u of hy enige iets te doen gehad het op daardie stadium met die oprig van daardie basis te Oos London?
**BRIG SCHOON**:
Ek dra geen kennis nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Weet u waar die basis is?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet glad nie, ek was nooit daar nie.
**ADV GOOSEN**:
En ten opsigte van operasies wat uitgevoer is daar, dra u enige kennis van sodanige operasies?
**BRIG SCHOON**:
Ek dra geen kennis nie Kommissaris.
**ADV GOOSEN**:
Sou die Oos London basis dan ook onder die direkte bevel geval het van die streeks- of afdelingsbevelvoerder.
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
In daardie gebied.
**BRIG SCHOON**:
Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**
Kan u onthou wie die afdelingsbevelvoerder was op - destyds?
**BRIG SCHOON:**
Oos London - nee - ek kan nie - my geheue verfris daar nie.
**ADV GOOSEN:**
Ongelukkig nie.
**BRIG SCHOON:**
Nee.
**ADV GOOSEN:**
**DR BORAINE:**
Commissioner Ntsebeza.
**ADV NTSEBEZA:**
Brigadier did you know a person called Brigadier Griebenauw?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV NTSEBEZA:**
Do you know what time he was in East London in his career?
**BRIG SCHOON:**
Nee ek weet nie, dit was etlike jare.
**ADV NTSEBEZA:**
Do you know that he was in fact in East London?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**ADV NTSEBEZA:**
What as?
**BRIG SCHOON:**
Ek dink hy was die bevelvoerder gewees en hy was of 'n brigadier of 'n kolonel.
**ADV NTSEBEZA:**
I know in 1986 he was 'n brigadier.
**BRIG SCHOON:**
Ja dit kan wees.
**ADV NTSEBEZA:**
Thank you.
**DR BORAINE:**
Brigadier just a couple of very quick questions, I am trying to understand the command structure and just to illustrate what I am looking for - trying to understand, if you look at your submission, on page 9, and starting at 18, this is going to be a very brief questions, but I am going to refer to a couple of points that you make.

I refer now to the bombing of COSATU House, and you say and I quote:

**I passed the instruction on to Major Eugene de Kock and told him that this order had come from the "top".**

That's on page 9, no 18 have you got that in front of you?
**BRIG SCHOON:**
Ja.
**DR BORAINE:**
Okay now what did you mean when you said from the "top"?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Na die Minister van Polisie op daai stadium.

**DR BORAINE:**
So - so General Johan van der Merwe when he gave you instructions he told you that he was speaking on behalf of the Minister.

**BRIG SCHOON:**
Ja dat dit kom van Minister Vlok.

**DR BORAINE**:

Okay, thank you very much. Now in the same way could I ask you on page 11 the very bottom of the page 20.5 and you've discussed the action that was necessary to be taken in the eyes of the police and then you say :

> **I as a commanding officer was at times involved as a conduit for orders of this nature.**

Now there again I assume that General Johan van der Merwe was one of those who would give you instructions and you were a conduit, but were there at any other time, either the Minister or any other political figure or any other person give you instructions which you had to carry out, but you were the conduit?

**BRIG SCHOON**:

Kommissaris ek onthou een geval en ek wil dit koppel aan die wapenopslagplek wat ons opdrag gekry het om by Krugersdorp in te rig. Ek is ontbied van Pretoria af hiernatoe een dag en toe het ek en die Kommissaris as ek nou net die datum kan kry wanneer dit plaasgevind het dan kan ek sê of dit nou Generaal Coetzee was en of dit Generaal Hendrik de Witt was wat ek kom spreek het.

En in elk geval dit was of die een of die ander, is ons toe na Generaal Jannie Geldenhuys toe, waar hy die versoek gerig het dat ons 'n groot wapenstapelpunt moet inrig om die - om 'n beplande optrede in Botswana vooraf te gaan sodat hulle nou skietgoed het om te sê hier is nou 'n wapenstapelpunt gevind met soveel honderde gewere en wat dit ook al sy en dit is die rede waarom ons Botswana binnegeval het.

En ek is toe terug en ek het die nodige reëlings getref.

**DR BORAINE**:

Thank you - that's very helpful because it gives me some picture of where the orders were coming from. Can you remember any other incident or any other person of high ranking?

**BRIG SCHOON**:

Nee hierdie was die - hierdie was die enigste - dit is waarom ek dit onthou, want ek sien dat De Kock koppel dit aan die opblaas van die Community Center waar ek niks mee te doen gehad het nie. Hy sê ek het spesiaal hiernatoe gekom, maar ek het om daai rede hierheen gekom en terwyl ek no by die opblaas van die geboue is Kommissaris. Ek het hom by gehad maar om een of ander rede wou hulle dit nie - het hulle gesê dis nie nodig nie, maar dit is KHOTSO Huis, die het ek presies dieselfde opdragte gekry van Generaal Van der Merwe as vir COSATU huis en dit is op dieselfde wyse gedoen. Ek wil dit net ook graag meld dat - dat u dit as deel van die rekord het.

**DR BORAINE**:

Thank you very much for that, when you say that you got the same sort of command from General Johan van der Merwe for KHOTSO House, did he also mention that the Minister had given him instruction for that as well?

**BRIG SCHOON**:

Kommissaris ek weet nie of hy spesifiek toe gesê het dis die Minister nie, maar die bevel het ook van hom gekom en - maar ek dink hulle is 'n bietjie in 'n dwaal, want die Minister erken nou dat hy opdragte gegee het vir KHOTSO Huis en nie vir COSATU nie.

Maar die eerste ene was die - die gebou waarvoor die Minister spesifiek toestemming gegee het en dit was COSATU Huis.

**DR BORAINE:**
Ja.
**BRIG SCHOON:**
Dit kan ek konstateer sonder enige twyfel.
**DR BORAINE:**
Well I have a number of other questions, but I am well aware that my Commissioners will kill me if I don't allow them to ask any questions that they might have and I am sure that advocate Goosen has additional questions. So let me ask you first Commissioner Gobodo.
**MS GOBODO:**
Mine is really just a general question, just to find out you - in your testimony you've spoken about how your men were often involved with daily killings and how this affected them emotionally.
Did you ever have the services of a psychologist in your camp?
**BRIG SCHOON:**
Kommissaris ek het nie van my manne gepraat nie, ek het van die opset in Suidwes Afrika gepraat, die Koevoet lede wat aan hierdie strawwe dade onderworpe was. En ek het toe gemeld dit is waar de Kock die skade opgedoen het.
**MS GOBODO:**
Ja but you brought De Kock back to Vlakplaas and I just wanted to know if you did provide him with psychiatric help or some kind of psychological help?
**BRIG SCHOON:**
Nie ek persoonlik nie, ek weet hy het met sy dokter geskakel gereeld en ek sou dink dat hy dit - daar om hulp moes aanklop, ek persoonlik het dit nie gedoen nie.
**DR BORAINE:**
I have one small - just a final question from me and that is if we look at page 14 please. Now this was clearly - I refer to 23.1.2 this was clearly a very significant development because you go on to describe the responsibilities of this counter revolutionary Intelligence Task Team which everybody now I think calls TREWITS.
And you mention that it involved National Intelligence Service, South African Police and South African Defence Force, were you involved in this at all?
**BRIG SCHOON:**
Behalwe dat ek hulle oorhoofse opsiener was, was ek nie eintlik betrokke nie, hulle het heeltemal op hulle eie gefunksioneer. Dit was deel van die GBS stelsel en hulle het die hele wêreld vol gery, want op elke streek is daar 'n mini TREWITS gestig en hulle het die vergaderings bygewoon om inligting in te samel wat hulle dan hier kom kontroleer en gekorroleer het.
**DR BORAINE:**
This involved obviously at Cabinet level and if my memory serves me Minister Roelf Meyer was the Minister who was responsible for this. Are you aware of that?
**BRIG SCHOON:**
Ek is bewus daarvan en voor hom was dit - toe Adjunk Minister Vlok toe hy Adjunk Minister was, toe is dit - 'n ander Adjunk Minister.
**DR BORAINE:**
Miskien Wessels.
**BRIG SCHOON:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Wessels en toe was dit Meyer gewees.

**DR BORAINE:**
Baie dankie vir jou help.

**BRIG SCHOON:**
Dankie.

**DR BORAINE:**
Advocate Goosen.

**ADV GOOSEN:**
**Thank you very much Mr Chairperson,** brigadier kan u die wapenopstapelplek te Krugersdorp of nie te Krugersdorp nie maar in daardie omgewing...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
Ja dis - dis feitlik binne-in Krugersdorp dit is 'n - dit was op 'n myn 'n stuk myngrond waar die myn reeds toegemaak is.

**ADV GOOSEN:**
Ja - ja dit het blykbaar plaasgevind 19...[tussenbeide]

**BRIG SCHOON:**
So in 'n Bloekombos.

**ADV GOOSEN:**
Ja 1986 plaasgevind, sou dit korrek wees.

**BRIG SCHOON:**
Dit kan so wees ja.

**ADV GOOSEN:**
Kan u onthou op daardie stadium was daar 'n internasionale groep persone hier wat Suid Afrika besoek het, die Eminent Persons Group, kan u onthou? Dra u kennis daarvan?

**BRIG SCHOON:**
Ek kan so vaagweg iets onthou.

**ADV GOOSEN:**
Kan u onthou dat daar 'n soortgelyke - dat daar is in - deur die Suid Afrikaanse Lugmag 'n bomaanval geloods op Gabarone, Harare in Zimbabwe en ook in - in Zambië, Lusaka terselfdertyd.

**BRIG SCHOON:**
Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:
Is dit korrek dat die - dié aanval - dat dit dié aanval is wat geloods is op sterkte van die wapenopslagplek wat gevind is deur die Veiligheidspolisie destyds te Krugersdorp?
**BRIG SCHOON**:
Kommissaris ek het dit gehad dat dit die aanval in Botswana voorafgegaan het.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
'n Redelike groot inval in Botswana waar daar taamlik skade aangerig is.
**ADV GOOSEN**:
Okay **... end of Tape 4, Side A ...** ... okay goed ek sal dit nie verder vat op hierdie stadium nie. Daar is net een ander aspek Kolonel De Kock dui aan in sy getuienis dat in Julie 1985 nie lank nadat hy daar by Vlakplaas aangekom het nie, dat hy betrokke was in 'n skietvoorval met sekere PAC opgeleide persone in Johannesburg waarby mense - lede van die Brixton Moord-en-Roof betrokke was. Dra u kennis daarvan?
**BRIG SCHOON**:
Ek dra kennis daarvan Kommissaris maar bitter min.
**ADV GOOSEN**:
Ja.
**BRIG SCHOON**:
Ek weet daar was so 'n voorval gewees.
**ADV GOOSEN**:
Dit was 'n - volgens Kolonel De Kock was dit 'n voorval waar die - wat daar - wat die ammunisie wat gebruik is of - of wat hierdie PAC lede sou gebruik - dat daardie ammunisie gedokter was en as gevolg daarvan sou hulle nie in staat gewees het om die Veiligheidsmagte en die Brixton Moord-en-Roof lede te kan skiet tydens daardie aanval nie. Dra u kennis daarvan?
**BRIG SCHOON**:
Dit kon so gewees het.
**ADV GOOSEN**:
Ja, u sien Kolonel De Kock sê dat u vir hom opdrag gegee het om daardie ongebruikte ammunisie wat gedokter is te gaan - te gaan afhaal van Brixton na die voorval. Dra u kennis daarvan?
**BRIG SCHOON**:
Ek weet nie, maar as dit so is...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:
Is dit moontlik?
**BRIG SCHOON**:
Dit is moontlik ja.
**ADV GOOSEN**:
Goed dankie, **now Mr Chairperson if you'll just give me one moment, I think there was just one other matter that I wanted to deal with briefly.**
**DR BORAINE**:
That's all right.
**ADV GOOSEN**:
Net om terug te keer brigadier, die laaste aspek, dit gaan oor die basis te Oos London. Die oprig van daardie - daardie twee basisse, Oos London en Durban, sou dit met die toestemming van Veiligheidshoofkantoor geskied het?
**BRIG SCHOON**:
Ja.
**ADV GOOSEN**:
Ek aanvaar dan dat daar wel dokumentasie sou wees wat die - wat die oprig van daardie twee basisse sou - waar dit goedgekeur is?

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**BRIG SCHOON:**
Ja - daar sou geldelike verpligtinge gewees het en dit moes goedkeuring, goedgekeur word.
**ADV GOOSEN:**
En in so geval sou daar goedkeuring wees dan ook vanaf die hoof van die Veiligheidstak. So 'n persoon sou dan betrokke gewees het by die besluit om so 'n basis op te rig.
**BRIG SCHOON:**
Hy uitsluitlik sou so 'n besluit moes neem.
**ADV GOOSEN:**
Die hoof van Veiligheids...[tussenbeide]
**BRIG SCHOON:**
Die hoof van die Veiligheidstak ja.
**ADV GOOSEN:**
Ja, sou so 'n bevel ook geneem word in oorleg met die Kommissaris van Polisie?
**BRIG SCHOON:**
Ek - ek glo so.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**

Kan ek aanvaar dat u dit - u sou dit as onreëlmatig sien as sodanige persone nie betrokke is by die besluit om so 'n fasiliteit op te rig nie.

**BRIG SCHOON:**

Ja ek dink dit is vanselfsprekend dat die Kommissaris en die hoof van Veiligheid saam daaroor sou besluit.

**ADV GOOSEN:**

So die hoof van Veiligheid in die periode van 1987 deur na '89 toe, dit was Generaal Johan van der Merwe is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja - ja.

**ADV GOOSEN:**

En dan ook die Kommissaris van - van die - van polisie destyds '87 deur na '89 behoort te kan getuig oor die besluit wat geneem is om daardie twee basisse op te rig is dit reg?

**BRIG SCHOON:**

Ja - ja.

**ADV GOOSEN:**

Baie dankie.

**Mr Chairman I don't have any further questions at this stage, thank you very much. There may be some matters which we might wish to clarify with Brigadier Schoon, but perhaps we can make some other arrangement outside of these proceedings at some point in the future, thank you.**

**DR BORAINE:**

Thank you very much - I - thank you very much advocate Goosen for leading the questions. Thank you Brigadier Schoon for being with us and the Commission today.

In my own very brief concluding remarks, I would like to express our appreciation to you for amplifying and developing the initial submission you made. You yourself in your submission have mentioned that you are giving very serious consideration to applying for amnesty. During the course of questioning, you went a little further than that and indicated that you would be doing this.

That of course is your decision, no one can compel you or force you to apply for amnesty. But on the basis of your submission today, we would urge you to think very seriously about this. It is our view that if the Commission is to succeed in it's work of not only truth, but also reconciliation, and healing, then it's important for both the victims and survivors of the conflict but also the - those who were directly involved in this conflict, in command positions to avail themselves of the opportunity to take the burden of responsibility and to deal with it openly and honestly.

It is an enormous opportunity for the nation, and for individuals on all sides of the conflict to do this. We hope you will take advantage of it. We have to reserve our right, to recall you if it should become necessary. We hope it won't be necessary, but we also hope that it may be possible for an informal relationship to be established between yourself and ourselves as well.

Thank you again for your presence and for your participation in this Section 29 Hearing and I hope that you travel safely and well. Thank you very much.

**BRIG SCHOON:**

Baie dankie Kommissaris en ek wil miskien net aan die hand doen dat indien daar haakplekkies is of navrae kan u dit gerus deur prokureur Wagner aanvoer en dan ons dit vir u sommer laat kry. Indien u so voel.

**DR BORAINE**:

We - we hear what you say and that has been recorded, thank you.

**BRIG SCHOON**:

Baie dankie meneer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE